University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)

# NONNIE DE LA REY
# 1856 – 1923

deur

**ZELDA ROWAN**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAEQUE SCIENTIAE
(KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2003**

Leier : Prof. F. Pretorius
Medeleier : Dr. J.E.H. Grobler

University of Pretoria etd – Rowan, Z  (2003)

# INHOUD

VOORWOORD i

LYS VAN BYLAES ii

LYS VAN ILLUSTRASIES iii

LYS VAN AFKORTINGS v

INLEIDING 1

***HOOFSTUK 1 – KINDERJARE*** 8

1 *OUERS* 8

2 *LEWENSOMSTANDIGHEDE* 12

3 *OPVOEDING* 26

***HOOFSTUK 2 – KENNISMAKING EN HUWELIK MET J.H. DE LA REY*** 32

1 *MANANA* 33

2 *KENNISMAKING MET DE LA REY* 36

3 *HUWELIKSREËLINGS* 41

4 *BRUILOF* 43

5 *HUWELIKSLEWE* 44

***HOOFSTUK 3 – DIE JARE 1880 TOT 1899*** 52

1 *DIE EERSTE ANGLO-BOEREOORLOG, 1880 – 1881* 52

2 *FEESVIERINGE BY PAARDEKRAAL* 55

3 *DIE LAASTE JARE VAN H.A. GREEFF* 56

4 *SUZANNA MARIA GREEFF* 58

5 *ELANDSFONTEIN* 59

6 *DIE JAMESON-INVAL* 61

7 *KINDERS* 62

***HOOFSTUK 4 – DIE ANGLO-BOEREOORLOG, DEEL 1: OKTOBER 1899 – NOVEMBER 1900*** 67

*1 OORLOGSBESEF* 68

*2 AFSKEID* 69

*3 BESOEK VAN GENERAAL PIET CRONJÉ* 71

*4 ADAAN* 72

*5 BESOEK AAN DE LA REY* 74

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)


*6 KROONSTAD* 77

*7 ELANDSFONTEIN – KONFRONTASIE MET DIE BRITTE* 78

*8 VERHUIS NA DORPSHUIS* 79

*9 GENERAAL A. HUNTER* 80

*10 OMSTANDIGHEDE VERERGER* 80

*11 GENERAAL C.W.H. DOUGLAS* *81*

*12 EERSTE KONTAK MET LORD METHUEN* *84*

*13 ONWELKOM IN LICHTENBURG* 85

***HOOFSTUK 5 – DIE ANGLO-BOEREOORLOG, DEEL 2:***
***DESEMBER 1900 – MEI 1902*** 87

1 *VERBLYF* 88

2 *VOEDSEL* 90

3 *KLERASIE EN ANDER LEWENSMIDDELE* 95

4 *GODSDIENS* 99

5 *KONTAK MET DE LA REY* 100

6 *KONTAK MET ANDER BURGERS* 103

7 *ELANDSFONTEIN* 105

8 *KONTAK MET DIE BRITTE* 107

9 *LORD METHUEN GEWOND* 109

10 *KONTAK MET GEKLEURDES* 114

11 *DIE EINDE VAN DIE OORLOG* 115

***HOOFSTUK 6 – DIE JARE NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG,***
***1902 – 1923*** 118

1 *EUROPA* 119

2 *HERSTEL VAN ELANDSFONTEIN* 123

3 *UNIEWORDING (1910) EN DE LA REY SE POLITIEKE BETROKKENHEID* 125

4 *NIKLAAS (SIENER) VAN RENSBURG* 126

5 *DIE REBELLIE VAN 1914* 129

6 *DIE DOOD VAN KOOS DE LA REY* 131

7 *VRIENDSKAP MET BOTHA EN SMUTS* 132

8 *FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE* 133

9 *ANDER AKTIWITEITE* 134

10 *DOOD VAN NONNIE DE LA REY* 136

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)

***HOOFSTUK 7 – SLOTBESKOUING:***

***NONNIE DE LA REY EN DIE IDEAALBEELD VAN DIE AFRIKANERVROU*** 140

1 *DIE IDEALE AFRIKANERVROU* 140

2 *EGO-DOKUMENTE VAN NONNIE DE LA REY* 141

3 *VEREENSELWIGING MET DIE IDEAALBEELD VAN DIE AFRIKANERVROU* 145

4 *NONNIE DE LA REY AS VOLKSMOEDER* 148

***BRONNE*** 150

***OPSOMMING*** 159

***SUMMARY*** 161

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## VOORWOORD

Die voltooiing van hierdie studie was terselfdertyd 'n bevredigende en veeleisende ervaring en met groot dankbaarheid kan ek daarvan getuig dat ek op die bystand en ondersteuning van 'n aantal individue en instansies kon staatmaak.

Prof. Fransjohan Pretorius het my aanvanklik op Nonnie se spoor gesit en deur die jare van navorsing my met kundigheid en geduld gelei. Sy insette tydens die skrywe van hierdie verhandeling is van onskatbare waarde. Hy is 'n waardige mentor en besit die gawe om entoesiastiese studente te kweek. Ek is aan hom veel dank verskuldig.

Ander individue wie ek graag wil bedank, is my medeleier, Dr. J.E.H. Grobler, en Prof. J.S. Bergh (Hoof van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis) wat altyd met groot belangstelling na Nonnie se welstand verneem het. Met groot waardering verwys ek ook na Nándor Sarkady, Louis Eksteen, Alana Bailey en Nicol Stassen, wat my gehelp het met inligting en bronne wat ek op my eie nie sou kon opspoor nie, en na Jan Schaafsma vir die hulp met die vertaling van my opsomming. Deur die jare het soveel mense my in argiewe, biblioteke en museums gehelp, dat dit onmoontlik sou wees om elkeen uit te sonder. Aan almal my hartlike dank. My kollegas by *Jonathan Ball Publishers* het my veral net voor die indiening van my navorsing op allerlei wyses bygestaan en tuis het my huisgenote onverwytend ervaar hoe die Tweede Anglo-Boereoorlog steeds 'n tuiste in 'n puinhoop kan verander.

Spesiale dank en erkenning gaan aan die *National Research Foundation* asook die Universiteit van Pretoria vir finansiële hulp.

Hierdie studie word opgedra aan God, die Bron van alle skeppingskrag.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**LYS VAN BYLAES**


| | | |
|---|---|---|
| I. | Kwartierstaat van J.E. de la Rey (met vergunning van L.J. Eksteen) | 163 |

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## LYS VAN ILLUSTRASIES


| | | |
|---|---|---|
| **FIGUUR 1** | Die gesinsregister van H.A. Greeff. | 9 |
| **FIGUUR 2** | Familiefoto van die Greeff-gesin, ca. 1875. | 15 |
| **FIGUUR 3** | Die Greeff-gesin se woning op Doornfontein. | 31 |
| **FIGUUR 4** | Nonnie saam met haar twee susters, Hannie en Lenie, ca. 1875. | 31 |
| **FIGUUR 5** | Die De la Rey-gesin se huis op hul plaas Elandsfontein, voor die Anglo-Boereoorlog. | 65 |
| **FIGUUR 6** | Die De la Rey's se woning op Elandsfontein, etlike jare na die Anglo-Boereoorlog. | 65 |
| **FIGUUR 7** | Nonnie de la Rey, ca. 1890. | 66 |
| **FIGUUR 8** | Die De la Rey's se dorpshuis in Lichtenburg. | 83 |
| **FIGUUR 9** | Die spider waarmee Nonnie vanaf Desember 1900 rondgeswerf het. | 92 |
| **FIGUUR 10** | Die tent waarin Nonnie en haar kinders tydens hul swerwersbestaan geslaap het. | 92 |
| **FIGUUR 11** | Nonnie voor haar wa, ca. 1901. | 98 |
| **FIGUUR 12** | Nonnie se drie jongste kinders, ca. 1901. | 98 |

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)




| | | |
|---|---|---|
| **FIGUUR 13** | Generaal De la Rey op besoek aan sy rondswerwende gesin, ca. 1901. | 101 |
| **FIGUUR 14** | Generaal De la Rey met sy rondswerwende gesin voor hul wa, ca. 1902. | 101 |
| **FIGUUR 15** | Faksimilee van die titelblad van *The Cossack Post*. | 108 |
| **FIGUUR 16** | Lord Methuen se skimmel. | 113 |
| **FIGUUR 17** | Koos en Nonnie de la Rey met hul kinders, ca. 1902. | 117 |
| **FIGUUR 18** | Potloodskets van Nonnie deur Antoon von Welie, Londen, 6.11.1902. | 122 |
| **FIGUUR 19** | Nonnie as erevoorsitster van die Vroue-Helpmekaar, Lichtenburg, ca. 1918. | 138 |
| **FIGUUR 20** | Die grafte van Koos en Nonnie de la Rey, Lichtenburg. | 139 |
| **FIGUUR 21** | Inskripsie op Nonnie se grafsteen. | 139 |

University of Pretoria etd – Rowan, Z  (2003)



## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| KG | Kommandant-Generaal |
| LM | Lichtenburg Museum |
| NGKA | Nederduits Gereformeerde Kerkargief |
| NHKA | Nederduitsch Hervormde Kerkargief |
| TA | Transvaalse Argiefbewaarplek |
| TPM | Transvaalse Provinsiale Museumdiens |
| WSRO | Wiltshire and Swindon Record Office |

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## INLEIDING

---

Met hierdie verhandeling oor die lewe van Jacoba Elizabeth (Nonnie) de la Rey (1856-1923) word daar gehoop om 'n bydrae tot die bestudering van die rol van die vrou in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te lewer. Geen omvattende werk van hierdie aard is al oor die lewe van Nonnie de la Rey, vrou van generaal J.H. (Koos) de la Rey, gedoen nie ten spyte daarvan dat daar so 'n groot leemte oor dié onderwerp bestaan.

Vir Nonnie de la Rey was die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) 'n belangrike ervaring. Die oorlog was nie net 'n stryd tussen Boer en Brit nie, maar het die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap, oor die grense van ras en geslag heen, geraak. Vanweë die aard van die oorlogvoering, met verwysing na die verskroeideaardebeleid en die instelling van die konsentrasiekampe in 1900, is die Boerevrou en haar tradisioneel vroulike sfeer, naamlik haar woning en plaaswerf, by die oorlog betrek en in gedrang gebring. Die vrou se rol is reeds tydens die oorlog ingesien en reeds tussen 1902 en 1914 is sy "erken" deur byvoorbeeld die stigting van verskeie vroue-organisasies, die oprigting van die Vrouemonument te Bloemfontein en die bevordering van 'n "moedertaal".[1] Die Kaapse historikus, Helen Bradford, is van mening: "The Anglo-Boer war was the single most significant event fuelling not merely modern Afrikaner nationalism, but a regendered Afrikaner nationalism, transferring its weight from its (weak) male to its (strong) female leg."[2]

'n Honderd jaar later en dieselfde vroue is weer tot 'n stryd betrek. Hierdie keer gaan dit om hul plek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Met die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog, is die rol van die

---

[1] H. Bradford, Regendering Afrikanerdom: The 1899-1902 Anglo-Boer War, *in* I. Blom (eds) *et al.*, *Gendered nations: Nationalisms and gender order in the long nineteenth century*, p.207.
[2] *Ibid.*

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



vrou op die voorgrond gebring.[3] In geskiedenis as dissipline is daar dikwels geneig om op die politieke en militêre aspekte van die verlede te konsentreer. Die vrou, wat só dikwels nie op bogenoemde terreine gefigureer het nie, se rol en bydrae tot die verlede is maklik as minderwaardig gesien en genegeer. In kultuurgeskiedenis as vak, rus die fokus meer op die alledaagse ervarings en 'n verlede verteenwoordigend van die gemeenskap as geheel, vrouens en kinders ingesluit. Met moderne historici se bewuswording van die vrou se rol in die geskiedenis, mag dit tot gevolg hê dat bogenoemde twee dissiplines steeds nader aan mekaar beweeg om sodoende die vrou haar regmatige plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te gun. Die vrou wat die Anglo-Boereoorlog meegemaak het, sal dus die vrou wees wat hierdie stryd namens die hele vroulike geslag gewen het en hopelik sal dit tot gevolg hê die verdere insluiting van ander vroue van diverse groepe in ander aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Hoewel die publikasie van F. Pretorius se ***Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902***, wat oorspronklik in 1988 as 'n D.Litt. et Phil.-proefskrif aan UNISA voltooi en in 1991 gepubliseer is, uit die oogpunt van die Boere op kommando geskryf is, bevat dit ook 'n belangrike hoofstuk wat lig op die vrou se ervaring van die oorlog werp.[4] Ander publikasies wat in geheel handel oor die vrou tydens die Anglo-Boereoorlog, is: P. Marais, ***Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*** (Pretoria, 1999) en A.W.G. Raath, ***Die Boerevrou, 1899-1902*** (Nylstroom, 2002).

Navorsing oor die rol van die vrou in die Anglo-Boereoorlog, is M.E. van der Merwe, ***Johanna Brandt in die kritieke jare in Transvaal, 1899-1908***, M.A.-verhandeling, UP, 1989 asook J. Streutker, ***Hendrina Susanna Johanna Joubert (1830-1916)***, M.A.-verhandeling, UNISA, 1991. E. Truter se

---

[3] H.Bradford, Gentlemen and Boers: Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South-African War, *in* G. Cuthbertson (eds) *et al.*, *Writing a wider war: rethinking gender, race and identity in the South African War, 1899-1902*, p.37.

[4] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp.323-347.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



boek, *Tibbie: Rachel Isabella Steyn 1865-1955*, Kaapstad, 1997, is 'n verwerking van haar magister-verhandeling en doktorale proefskrif by UNISA. In bogenoemde biografieë word die belewing van die oorlog ingesluit, maar dit is belangrik om daarop te let dat hierdie stukke oor meer as net die oorlog handel. Hul lewens vóór en ná die oorlog was ook van historiese waarde en word gevolglik hierby ingesluit. Dieselfde geld vir Nonnie de la Rey se biografie: haar ervarings tydens die oorlog is belangrik, maar dit is nie al wat sy in haar lewe beleef het nie. 'n Geheelbeeld van haar lewe van 1856 tot 1923 word geskets. Die vrou se geskiedenis behoort dus nie net binne die tydsraam van die Anglo-Boereoorlog gestalte te kry nie.

Nonnie de la Rey het in haar lewe nie net bekendheid verwerf omdat sy die eggenote van die gesiene generaal Koos de la Rey was nie, maar ook vir haar besondere deursettingsvermoë tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog(1899-1902). Vanaf Desember 1900 tot die einde van die oorlog in Mei 1902 het sy en haar kinders van plek tot plek geswerf.

Net soos vele ander vroue het Nonnie verkies om liewer in die veld te woon as om na 'n konsentrasiekamp gestuur te word. Die kans op oorlewing in 'n konsentrasiekamp was nie so goed as in die veld nie. Heelwat beproewinge moes egter deurstaan word en omstandighede was nie altyd gunstig nie. Na aanleiding van al haar ervaringe is Nonnie se herinneringskrif: *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog* in 1903 in Amsterdam gepubliseer. Kort daarna, steeds in 1903, is die Engelse weergawe, *A woman's wanderings and trials during the Anglo-Boer war*, 'n vertaling deur Lucy Hotz, in Londen, uitgegee. Die waardevolle inligting in hierdie bron dien as 'n motivering vir die studie van die wedervaringe van Nonnie de la Rey.

Alhoewel die agtien maande waartydens Nonnie rondgeswerf het seker die belangrikste fase in haar lewe was, het sy heelwat ander ervarings

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



beleef wat sy in 'n ander ongepubliseerde herinneringskrif aangeteken het. Hierdie herinneringskrif word in die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria, onder die De la Rey-versameling gehuisves. J. Meintjes se boek, *De la Rey – Lion of the West*. (Johannesburg, 1966), bevat ook heelwat inligting oor haar lewe (alhoewel dit in wese 'n biografie oor haar eggenoot is) en is 'n bron van noemenswaardige belang. Met behulp van hierdie bronne asook ander primêre en sekondêre bronne word daar beoog om die geheelbeeld van die lewe van Nonnie de la Rey te rekonstrueer.

In die eerste hoofstuk word daar gekyk na haar kinderjare. Biografiese gegewens van haar ouers asook 'n kwartierstaat van haar genealogiese inligting word verskaf. Nonnie de la Rey se kinderdae word reeds gekenmerk deur faktore wat onmiskenbare eienskappe in haar gevorm het. Hierdie faktore het ook verder bygedra tot die vorming van 'n lewensopvatting met 'n definitiewe raamwerk waarbinne sy as Boerevrou gepas het. Haar lewensomstandighede asook opvoeding het hierin 'n groot rol gespeel.

In hoofstuk twee word daar aangetoon hoe Nonnie de la Rey deur die patriargale denkpatroon van haar tyd beïnvloed is, want sy beeld haarself in haar eie herinneringskrif in verhouding tot die mans in haar lewe uit. Daar moet egter hier genoem word dat sy ook verwys na haar moeder en susters en dogters, maar die tema van haar verwantskap tot die mans in haar lewe is baie meer prominent. Sy betree nou die tydsvak waar sy die man van haar lewe ontmoet, 'n man in wie se lewe hare sin kan kry. Voorts lê haar primêre rol en verantwoordelikheid by hul gemeenskaplike belange en by die instandhouding van haar eie sfeer, naamlik die huishouding en sekere take op die plaas. Dit is dus opvallend hoe haar rol van dogter en suster nou aangevul en in 'n sekere mate oorgeneem is deur haar nuwe rol as getroude vrou.

Daar word in hoofstuk twee geskryf oor haar lewe as jong dogter op haar ouers se plaas Manana, naby Lichtenburg, haar kennismaking met J.H. de la Rey, die huweliksreëlings, hul bruilof op 24 Oktober 1876 en die begin van hul huwelikslewe.

Die tydperk van 1880 tot 1899, wat vervat word in hoofstuk drie, bestaan uit 'n kaleidoskoop van gebeurtenisse in Nonnie se lewe. Die Eerste Anglo-Boereoorlog met al die uitdagings en veranderende omstandighede wat daarmee gepaard gegaan het, die uitbreiding van hul gesin, die verlies van beide Nonnie de la Rey se vader en moeder, asook die verhuising na Elandsfontein, het binne die geslagsrolverdeling van hierdie tyd die gevolg gehad dat sy al hoe meer verantwoordelikhede op haar skouers moes neem. Die tradisionele rolvertolking van eggenote, moeder en dogter het duidelik in hierdie lewensfase die kern van haar singewing gevorm en haar diepgewortelde geslagspersepsies kom duidelik in haar vertellings na vore. Verder kan gelet word op die feit dat die grense van die tipiese vroulike sfeer, naamlik tuiste en huishouding, in haar geval noodgedwonge uitgebrei het na die handhawing van die boerdery en die bestuur van die plaaswerkers.

Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899, het 'n tydperk van lyding en ontwrigting aangebreek. Die Boerevroue in besonder het genoegsame rede gehad om die oorlog as 'n bittere skeidsmuur tussen hulle en hul geliefdes te ervaar. Vol durf moes hulle die onsekerheid van elke dag oorkom en terselfdertyd die verantwoordelikhede wat onder normale omstandighede aan mans toegeskryf is, op hul skouers dra. Noue kontak met die dood, materiële verlies en fisiese ongemak was elemente waarmee alle vroue geworstel het, hetsy hulle op hul plase, in konsentrasiekampe of in die veld gewoon het. Omstandighede was moeilik tydens beide die stellingkrygsfase en die guerrillafase van die oorlog.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Nonnie de la Rey was 'n vrou wat van geeneen van bogenoemde elemente gevrywaar was nie. In haar stryd om oorlewing het sy 'n helderoem verwerf. Die Anglo-Boereoorlog kan in haar lewe in twee fases verdeel word, naamlik die fase waartydens sy te Lichtenburg woonagtig was (Oktober 1899 tot November 1900) en daarna die fase wat gekenmerk word as haar swerwersjare (Desember 1900 tot Mei 1902). Om orde en logiese redenasie te handhaaf, word hierdie twee tydperke in twee afsonderlike hoofstukke, hoofstukke vier en vyf, bespreek.

Tydens die herdenking van die Tweede Anglo-Boereoorlog vanaf 1999, het verskeie nuwe publikasies verskyn waarin daar beklemtoon is dat die oorlog nie slegs tussen Boer en Brit plaasgevind het nie, maar dat alle groepe van die samelewing daardeur geraak en selfs daarby betrokke was. Hierdie bewering kan ook gestaaf word uit Nonnie de la Rey se ervaring van die oorlog, haar interaksie met ander Suid-Afrikaners van ander bevolkingsgroepe, haar interaksie met die kommando's asook met die Britse magte. Veral haar kontak met lord Methuen en hul latere vriendskap gee diepere insig oor die opvattings oor oorlog en die verhouding tussen Boer en Brit. Van groot waarde was 'n aantal primêre dokumente wat in die Wiltshire and Swindon Records Office, Trowbridge, Verenigde Koninkryk, geraadpleeg is.

Hoofstuk ses handel oor Nonnie de la Rey se lewensjare na die oorlog van 1902 tot 1923, insluitende die amptelike reis na Europa wat sy saam met haar man en generaals Christiaan de Wet en Louis Botha onderneem het, die herstel van Elandsfontein, Uniewording (1910) en Koos de la Rey se politieke betrokkenheid, die Rebellie van 1914 en die dood van Koos de la Rey. Nonnie was tydens haar laaste jare baie betrokke by verskeie organisasies. Sy was 'n gesiene vrou in haar gemeenskap en die dinamiek en oorsake hiervan word in hierdie hoofstuk aangeraak.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



In die slothoofstuk, hoofstuk sewe, word daar ondersoek ingestel na Nonnie de la Rey se identifisering met die ideaalbeeld van die Afrikanervrou wat veral sterk na vore gekom het in publikasies in die vroeë twintigste eeu, soos byvoorbeeld E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk.* s.l., s.a. [ca.1917] en W. Postma, *Die Boervrouw: moeder van haar volk*, Bloemfontein, 1918, asook haar invloed wat sy deur die skrywe van haar eie gepubliseerde en ongepubliseerde herinneringskrifte op die versterking van hierdie ideaalbeeld gehad het. Die invloed en rol van die Boerevrou in die laat negentiende eeu en vroeë twintigste eeu word ook ondersoek.

'n Probleem met die benaming van J.E. (Nonnie) de la Rey het ontstaan, omdat sy as vrou op agtienjarige leeftyd haar van *Greeff* verruil het vir dié van *De la Rey*. Nie een van die twee vanne kon dus konsekwent in verwysing na haar gebruik word nie. Daar is dus op haar noemnaam *Nonnie* besluit, alhoewel daar gepoog is om van onnodige familiariteit weg te skram.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



# I. KINDERJARE

Op 28 Mei 1856 is daar vir Hendrik Adriaan Greeff en Suzanna Maria (gebore Redelinghuys) 'n eersteling op Tulbagh gebore. Jacoba Elizabeth – of Nonnie, soos sy van kleins af bekend sou staan - is gedoop in die Paarl deur ds. G.W.A. van der Lingen.[1] Haar kinderdae word reeds gekenmerk deur faktore wat onmiskenbare eienskappe in haar gevorm het. Hierdie faktore het ook verder bygedra tot die vorming van 'n lewensopvatting met 'n definitiewe raamwerk waarbinne sy as Boerevrou gepas het.

## 1 *OUERS*

Nonnie se vader, Hendrik Adriaan Greeff, is op 29 Januarie 1828 op die plaas Lichtenburg, in die latere distrik Durbanville in die Kaapkolonie gebore.[2] Hierna het die Greeff-gesin verhuis na Wynberg waar Hendrik Adriaan 'n basiese opvoeding ontvang het. Op agtienjarige ouderdom het hy sy ouerhuis vol geloof en verwagting verlaat om sodoende sy eie toekoms uit te werk. Aanvanklik het hy by 'n befaamde wamaker van Worcester, Piet de Vos, aangeklop om werk. Hier het Hendrik Adriaan die ambag van wamakery bemeester wat hom in die jare wat sou volg, baie handig te staan sou kom. Avontuurlus en 'n onkeerbare hunkering na die vreemde het hom laat besluit om noordwaarts te trek. De Vos het aanvanklik met teleurstelling van Greeff se planne verneem, maar het tog begrip vir hierdie jong man se drome getoon en hom 'n afskeidsgeskenk van £25 in die hand gestop.[3] Hiermee het Greeff ongeveer die jaar 1848 vol vasberadenheid na die binneland vertrek.[4]

---

[1] Lichtenburg Museum, Lichtenburg (hierna LM): 07/1789, Gesinsregister: H.A. Greeff, ca. 1884; A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.212.
[2] LM: 07/801, p.1: K. Greeff, Stories uit die ou dae, November 1973.
[3] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.5.
[4] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.12; A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff I, *Die Noordwester*, 1977.04.15, p.17.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 1 (sien dokument genaamd "illustrasies")

By die Vaalrivier gekom, het Greeff vertoef om met die hulp van 'n paar helpers 'n pont te bou. Vroeër moes die trekkers op die rivieroewer wag vir die watervlak om te daal voordat hulle die rivier kon oorsteek. Greeff het eensklaps 'n florerende besigheid gehad. Toe hy 'n aanbod van £400 vir die pont kry, het hy sonder versuim verkoop.[5] Met osse en 'n wa vol handelsware het hy, na waar die wild volop was, getrek. In die omgewing van die teenswoordige Zeerust is hy egter beroof en het met slegs sy perd en £25 in sy sak na die Kaapkolonie teruggekeer.[6] Sy avontuurlus en hunkering na die vreemde en wilde binneland het nie lank geneem om hom weer te oorweldig nie. Terwyl hy noord van die Grootrivier rondgetrek het, het hy kennis gemaak met 'n trekboer genaamd Jan Redelinghuys en sy gesin.[7] Die jong Suzanna Maria Redelinghuys, gebore 6 Januarie 1839, het 'n besondere indruk op Hendrik Adriaan gemaak en op 16 Julie 1855 is hulle te Hopetown deur ds. J Murray in die huwelik bevestig.[8]

Omdat Suzanna Maria se vader 'n trekboer was, was sy reeds gewoond aan die lewenstyl wat Hendrik Adriaan se rusteloosheid en avontuurlus van hom vereis het. Sy het geweet hoe om 'n tuiste in 'n wa te skep en gevaar het haar lewenslus geensins gedemp nie. Die egpaar het 'n onwrikbare geloof in God gedeel wat hulle in die moeilikste omstandighede van lewenskrag en deursettingsvermoë voorsien het.

'n Kleindogter van die Greeffs, Gretha du Preez, beskryf Suzanna Maria Greeff soos volg: "Wat moed en dapperheid betref, was sy altyd klaar om by hom te staan in al sy ondernemings, sy steun en krag, 'n ware metgesellin, Voortrekkervrou en moeder".[9] Daar word verkeerdelik na

---

[5] G. du Preez, ***Kommandant H.A. Greeff***, p.5; LM: 07/801, p.1: K. Greeff, Stories uit die ou dae, November 1973.
[6] G. du Preez, ***Kommandant H.A. Greeff***, pp.6-7; LM: 07/801, p.1: K. Greeff, Stories uit die ou dae, November 1973.
[7] Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (hierna TA): A 313, J.H. de la Rey-versameling, 16, p.1: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[8] LM: 07/1789, Gesinsregister: H.A. Greeff, ca. 1884; J. Meintjes, ***De la Rey – Lion of the West***, p.13.
[9] G. du Preez, ***Kommandant H.A. Greeff***, p.7.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



haar as Voortrekkervrou verwys, want hulle het nie die Groot Trek meegemaak nie, maar hulle het wel, net soos die Voortrekkers, 'n pionierslewe gelei en was dikwels op trek. Dit kom dus voor of Nonnie se moeder haar rol as vrou volgens die vereistes van 'n patriargale gemeenskap vertolk het. Die Boerehuisgesin was 'n hegte gesagsgemeenskap, waar die vrou onder die gesag van haar man gestaan, hom ondersteun en gehelp het.[10] Die feit dat Nonnie se moeder self ook handel gedryf het en eiendom besit het,[11] het nooit afbreuk gedoen aan haar voorbeeld van wat gesien was as 'n tipese Boerevrou nie. Die Bybelse beskrywing van die "deugsame vrou" in Spreuke 31, is tot die letter gevolg. Eienskappe soos moed en dapperheid, onderdanigheid aan haar man en 'n mate van self-opoffering ter wille van eggenoot en gesin[12], is as elemente van 'n nastreefbare model van die "ware" Afrikanervrou by haar dogter, Nonnie ingeboesem.

Nie net die voorbeeld wat Nonnie se moeder aan haar gestel het nie, maar ook dié van haar vader, het 'n onmiskenbare invloed op haar lewe gehad. Die Boerepatriarg het 'n regstreekse gesag oor sy dogter gevoer en Greeff was uit die aard van die saak die model waarop sy haar begrip van wat eg manlik was, geskoei het. Sy was, in pas met die gebruike van die dag, [13] vir haar gedrag aan hom verantwoording verskuldig terwyl hy 'n wakende oog oor haar lewenswandel gehou het.

Godsdiens het in die pionierslewe 'n groot rol gespeel en in die geslote landelikheid en isolasie op reistogte, was dit die vernaamste rigsnoer van die Boeregesin. Opvattings oor die huwelik het grootliks uit die godsdienstige benadering van die Boer gespruit en die huwelik is as heilige en goddelike instelling beskou. Die liefdesverhouding, interaksie en wedersydse respek tussen haar ouers, was Nonnie se verwysingsraamwerk

[10] P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, pp.155-156.
[11] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.2.
[12] P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, pp.155-157.
[13] *Ibid.*, p.155.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



vir wat reg en goed tussen man en vrou was en die huisgesin was die godsdienstige gemeenskap waarbinne die Calvinistiese geloof in stand gehou en uitgelewe kon word. [14]

## 2 *LEWENSOMSTANDIGHEDE*

'n Paar maande na hul huwelik, het die egpaar Greeff suidwaarts per ossewa gereis om by hul vriende en familie in die omgewing van Tulbagh besoek af te lê.[15] Terwyl hulle by 'n oom van Suzanna Maria, Stefanus du Toit van Tulbagh aan huis was, is Nonnie gebore.[16]

Sy was skaars drie maande oud toe haar ouers 'n tog na Grootrivier, die Vrystaat en Griekwaland, waarskynlik in die omgewing van Philippolis, onderneem het. Sodoende is sy alreeds voordat sy kon onthou, blootgestel aan die ontberings wat met die lewe in die veld gepaard gegaan het.[17] Na 'n moeisame noordwaartse tog, het hulle Wes-Transvaal bereik.

In Potchefstroom het Nonnie dodelik siek geword. 'n Geneesheer moes so gou moontlik ontbied word, maar die eerste beskikbare dokter was bekend vir sy alkoholiese neigings. Greeff wou om die dood nie toesien hoe 'n dronklap sy kind ondersoek nie. Hy het besluit om die dokter vroeg die volgende oggend uit die vere te gaan jaag, sodat hy hom nog in 'n respektabele toestand sou kon ontbied. Die hele plan het egter skeefgeloop toe die geneesheer keer op keer moes halt vir 'n sopie. Greeff se ongeduld het die oorhand gekry en hy het die dokter maar laat gaan. Die soektog na 'n arts het nou opnuut begin. Kort voor lank het hy 'n Hollandse arts, met die van Poortman, opgespoor wat nie geaarsel het om die siek Nonnie te ondersoek nie. Die diagnose was inflammasie van

---

[14] P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, p.159.
[15] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.212.
[16] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.10.
[17] TA: A 313, 16, p.2.: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



die maag. Nadat die bekwame (en nugter) geneesheer haar behandel het, het sy ten volle genees.[18]

Die Greeffs het teen 1857 verder getrek na Marico waar hulle vir 'n ruk vertoef het. Dit was ook hier waar Greeff die twee plase, Elandsfontein en Doornfontein onderskeidelik, van die twee here, A.J. de Villiers en Pieter Frederik Peach, gekoop het. [19] Daar kan verskeie redes wees waarom Greeff besluit het dat die tyd vir hom en sy gesin aangebreek het om hulle in dié geweste te vestig. Die skrywer Johannes Meintjes is van mening dat sy vrou, met haar sterk persoonlikheid, hom oorreed het om die trekkery vir 'n tydperk op die agtergrond te skuif.[20] Die probleme wat hulle byvoorbeeld ervaar het om 'n betroubare geneesheer op te spoor toe Nonnie siek geword het, kon 'n verdere rol gespeel het in die besluitneming. Dit is egter van groot belang om te let op die feit dat Greeff glad nie sy avontuurlus laat vaar het toe hy besluit het om op Elandsfontein te gaan woon nie. Wild was volop, veral gevaarlike wild soos leeus, hiënas, olifante en renosters. Die gebied was ook grootliks onbewoon.[21] Uitdagings het dus voor hom gelê en dit was 'n nuwe geleentheid om homself te bewys. Greeff se geesdrif het opgevlam en so het hy en sy gesin, bestaande uit sy vrou, die driejarige Nonnie en tweejarige Lenie in 1859, na Elandsfontein getrek.[22]

Die omstandighede waaronder hulle getrek het, was nie altyd besonder gunstig nie. Greeff was nie bekend met die omgewing nie, leeus was meer volop as wat hy verwag het en dan was daar ook 'n probleem met die beskikbaarheid van water. Veral weens die droogte, was hy nie seker waar daar water te vinde was nie. Vir dae het hulle getrek sonder om water teë te kom. Omdraai was buite die kwessie en gevolglik was die

---

[18]TA: A 313, 16, pp.4-5: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[19] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff II, *Die Noordwester*, 1977.04.22, p.11.
[20] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.14.
[21] TA: A 313, 16, pp.5-6: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915
[22] *Ibid., p.6.*

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



enigste oplossing om vol hoop vorentoe te trek met die geloof dat hulle êrens water sou vind. Die situasie het bykans hopeloos geraak: daar was geen water om koffie mee te maak nie ('n toestand wat vir 'n Boer naby aan 'n traumatiese ervaring lê) en daar kon slegs soggens en laat middag getrek word, omdat die diere nie met so 'n groot dors die waens in die bloedige son kon trek nie. Moontlik die ergste van alles was toe Nonnie en haar sussie begin huil en sanik het om water.[23] "Wy groten mensen konden het nog uithouden in den hoop om toch morgen water te krygen, maar die kleinen konden het niet verstaan en bleven om water vragen en huilen", merk Greeff op oor die situasie.[24]

Die enigste oplossing was volgens Greeff om ernstig in gebed tot God te keer, dat Hy hulle genadiglik uitkoms sou gee in hul nood. Greeff het beloof dat, indien dit so sou geskied en die reis verder voorspoedig sou afloop, hy God op presies dieselfde plek sou kom bedank en loof op die dag wat hy vyftig jaar oud sou word. Volgens Greeff het die volgende geskied:

> Ik stond op myn knieen en het was of iemand aan my zeide 'Ga en kyk daar in den stam dien boom, in die holte zult gy water vinden'. Eerst dacht ik .. ach neen, hoe kan in een boomstam water wezen; maar een tweede gedachte kwam in my. 'Gy hebt den Heer zoo hartelik gebeden om water, en Hem zo 'n plechtige belofte gedaan, ga en kyk, daar is water'. Ik ging naar den boom en zag dat hy oorspronkelyk twee stammen had, maar omtrent vier voet van den grond waren de stammen ineen gegroeid op zulk eene wyze dat er een holte in was en waarlik in die holte was water … Ik haalde myn hoed af en zeide 'Dank u hartelik Heere voor die genadige verhooring van stamelde bede'. Aan myne vrou ging ik zeggen, daar in dien boomstam is water. Een emmer en beker nemende, schepte ik bykans den emmer vol heerlik water er uit. De kindertjies dronken tot versadiging toe en wy grote mensen ook.[25]

---

[23] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.14; LM: 07/801, p.2: K. Greeff, Stories uit die ou dae, November 1973.
[24] LM: 07/1115, p.2: Mededeling van ds. J.C. de Vries, s.a.
[25] LM: 07/1115, p.2: Mededeling van ds. J.C. de Vries, s.a.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 2 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Greeff het in 1878 sy gelofte nagekom toe hy en 'n groot aantal familielede en vriende by die witstinkhoutboom vergader het.[26] Hy het sy leraar ook uitgenooi om teenwoordig te wees. "Vyf-en-veertig mylen te gaan ryden over een pad wat destyds beter was voor bavianen dan voor mensen; en dat om een verjaardag te gaan vieren. Ik liet den broeder ouderling verstaan dat zulks aan't bespottelyke zou grensen", verhaal ds. J.C. de Vries.[27] Nadat Greeff op bedaarde wyse aan hom verduidelik het dat die geleentheid meer as net 'n blote verjaardagviering was, het hy gretig ingestem om nie net teenwoordig te wees nie, maar ook te preek. Die boodskap was uit Genesis 32:10. Volgens ds. De Vries was die roerendste oomblik dit wat die boodskap voorafgegaan het toe almal neergekniel het en Greeff sy gelofte aan die Here betaal het.[28] Die res van die dag was verder met allerlei ander geestelike aktiwiteite deurgebring wat tot versterking van al die teenwoordiges se geloof gedien het.

Nonnie was teenwoordig op die dag van kennelike gebedsverhoring asook die dag waarop Greeff sy gelofte gestand gedoen het.[29] Die indruk wat die twee onderskeie dae op haar gemaak het, het duidelik geword toe sy op 28 Mei 1906 vyftig jaar oud geword het. Net soos haar vader, het sy ook in die teenwoordigheid van familielede en vriende haar dank en toewyding aan die Here by die witstinkhoutboom gaan betoon.[30]

Dit is belangrik om hier te merk dat sy haarself nie as vrou op geestelike vlak minderwaardig geag het nie. Sy het by haar vader geleer om op 'n persoonlike God te vertrou Wat in haar en haar familie se alledaagse behoeftes voorsien het. Vir hierdie persoonlike God was haar danksegging en toewyding net so behaaglik as dié van 'n man soos haar

---

[26] A.d. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff III, *Die Noordwester*, 1977.04.29, p.15.
[27] LM: 07/1115, p.1: Mededeling van ds. J.C. de Vries, s.a.
[28] *Ibid*., p.3.
[29] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff IV, *Die Noordwester*, 1977.05.06, p.15.
[30] LM: 07/801, p.7: K. Greeff, Stories uit die ou dae, November 1973.

aardse vader. Verskeie nasate het daarna ook met hul vyftigste verjaarsdae dieselfde voorbeeld gevolg. So het Polly de la Rey (Nonnie se dogter) op 19 Februarie 1937 familie en vriende na die "boom van gelofte" uitgenooi.[31]

Na die besielende gebedsverhoring het die Greeffs veilig op Elandsfontein aangekom. Die omstandighede was van so 'n aard dat Nonnie se moeder geweier het om in 'n tent te woon. Snags kon die gebrul van leeus duidelik gehoor word en boonop was die hitte gedurende die dag onuithoudbaar. Te dien einde het Greeff sonder versuim 'n tydelike riethuis opgerig wat sou dien as die Greeffs se woning.[32] Die huisie was maar baie klein, bestaande uit slegs een groot vertrek wat met 'n gordyn in twee gedeel was. Aan die een kant is daar gekook en geëet terwyl die anderkant gedien het as slaapkamer.[33] 'n Voor is ook vanaf die fontein tot die landerye aangelê. Dit wou voorkom of die Greeffs einde ten laaste van plan was om op 'n plaas te woon. Die gevestigde lewenswyse het egter slegs enkele jare gehou.

Greeff kon net nie daarin slaag om vir lank op 'n enkele plek te bly nie. Die jaglus het hom weer oorkom en die Greeffs het begin gereedmaak vir 'n jagtog. Meintjes merk tereg op dat dit wil voorkom of Greeff se vrou min besware gehad het teen die tog – afgesien van die feit dat Nonnie en haar susters nog bra klein was.[34] Soos dit 'n goeie vrou van haar tyd betaam[35], het sy haar man na die beste van haar vermoë onderskraag. Die jagtog sou ses maande duur. Daarvoor het Greeff 'n wa bekom en dit belaai met allerlei benodighede.

---

[31] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff IV, *Die Noordwester*, 1977.05.06, p.15.
[32] TA: A 313, 16, pp.7-8: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[33] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.21.
[34] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.15.
[35] P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, p.156.

Die wa is so gerieflik moontlik ingerig met 'n katel en 'n klein tafeltjie waarop die Bybel en ander geestelike boeke gelê het.[36] Nonnie het moontlik haar moeder bygestaan in die pakproses en het dus so 'n deeglike kennis opgedoen van hoe 'n wa vir so 'n reistog gepak behoort te word. Dit was onprakties om elke keer wanneer daar uitgespan word, 'n grashut op te rig. Gevolglik het die gesin dan in 'n tent gewoon. Die voering van die tent was van 'n materiaal wat prente van voëls gehad het.[37] Die swartes in die omgewing was telkens so beïndruk met die mooi voering dat hulle elke keer wanneer die tent opgeslaan is, wou inloer om die voering te besigtig – tot die ergernis van Nonnie se moeder. Uit Nonnie se oogpunt was daar niks aan te doen nie en was dit bloot 'n vorm van ongerief waarmee hulle hulle moes versoen.[38]

Omdat Nonnie 'n kind was, kon sy later nie veel meer onthou van ander aktiwiteite wat buite haar kinderlike sfeer geval het nie. Wat wel 'n blywende indruk op haar gemaak het, was die paniek wat sy ervaar het toe sy en haar moeder tydens 'n wandeling in die veld verdwaal het. Met die hulp van 'n boer genaamd Danie Botha het hulle weer hul pad gevind.[39]

Terug op Elandsfontein het Nonnie se oupa, Jan Redelinghuys, asook ander familielede, teen ongeveer 1865 by hulle kom woon.[40] Die huisie op Elandsfontein het teen dié tyd te klein geword. In plaas daarvan om vergrotings aan te bring, het Greeff en sy gesin na Doornfontein verhuis.[41] Daar was nog geen woning opgerig nie en gevolglik het hy dadelik aan die werk gespring om 'n huis te bou. Nonnie beskryf in fyn besonderhede

---

[36] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.10.
[37] Meintjes beweer die tent was uitgevoer met volstruisvere. Mev. De la Rey se herinneringskrif verwys egter na prente van voëls. Vergelyk: TA: A 313, 16, p.8: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; en J. Meintjes, *De la Rey –Lion of the West*, p.15.
[38] TA: A 313, 16, p.8: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[39] TA; A 313, 16, p.9: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.15; TA.
[40] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.15.
[41] TA: A 313, 16, pp.9-10: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



hoe te werk gegaan is om die kleihuis te bou.[42] Hieruit blyk dit duidelik dat haar kennis in verband met woningbou van so 'n aard en omvang was dat sy self in staat sou wees om 'n woning op te rig indien omstandighede dit sou vereis. Net soos op Elandsfontein gedoen is, het Greeff ook 'n voor aangelê om die water na die landerye te lei. Die klipveld het egter die taak aansienlik bemoeilik veral omdat hulle geen dinamiet tot hul beskikking gehad het nie. Die leeus was ook hier 'n probleem, omdat hulle in die hoë en digbegroeide riete geskuil het.[43] Die moeilike omstandighede het Greeff glad nie afgeskrik nie, maar veel eerder aangespoor om bo enige hindernisse uit te styg.

Die jaar 1867 het aangebreek en weereens het die Greeff-gesin voorbereidings getref vir 'n ooswaartse jagtog.[44] Die boerdery is in 'n betroubare persoon se hande gelaat en die tog is vol optimisme aangepak. Die Greeffs het egter skaars begin met hul reistog toe die elfjarige Nonnie weer siek geword het. Weer het sy gely aan maagkoors. 'n Ander groep reisigers wat hulle oppad teëgekom het, het 'n geneesheer in hulle midde gehad. Hy het alles in sy vermoë gedoen om Nonnie se koors te breek. Intussen het sy swakker geword en moes in die wa bly. Die ongerief wat sy moes verduur, het haar beslis nie beter laat voel nie. Terwyl sy in die wa gelê het, het sy gehoor hoe haar moeder aan haar vader meedeel dat sy van plan was om Nonnie die volgende oggend met 'n vomitief te behandel. Nonnie vertel: "…ik dacht by my zelven dan zal ik het maar bitter kryg en de vroegen morgen en heef dien nacht erg rusteloos doorgemaakt". Toe die oggend einde ten laas aangebreek het, moes Nonnie haar lot braaf in die gesig staar. Haar moeder het die braakmiddel met sorg voorberei en Nonnie moes dit afwurg. Dit het egter nie lank geduur voordat die geneesmiddel begin werk het nie en kort voor lank was Nonnie gesond. Die geneesheer was beïndruk met Nonnie

---

[42] TA: A 313, 16, pp.10-11: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[43] *Ibid.*, p.11.
[44] *Ibid.*, p.11.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



se spoedige herstel en kon so by 'n pioniersvrou leer hoe om maagkoors effektief te behandel.[45]

'n Ander geleentheid waarby Nonnie se moeder se kennis van basiese geneesmiddels tot welkome toepassing gekom het, was toe bykans almal op die jagtog giftige veldvrugte geëet het. Die ervaring was so onvergeetlik dat beide Nonnie en haar suster Lenie dit in hulle onderskeie herinneringskrifte aangeteken het.[46] Hendrik van Zyl, wat deel van die geselskap uitgemaak het, het met Greeff beurte gemaak om elke tweede dag vooruit te ry om water te gaan soek. Op 'n dag het hy teruggekeer van so 'n soektog met heerlike veldvrugte wat hy aan die Greeff-gesin uitgedeel het.[47] Omdat die volgende dag 'n Sondag was, wou Greeff nie graag gereis het nie. Die diere was egter al só dors dat hy na 'n ruk wel ingestem het.[48] Omtrent drie-uur die Sondagmiddag het hulle by die plek aangekom waar Van Zyl die veldvrugte gepluk het. Al die waens het tot stilstand gekom terwyl almal vrugte geëet het en nog meer padkos gepluk het. Selfs die honde het gretig daarvan gevreet.[49] Die pit van die betrokke vrug het baie ooreengestem met dié van 'n appelkoos. Nonnie kon duidelik onthou hoe haar suster, Lenie, opgemerk het dat die pit ook heerlik gesmaak het.[50] Nadat almal versadig was aan die vrugte, is die reis voortgesit om die water te bereik. Toe die geselskap teen laat-middag by die water gekom het, het 'n hond verby die wa gehardloop en skielik dood neergeslaan. Greeff het onder die indruk verkeer dat die hond deur die wa raakgery is. Dadelik het hy onder Van Zyl se aandag gebring dat hy nooit moes ingestem het dat hulle op die Sabbat kon trek nie. Uit streng Calvinistiese oogpunt was dit 'n taboe om op 'n Sondag te werk. Alhoewel Greeff eerstehandse ervaring van 'n genadige God wat Sy

---

[45] TA: A 313, 16, pp.12-13: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[46] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff V, *Die Noordwester*, 1977.05.20, p.15; M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[47] M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[48] TA: A 313, 16, p.17: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[49] M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[50] TA: A 313, 16, p.17: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



kinders uit nood red, gehad het, het hy ook geglo in 'n God wat nie ligtelik met ongehoorsaamheid omgaan nie. Terwyl hy nog besig was om met Van Zyl te redeneer, het nog 'n hond verbygehardloop en net so skielik as die vorige een, morsdood neergeslaan. Ernstige onraad is egter eers bespeur toe 'n swart kind met 'n pynbelaaide kreet inmekaar gestort het en ook gesterf het. Dit was voorwaar 'n onaangename ontnugtering toe die besef dat hulle vergiftig was, tot Greeff en sy geselskap deurgedring het. Paniek het hulle bykans oorweldig toe Nonnie haar suster Lenie bewusteloos in die wa aangetref het. Wat het hulle nou te doen gestaan? Die aand het aangebreek en die hoop op oorlewing was op die oog af baie skraal.[51]

Hendrik van Zyl het verantwoordelik gevoel vir die teenspoed wat hulle nou te beurt geval het en het homself vir Lenie se toestand verwyt. In sy radeloosheid het hy die besluit uitgespreek om homself te skiet indien Lenie sou sterf. Nonnie se moeder het hom sterk daaroor aangespreek en sy aandag daarop gevestig dat sy gewete rein behoort te wees en dat hy hom dus nie hoef op te hou met verdoemende gedagtes nie.[52] Die woorde moes hom effens tot bedaring gebring het. Tyd vir gesels was daar nou nie meer nie. Suzanna Greeff het weereens haar rol as sorgsame moeder aangeneem en 'n vomitief aangemaak. Lenie se tande was so styf opmekaar gekners dat dit heelwat moeite gekos het om die middel vir haar toe te dien. Na ure se geworstel het die vomitief begin werk, waarna dit verder 'n paar dae geduur het voordat Lenie op die pad van langsame herstel was.[53] Volgens Nonnie het hulle 'n benoude nag deurgebring met die vrees dat nog iemand siek sou word. As voorsorgmaatreël het haar moeder toegesien dat almal groot hoeveelhede melk drink sodat dit die gif sou kon neutraliseer.[54] Die

---

[51] TA: A 313, 16, pp.17-18: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[52] M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[53] TA: A 313, 16, pp.18-19: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[54] TA: A 313, 16, p.19: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

volgende dag het hulle van die inwoners verneem dat die gif in die vrug se pit was, wat verklaar waarom die honde op 'n streep gevrek het en waarom Lenie, wat van die pitte geëet het, so siek geword het.[55] Dit wil voorkom of daar ook drie swart kinders wat deel van die geselskap uitgemaak het, gesterf het.[56]

Na afloop van hierdie aangrypende gebeurtenis, is die jagtog hervat en het sonder noemenswaardige onderbreking voortgegaan. Dit het egter nie lank geduur voordat Greeff en sy gesin afskeid geneem het van die ander reisigers nie. Só is die gesin met een wa na Damaraland waar hulle 'n tydperk vertoef het.[57] Nonnie se moeder was weer verwagtend en Greeff het dit goedgedink om haar en die kinders na Walvisbaai te neem, waar hulle per boot na Kaapstad kon vertrek. Greeff sou hulle dan later by familie in die Kaap gaan haal. Suzanna Greeff het glad nie met dié reëlings genoë geneem nie, veral nie nadat hulle van die Duitse nedersetters verneem het van uiters vyandige inheemse groepe wat hulle oppad na Walvisbaai – 'n tog van ongeveer drie tot vier dae – sou teëkom nie. Sy het daarby volstaan dat sy en die kinders by haar eggenoot bly. Die volharding van sy wederhelf het Greeff met geen ander keuse gelaat nie as om die terugtog na hul plaas aan te pak.[58]

Geen bekende pad of roete is gevolg nie. Greeff het bloot 'n roete volgens die rigting van sekere sterre uitgewerk en daarby sou hy hou totdat hulle 'n meer bekende omgewing bereik het. Die gevolg van dié benadering was dat hulle maar 'n entjie onderweg was toe die Greeffs hulself in die middel van 'n dorre sandwoestyn bevind het.[59] Afgesien van die nimmer wykende probleem van watertekort, het die Greeffs ook noue ontkomings beleef as gevolg van aggressiewe optrede van vyandige

---

[55] TA: A 313, 16, p.19: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[56] M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.10.
[57] TA: A 313, 16, p.20: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[58] TA: A 313, 16, pp.20-21: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915;
[59] TA: A 313, 16, p.22: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915. A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff V, *Die Noordwester*, 1977.05.02, p.15.

inheemse groepe. Op dankbare trant het Nonnie telkens aangedui dat hulle ongedeerd van die senutergende konfrontasies afgekom het. Na volharding en groot fisiese inspanning van mens en dier, het hulle uit die woestyngebied getrek net om hulself in digbegroeide boswêreld te bevind. Nonnie vertel sy kon goed onthou hoe sy snags wakker geword het van die lawaai terwyl haar vader bome moes afkap sodat die wa vorentoe kon beweeg. Een helder maanligaand het Greeff veel moeite ervaar met die afkap van bome en bosse. Die bediende het hom bygestaan en niemand het na die beeste gekyk nie. Toe Greeff sy kommer uitgespreek het oor die beeste wat sonder toesig agter die waens aandrentel, het Nonnie van die wa afgeklim om self die beeste op te pas. Sy was getrou op haar pos totdat hulle uitgespan het om te rus.[60] Nonnie het so van kleins-af geleer om haarself nie van harde fisiese arbeid te spaar nie – al het die werk wat sy gedoen het, bekendgestaan as mannewerk. Waar daar 'n tekort was aan hande, het sy ingespring en die nodige werk verrig, selfs wanneer hierdie pligte buite die grense van die tradisionele vroulike sfeer geval het.

'n Tekort aan lewensmiddele het dikwels ontstaan, omdat Greeff-hulle nie die omgewing geken het nie. Die ernstigste tekort was seker dié aan water. Vorige ervarings van wonderbaarlike watervoorsiening het dit makliker gemaak om op God te vertrou wanneer die water min was. Steeds was daar egter tye van kommer en angs wat die Greeff-gesin moes oorkom. Dit was nie 'n vreemde ervaring om soms drie dae en nagte te trek voordat hulle water gekry het nie. Veral in die woestyn het Greeff-hulle hul oë vir Boesmans (San) oopgehou. Omdat die Boesmans hul water in volstruiseierdoppe gedra het, het dit vir Greeff beteken dat hulle geweet het waar daar water te vinde was. Dreigemente en intimidasie is as suksesvolle taktiek gebruik om die ligging van waterbronne vas te stel.

---

[60] TA: A 313, 16, pp.21-22,25 en 27-29 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Keer op keer het die Boesmans uiteindelik die geselskap na water gelei.[61] Verder verhaal Nonnie hoe hulle op die terugtog 'n gebied bereik het waar hulle oorblyfsels van waens teëgekom het. Dit was duidelik dat die trekdiere weens 'n tekort aan water gevrek het. Greeff het die erns van die saak besef en het teenoor sy vrou genoem dat hulle almal sou sterf as God nie weereens aan hulle uitkoms sou bied nie. Dit was nie lank voordat die wolke op dié Novemberdag begin saampak het nie. Teen die middag het 'n reënbui die dorre aarde verkwik waarna die Greeffs genoeg water op hul terugtog gehad het. Hul gebede vir water was weer verhoor en hul afhanklikheid van God is versterk.[62]

Naas 'n tekort aan water, het die Greeffs ook telkens 'n ernstige tekort aan meel ervaar. Reeds met die aanvang van hul terugtog was die meel te min. Hulle het hulself egter gelukkig geag toe goedgesinde Damaras die geselskap van 'n honderd pond meel (sowat 50 kg) en 'n klein hoeveelheid rys voorsien het. [63] Die voorraad moes maar suinig gebruik word sodat dit die hele terugtog kon hou. "Ons moet maar men brood eet om de 100 pond meel niet te laad op raakt…", verhaal Nonnie.[64] Haar moeder het haar vertrou met die taak van broodbak en sodoende het sy geleer om 'n knap broodbakster onder die moeilikste omstandighede te word.

Nonnie se metode vir broodbak was soos volg: 'n gat is in die grond gemaak, waarskynlik ongeveer 40 cm diep, waarin vuur gemaak of warm kole gelê is. Sodra die gat warm genoeg was, is die brood in 'n pan of in 'n platpot in die gat gesteek. Die brood is bedek met 'n deksel sodat daar ook kole bo-op kan lê. So het die brood dan gaar gebak. Dié metode

---

[61] TA: A 313, 16, pp.22-24: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[62] TA: A 313, 16, pp.24-25: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[63] *Ibid*., pp.21-22.
[64] *Ibid*., p.26.

was veral geskik wanneer daar nie 'n oond was, of tyd was om een te bou nie.[65]

'n Ander geleentheid waarby Nonnie geleer het om by die wildernis aan te pas, het hom voorgedoen toe haar derde suster op 12 November 1868 iewers in die huidige Botswana gebore is.[66] Aanvanklik was die baba siek en die ergste is verwag. Weereens het Nonnie se moeder as geneesheer opgetree en daarin geslaag om die kind gesond te kry.[67] Net soos 'n tekort aan sekere voedselsoorte, het daar ook soms 'n tekort aan ander belangrike artikels, soos byvoorbeeld klere en materiaal, opgeduik. In hierdie geval het die baba geen klere gehad nie. Nonnie het een van haar eie rokke opgesny om 'n rokkie vir haar suster te maak. Daar was nie 'n naaldwerkmasjien beskikbaar nie en gevolglik het die twaalfjarige Nonnie alles met die hand gedoen.[68] Dit was sekerlik nie maklik nie, maar die ervaring sou haar altyd bybly sodat sy as moeder tydens soortgelyke moeilike omstandighede kon toesien dat haar kinders altyd betaamlik gekleed was.

In Maart 1869 het Greeff, sy vrou en hul gesin van vyf kinders na hul plaas Elandsfontein teruggekeer.[69] Hulle het nie veel van die tog teruggebring nie: 'n bietjie ivoor, volstruisvere, Damarakinders en Botswanas wat vir geslagte lank by die Greeffs en hul nageslag sou woon en werk. [70] Terug by hul woning, het Nonnie en die ander kinders 'n rustige huislike lewe geniet. Die tyd van konstante rondtrek was vir eers verby terwyl Greeff sy aandag en tyd gewy het aan die doel om Lichtenburg as dorp erken te

---

[65] TA: A 313, 16, p.26: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; J.C. Pretorius (red.), *Op trek – die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*, p.79.
[66] LM: 07/1789, Gesinsregister H.A. Greeff, ca. 1884; A.D Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.7.
[67] TA: A 313, 16, p.24: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915; M. Schoeman, Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 1973.07.13, p.3.
[68] TA: A 313, 16, p.26: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[69] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.7.
[70] TA: A 313, 16, pp.29-30: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

kry. Die amptelike proklamasie was eindelik, na vele jare se harde werk, op 25 Julie 1873.[71]

## 3 ***OPVOEDING***

Die intellektuele opvoeding wat Nonnie as kind ontvang het, was baie beperk. Die Transvaalse kinders van haar leeftyd was oor die algemeen selde blootgestel aan akademiese omgewings.[72] Wat die blootstelling nog verder vir Nonnie beperk het, was die feit dat die Greeff-gesin so dikwels hul tuiste in 'n wa of tent moes vind. Dit het haar ouers, wat albei besonder godsdienstig was, glad nie verhoed om te sorg dat hul kinders almal 'n sterk godsdienstige opvoeding kry nie. Verder, soos reeds aangedui, het die lewe in die veld as praktiese leerskool gedien. Die ervaringsveld van die deursnee boer tydens die negentiende eeu, is in die algemeen uit 'n godsdienstige oogpunt benader. Dit is dus die rede waarom opvoeding op geestelike en intellektuele vlak onderskeidelik so met mekaar ineengevleg was dat hul onlosmaaklik van mekaar staan.[73] Alhoewel haar opvoeding – nie soseer die geestelike sy as die intellektuele – so arm en boonop onderbroke was, het Nonnie die meeste daavan gemaak. Haar kennis van spelreëls en leestekens was minimaal, maar tog het sy daarin geslaag om twee herinneringskrifte te skryf. Afgesien van die moeilik leesbaarheid van die ongepubliseerde herinneringskrif, kan albei die boeke as waardevolle kultuurhistoriese bronne beskou word.

Nonnie se ouers het die primêre opvoedingstaak in haar lewe vervul. Die basiese beginsels van lees, skryf en rekenkunde is tuis of in die wa aan haar oorgedra. Heel tereg het die skrywer A.D. Bosman opgemerk dat al het Nonnie in die wildernis grootgeword, sy nie vir die wildernis grootgemaak is nie.[74]

---

[71] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.10.
[72] J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, p.15;
[73] P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, pp.158 en 163.
[74] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff VI, *Die Noordwester*, 1977.06.03, p.15.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Omdat haar ouers so godsdienstig was, het hul baie waarde geheg aan 'n grondige kennis van die Bybel. Meintjes het opgemerk dat die klem op godsdiens haar hand en hart waarskynlik meer versterk het as wat 'n hoër opvoeding sou kon doen.[75] Daar is gereeld, elke oggend en aand, huisgodsdiens gehou. Saans was die godsdiens voor ete sodat die kinders nie aan die slaap sou raak nie. As verdere maatreël teen slaap, moes die kinders gedurende die aandgebed staande bly.[76] Nonnie se moeder het verder gesorg dat hul serfyntjie altyd in die wa gepak was. So het sy gesorg dat hulle almal saans lustig onder begeleiding van die serfyntjie kon saamsing.[77]

Nonnie was tien jaar oud toe sy vir die eerste maal in 1866 skool bygewoon het. Sy vertel dat die onderwyser 'n bejaarde man was wat nie meer energie gehad het om 'n toegewyde onderwyser te wees nie. Na sewe maande se onderrig is sy uit die skool gehaal. Haar vader was moontlik van mening dat hy self beter resultate sou kon behaal, want hierna sou hy vir 'n tyd en wyl poog om self sy kinders te onderrig.[78]

Intussen het 'n weduwee Wannenberg haar intrek in Lichtenburg geneem. Sy het haar geroepe gevoel om as Sondagskoolonderwyseres op te tree. Omdat die mense so wyd verspreid gewoon het en daar nie 'n geskikte gebou was waarin die Sondagskool aangebied kon word nie, het die onderwyseres getrou elke Sondag by al die kinders se tuistes aangedoen om hulle te gaan haal. Met 'n groep kinders het sy te voet van woning tot woning gegaan. Elke week het sy gereël om in 'n ander huis Sonagskool aan te bied. Dit was nie slegs 'n gulde geleentheid om Bybelkennis op te doen nie, maar ook 'n tyd waarin die kinders mekaar kon leer ken. Met duidelike heimwee na die verloopte tyd, het Nonnie erken dat die

---

[75] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.17.
[76] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.10.
[77] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.2.
[78] TA: A 313, 16, p.31: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



weeklikse uitstappie baie aangenaam vir die kinders was.[79] Tydens hul gereelde jagtogte was Nonnie-hulle meer geïsoleerd van ander kinders en dan moes haar ouers ook self as kategete optree.[80]

In die jaar 1869, toe Nonnie dertien jaar oud was, het 'n Ierse onderwyser by hulle kom woon. Hy het die kinders veral leer Engels praat. Volgens Nonnie was die Ier 'n baie knap onderwyser, alhoewel hy een groot fout gehad het: hy was besonder lief vir die bottel. Aanvanklik het hy homself in toom gehou en slegs naweke hom tot sy brandewyn gewend. Met verloop van tyd het hy dit egter al moeiliker gevind om selfbeheersing toe te pas en na agtien maande se geduld, het Greeff besluit om die Ier in die pad te steek.[81] Dit was nie die eerste keer dat Greeff sy weersin in dranksugtigheid getoon het nie. Net soos in die geval van die arts in Potchefstroom, het Greeff besluit dat geen diens beter as 'n dronke se diens is. Hy sou sy kinders ten alle tye van die invloed van swak karakters beskerm.[82]

Sekerlik een van die grootste mylpale wat 'n jongmens kon bereik, was volgens die Boere wanneer 'n katkisant gereed was om geloofsbeleidenis af te lê en sodoende in die kerk aangeneem te word as volwasse lidmaat.[83] Nonnie het haarself deeglik voorberei vir dié geleentheid. Omdat haar ouers soveel klem gelê het op die uitlewing van hul geloof, het sy 'n grondige kennis van die Bybel gehad. Dit het sy aangevul deur die kategismus se vrae en antwoorde te memoriseer. Die leraars was skaars en sy het bykans al haar kennis self en met die hulp van haar ouers opgedoen. Die ouderdom waarop dooplidmate gewoonlik aangeneem is, was vyftien jaar en volgens die lidmaatregister van die Nederduitsch Hervormde Gemeente, Potchefstroom, het sy op 3 Junie 1871, presies 'n

---

[79]TA: A 313, 16, p.32: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915
[80] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.2.
[81] TA: A 313, 16, pp.33-34: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[82] *Ibid.*, pp.4-5 en 33-34.
[83] P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, p.160.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



week na haar vyftiende verjaardsdag, lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk geword.[84] Volgens haar herinneringskrif was sy egter slegs veertien jaar oud en sy vertel dat die leraar, ds. Dirk van der Hoff, spesiaal na hulle gemeente sou kom om die diens van haar en 'n paar ander katkisante se aanneming waar te neem.[85] Toe Nonnie hom meedeel dat sy nog nie vyftien jaar oud was nie, was sy reaksie volgens haar soos volg: "Og, zeg hy, dit kom daar niet op aan ik weet niet of ik 3 of 6 maanden zal vat om weer heir te kom en als ik jiau niet aan neem wien moet ek dan aan neem."[86] Haar herinneringe blyk in hierdie geval onbetroubaar te wees en dit kom voor of sy soms oordryf in 'n poging om die leser te beïndruk.

Omdat Nonnie nou die "Boerematriek" geslaag het, het die belangrikheid van verdere onderwys op die agtergrond verdwyn. Jan Gerritze Bantjes, die bekende Voortrekker wat sekretaris van kommandant-generaal Andries Pretorius met die slag van Bloedrivier was, het hom intussen op Lichtenburg kom vestig. Bosman beweer dat baie kinders by hom onderrig ontvang het.[87] Dit is dus moontlik dat Nonnie een van sy leerlinge was, alhoewel sy dit nie in haar herinneringskrif noem nie.[88]

Met die onderrig van Nonnie as kind, kon sy aan die basiese vereistes van geletterdheid voldoen. Soos reeds genoem, het sy die meeste gemaak van haar skryf-vermoëns. Die Engels wat sy geleer het, sou sy in haar latere lewe dikwels gebruik – veral tydens die Anglo-Boereoorlog – terwyl haar Bybelkennis haar voorsien het van innerlike krag en berusting tydens die moeilikste tye. Geestelike beginsels soos vergifnis en vrygewigheid het sy in guns van vriend en vyand toegepas.

---

[84] Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Pretoria (hierna NHKA): G1 3/2/3, s.p.: Lidmaatregister, Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom.
[85] TA: A 313, 16, pp.34-35: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915
[86] *Ibid*., pp.34-35.
[87] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff VI, *Die Noordwester*, 1977.06.03, p.15.
[88] TA: A 313, 16, p.35: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

Die invloed wat Nonnie se ouers in haar lewe gehad het, die lewensomstandighede waaronder sy groot geword het en die geestelike en intellektuele opvoeding wat sy ontvang het, het haar gevorm en geskaaf vir die lewe wat op haar gewag het. Tydens haar kinderjare het sy geleer wat van haar as vrou verwag word en die eienskappe wat nagestreef behoort te word, is duidelik by haar ingeprent. As jong dame het sy die toekoms met afwagting in die gesig gestaar. Sy was nou volwasse genoeg geag om lewensbelangrike besluite te neem wat, met die goedkeuring van haar ouers, tot uitvoer gebring kon word. Die rol van gehoorsame dogter sou nou opgevolg word deur dié van onderskragende eggenote.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 3 en 4 (sien dokument genaamd “illustrasies”)

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## II. KENNISMAKING EN HUWELIK MET J.H. DE LA REY

---

Dit is opvallend dat wanneer Nonnie oor haar kinderjare en die Greeff-gesin se ervarings skryf, sy dit dikwels uit die oogpunt van haar ouers, veral dié van haar vader, doen. Namate sy in haar eie vertelling ouer word, gee sy al hoe meer blyke van haar eie ervarings en gevoelens en die leser kan aflei dat Nonnie die jongmens haar eie idees en opinies begin vorm het. Dit beteken nie dat haar opvattings buite dié van haar sosio-kulturele agtergrond gestaan het nie. Sy is sterk deur haar Calvinistiese opvoeding en die patriargale instellings van haar tyd beïnvloed en gesosialiseer.

Twee temas kom sterk in hierdie deel van Nonnie se herinneringskrif na vore. Eerstens lê sy klem daarop dat sy 'n gehoorsame dogter was, al moes sy haar eie behoeftes opoffer ter wille van haar ouers se besluite. Tweedens noem sy hoe sy reeds voor haar huwelik met Koos de la Rey moes leer om haar belange op die agtergrond te skuif as dit by sy regeringstake gekom het. Albei hierdie temas kan vervat word in die ideaalbeeld van selfverloëning wat so dikwels in die Afrikaner etos aan die eerbare vrou toegeskryf word.[1] Of sy van nature so opofferend was, is nie seker nie. Dat sy hierdie eienskap as nastreefbaar gesien het en dat sy voorbeelde uit haar eie lewe in haar ego-dokumente uitgelig het, beteken bes moontlik dat sy haarself wou uitbeeld as 'n vrou wat haar eie behoeftes en belange ter syde geskuif het om sodoende te bewys dat sy in pas met die tydsgees van die dag was en dat sy hiervolgens 'n eerbare Boeredogter en –vrou was.

---

[1] C. Landman, *The piety of Afrikaans women: diaries of guilt*, p.77.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Virginia Woolf noem in 1929 in haar boek *A Room of one's own*, hoe vroue in die verlede dikwels in verhouding tot mans gesien en deur skrywers uitgebeeld is.[2] Só is vroue dikwels gesien as iemand se dogter, of iemand se vrou of iemand se moeder, nie bloot 'n vrou wat apart en verwyderd van hierdie rolle gestaan het nie. In Suid Afrika het onder andere Willem Postma in 1918 in sy boek oor die Boerevrou hierdie gedagte ondersteun en die vrou van die negentiende en vroeë twintigste eeu onlosmaaklik aan die mans in haar lewe verbind.[3] Nonnie is ook deur hierdie patriargale denkpatroon beïnvloed, want sy beeld haarself in haar eie herinneringskrif in verhouding tot die mans in haar lewe uit. Daar moet egter hier genoem word dat sy ook verwys na haar moeder en susters en dogters, maar die tema van haar verwantskap tot die mans in haar lewe is baie meer prominent. In hierdie hoofstuk betree Nonnie die tydsvak waar sy die man van haar lewe ontmoet het, 'n man in wie se lewe hare sin kon kry. Voorts sou haar primêre rol en verantwoordelikheid lê by hul gemeenskaplike belange en by die instandhouding van haar eie sfeer, naamlik die huishouding en sekere take op die plaas. Dit is dus opvallend hoe haar rol van dogter en suster nou aangevul en in 'n sekere mate oorgeneem is deur haar nuwe rol as getroude vrou.

## 1 ***MANANA***

In 1873 is Lichtenburg as dorp geproklameer op die plaas Doornfontein waar die Greeffs in daardie stadium gewoon het. H.A. Greeff het slegs 'n klein gedeelte van die plaas vir homself uitgehou. Omdat hy gewoond was aan groot oop ruimtes, het die klein stukkie aarde hom gou ingeperk laat voel, sodat hy weer planne gemaak het om te trek.[4] Een van sy kleindogters, Gretha du Preez, meen dat Greeff nie graag op 'n dorp wou

---

[2] V. Woolf*: A room of one's own; Three guineas (*ed. M. Shiach), p.107; N. Nicolson, *Virginia Woolf*, p.163.
[3] W. Postma, *Die Boervrouw: moeder van haar volk*, p.179.
[4] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff VII, *Die Noordwester*, 1977.06.10, p.15.

bly nie.[5] Verder bestaan die moontlikheid ook dat die gemeenskaplike weiveld vir sy diere saam met dié van die ander dorpbewoners, hom nie aangestaan het nie.[6] Hy het die plaas Klipbankfontein, sowat 8 km buite Lichtenburg, vir £500 gekoop en in 1874 met sy gesin daarheen verhuis. Manana, die nuwe naam wat Greeff sy plaas gegee het, is afgelei van die Spaanse woord wat "môre" of "daeraad" beteken. Aan sy kinders het Greeff elkeen 700 morg (± 600 hektaar) grond beloof om so te verseker dat sy kinders naby hom sou bly.[7]

Nonnie wat teen dié tyd al agtien jaar oud was, het geleer om van die dorpie Lichtenburg met al sy mense en aktiwiteite te hou. Sy het nie haar vader se opgewondenheid oor Manana gedeel nie en sou veel eerder op Lichtenburg wou bly. Die eensaamheid wat haar op Manana te wagte was, het haar geensins aangestaan nie, maar sy het besluit om haar ouers te gehoorsaam.[8] Meintjes merk op: "... she had made up her mind to obey her parents in everything, no matter to what extent it went against her own wishes".[9]

Dit is maklik om by dié beeld te rus, maar daar kan ook meer aandag aan hierdie ondertoon van gehoorsaamheid geskenk word: 'n herinneringskrif, net soos enige ander ego-dokument, is dikwels subjektief. Daar kan gespekuleer word dat Nonnie bewustelik hierdie gebeurtenis neergepen het met die doel om dit as voorbeeld van haar gehoorsaamheid voor te hou. As dit die geval was, sê dit meer oor haar psige as oor die gebeurtenis self. Het sy gevoel dat dit belangrik was dat die leser van haar herinneringskrif haar as 'n gehoorsame dogter sien? Wou sy daarmee sê dat dit 'n Boeredogter betaam om haarself te verloën en ten alle koste gehoorsaam aan haar ouers te wees? Hierdie tema word later weer aangeraak.

---

[5] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.26.
[6] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff VII, *Die Noordwester*, 1977.06.10, p.15.
[7] TA: A 313, 16, p.38: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[8] *Ibid*., p.38.
[9] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.18.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Alhoewel Nonnie vertel hoe gehoorsaam sy was, noem sy ook hoe die weemoed in haar gemoed geheers het en sy maak dus geen geheim van haar swaarkry nie. Die eerste aand terug in die wildernis was 'n aand van hartseer trane vir haar en haar twee susters, Lenie en Hannie.[10] Omdat daar nie veel aan te doen was nie, was Nonnie se moeder genoodsaak om met 'n plan vorendag te kom om haar kroos effens op te beur: Nonnie moes meel en ander nodige bestanddele bring om pannekoek te bak. Alhoewel sy glad nie in die bui was om pannekoek te bak nie, skryf sy : "... docht wat zy zeg gaan ik doen".[11] So het die Greeffs hul eerste aand op Manana verwyl deur pannekoek te bak.

Manana was ryk aan fonteinwater en vrugbare grond, maar voordat dit ten volle benut kon word, moes Greeff eers heelwat arbeid verrig. Watervore en landerye moes aangelê word, bome geplant, veekrale gebou en weivelde afgebaken en wilde diere verdryf word. Daar was ook geen huis om in te woon nie. Aanvanklik het Greeff 'n groot tent opgeslaan waarin hy en sy gesin moes woon. Dit het egter nie lank geduur voordat Nonnie se moeder ernstige besware teen die ongemaklike woning gehad het nie. Hy was genoodsaak om 'n rondawel te bou waarin die Greeff-gesin toe sou woon totdat hul stewige bloukliphuis klaar gebou is.[12]

Dit was 'n blye dag toe die Greeff-gesin na 'n jaar hul intrek in hul bykans voltooide huis geneem het. Na 'n geruime tyd van ongerief, kon Nonnie en die res van die gesin weer die sekuriteit van 'n permanente woning waardeer.[13]

---

[10] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.18.
[11] TA: A 313, 16, p.39: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.
[12] *Ibid.*, p.39.
[13] *Ibid.*, p.39.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 2 ***KENNISMAKING MET J.H. DE LA REY***

Kort nadat die gesin hul woning betrek het, het 'n indrukwekkende 27-jarige jongman genaamd Jacobus Herculaas[14] de la Rey by die plaas opgedaag. Hy het van Schweizer-Reneke gekom en was op 'n handelstog na Marico. Reeds op agtienjarige leeftyd in 1865 was Koos de la Rey veldkornet onder Louw Wepener in die oorlog teen die Basoeto en aangesien sy tog oor Lichtenburg gegaan het, het hy besluit om Greeff as kommandant van Lichtenburg, op sy plaas te besoek. Hy het 'n paar dae op Manana vertoef waar hy 'n baie positiewe indruk op die agtienjarige Nonnie gelaat het.[15]

Nonnie het beslis self ook 'n goeie indruk gemaak met haar skoonheid wat duidelik op foto's van haar te bespeur is. Haar hare was lank en donker en haar oë groot en bruin. Sy was redelik kort en as Koos, 'n groot en lang man, langs haar gestaan het, kon sy nie eers oor sy skouer kyk nie. In haar jong dae het sy 'n mooi figuur gehad en ten spyte daarvan dat sy later effens geset geword het, het sy altyd 'n mooi postuur gehad en netjies aangetrek.

Ses maande na hul eerste ontmoeting, het Nonnie en Koos mekaar op Kimberley weer gesien. Greeff en sy gesin het daarheen gegaan om twee wavragte mielies daar te verkoop.[16] Omdat Nonnie se oupa, Jan Redelinghuys, in hierdie stadium in Kimberley gewoon het, het die Greeffs rustig twee weke daar vertoef. Hulle was egter slegs 'n paar dae daar of Koos het ook sy onverwagte opwagting in Kimberley gemaak. Nonnie is baie privaat oor haar gevoelens vir Koos en skryf bittermin daaroor in haar

---

[14] De la Rey se tweede naam word dikwels in bronne as *Herculas* (sien J. Oosthuizen in voetnoot hieronder) of self *Hercules* aangetref, maar volgens J. Meintjes was dit beslis *Herculaas*, omdat De la Rey dit self so geteken het: J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.xiv. Daar word dus in die teks by *Herculaas* gehou.

[15] TA : A 313, 16, pp.39-40 : Herrineringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Unisa, 1949, p.11 ; A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.20.

[16] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff IX, *Die Noordwester*, 1977.07.08, p.17.

herinneringskrif. Die enigste leidraad dat dié herontmoeting haar hart met blydskap gevul het, is die terloopse opmerking: "... het was een goede verandereng voor ons..."[17] Wat alles deel uitgemaak het van die twee jongmense se gesprekke, is onbekend. Tog is dit heel duidelik dat die band tussen hulle al sterker geword het en dat 'n ware liefdesbesef moontlik teen hierdie tyd in beide se harte posgevat het.

Na twee weke is die Greeffs se sake in Kimberley afgehandel en het dit weer tyd geword om na Manana terug te keer. Koos het ook sy sake in Kimberley afgehandel en hy kon saam met die Greeff-gesin die terugtog aanpak, aangesien die pad na sy ouers se plaas, Welverdiend, in die Wolmaransstad-distrik, saam met dié van die Greeffs geloop het.[18] Vyf dae lank het die geselskap gereis totdat hulle Welverdiend bereik het. Hier het die Greeffs met Koos se ouers, Adrianus Johannes Geysbertus en Adriana Wilhelmina,[19] kennis gemaak en die nag daar vertoef. Toe die volgende oggend aangebreek het en dit tyd geword het om te vertrek, het Nonnie gevoel dat sy 'n man wat haar liefde en trou waardig was, agterlaat. Nog geen finale besluite oor 'n vaste verhouding was egter geneem nie.[20]

Met die Greeffs se terugkeer na Manana, het die alledaagse lewe op die plaas voortgegaan. Intussen het teëspoed die gesin egter getref toe Nonnie se broertjie van ongeveer twee jaar oud aan asma gesterf het.[21]

Skaars 'n maand na Koos en Nonnie se vorige afskeid het hy weer sy opwagting by Manana gemaak. Sy besoek was te danke aan 'n besluit om Nonnie se hand te vra. Dit waarop Koos gehoop het, is egter gou

[17] TA: A 313, 16, p.40: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[18] TA: A 313, 16, p.40: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Oosthuizen, ***Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die Uitlanders***, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1940, p.3.
[19] J. Oosthuizen, ***Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die Uitlanders***, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1940, p.1.
[20] TA: A 313, 16, p.40: Herinneringe van mev. de la Rey, ca. 1915; J. Meintjes, ***De la Rey – Lion of the West***, p.37.
[21] TA: A 313, 16, p.41: Herinneringe van mev. de la Rey, ca. 1915; J. Meintjes, ***De la Rey – Lion of the West***, p.38.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



vervang deur teleurstelling toe haar moeder beswaar gemaak het en haar toestemming tot die huwelik geweier het.[22] Nêrens word daar 'n aanduiding gegee van wat die motivering vir Suzanna Greeff se negatiewe reaksie kon gewees het nie, maar later blyk dit dat hy nie baie vee of ander besittings gehad het nie en dus nie die mees welvarende jongman was nie.

Wat die rede ookal was, Nonnie het besluit om haar ouers in alles te gehoorsaam. Weer maak sy melding van haar onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan haar ouers en so trek sy hierdie tema verder deur haar herinneringskrif. Om haarself te troos, het sy geredeneer dat "als het niet de een is zoo es er tog een ander".[23] Hierdie redenasie dui daarop dat Nonnie haar wel op 'n lewensmaat voorberei het en dat sy dit dus nie oorweeg het om alleen deur die lewe te gaan nie. Die huwelik was 'n integrale aspek van die patriargale lewensuitkyk van die Boer en die vrou van hierdie tyd se singewing het uit haar rol as eggenote en moeder gespruit.[24] Sy het duidelik self ook hierdie siening gehuldig.

Omdat haar drome nie haar ouers se goedkeuring weggedra het nie, het Nonnie alles in haar vermoë gedoen om van Koos te vergeet. Sy het deelgeneem aan die sosiale aktiwiteite waar sy heelwat jongmense van haar ouderdom ontmoet het. Soos reeds genoem is, het sy geglo dat indien Koos de la Rey nie die man vir haar is nie, daar iemand anders sou wees. Heel kostelik beskryf sy in haar herinneringskrif hoe sy 'n jongman genaamd Georg Haupvleist op een van die gereelde uitstappies van plaas tot plaas ontmoet het. Volgens haar was hy "een welde jongen" wat sy perd so voos gery het dat die arme dier skielik op 'n dag dood neergeslaan het.[25] Moontlik het sy hom met Koos vergelyk net om te besef dat niemand met haar geliefde kon kers vashou nie.

---

[22] TA: A 313, 16, p.41 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[23] TA: A 313, 16, p.41 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[24] F. Lion Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp.422–423.
[25] TA: A 313, 16, pp.41-42: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Koos was ook seker dat Nonnie vir hom bedoel was en hy sou nie so maklik moed opgee nie. Net toe Nonnie gedink het dat alles tussen hulle twee verby was, ontvang sy 'n brief van hom waarin hy haar weer vra om met hom te trou. Haar hart moes in twee geskeur gewees het. Aan die een kant was daar niks anders wat sy eerder wou doen nie en aan die ander kant was haar ouers en hul mening. Sy het werklik nie geweet wat om te doen nie. In haar moedeloosheid het sy die brief na haar moeder geneem om te lees.[26]

Die brief moes 'n oortuigende liefdesverklaring gewees het, aangesien Suzanna Greeff na die lees daarvan skielik heeltemal anders oor die huweliksvoorstel gevoel het. Sy het aan Nonnie meegedeel dat sy maar met De la Rey kan trou, want dit lyk nie asof dit anders kan nie.[27] Moontlik het sy besef hoe haar dogter emosioneel gely het, maar tog gehoorsaam was en haar ouers se wense gerespekteer het. Die onstuitbaarheid van die liefde tussen Nonnie en Koos moes ook 'n groot indruk op haar ouers gemaak het. Omdat die vorige teleurstelling steeds so oorweldigend was, kon sy aanvanklik nie glo wat haar moeder gesê het nie. Sy was te oorbluf om te reageer. Suzanna Greeff het daarop aangedring dat haar dogter onmiddellik die brief beantwoord en tot die huwelik instem.[28] Onder protes het Nonnie na haar vader se skryfkamer gegaan en op eenvoudige wyse aan Koos geskryf dat hul verhouding hervat kon word.[29]

Intussen het Koos beplan om 'n plaas wes van Lichtenburg te koop. Hiervoor het hy 'n koopbrief nodig gehad en het hy na Greeff gegaan wat bevoeg was om dit te skryf. Dit is heel moontlik dat hierdie aankope van grond in die Greeffs se kontrei as 'n aanduiding van Koos se bedoelings

---

[26] TA: A 313, 16, p.41: Herinnering van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.38.
[27] TA: A 313, 16, p.43: Herinnering van mev. De la Rey, ca. 1915.
[28] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.39.
[29] TA: A 313, 16, p.43: Herinnering van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



gesien is en hy het terselfdertyd van die geleentheid gebruik gemaak om Nonnie te sien en weereens haar hand te vra. Omdat haar moeder nie weer beswaar teen die huwelik gehad het nie, was daar geen rede waarom hulle nie kon trou nie.[30]

Greeff se rol as geestelike leier van sy gesin het weer hier sterk na vore gekom. Alhoewel hy heel ingenome met sy aanstaande skoonseun was, het God volgens hom die laaste sê gehad. Hy het dus aan Nonnie die voorstel gemaak dat hulle "... vraag wat die Here God zeg en wel dat u zal doet".[31] Geen groot besluit is geneem sonder ernstige gebed nie.[32] Nonnie het so die sekerheid gekry dat sy besig was om die regte besluit te neem en uiteindelik was die pad vir haar oop om met die man te trou waarmee sy so graag wou – of so het sy gedink.

Skaars is daar begin met die huweliksreëlings of 'n volgende hindernis het opgeduik: Konflik tussen Sekhukhune, die opperhoof van die Bapedi wat in die omgewing van Lydenburg gewoon het, en die ZAR onder leiding van president T.F. Burgers het in Julie 1876 tot oorlog gelei.[33] Koos de la Rey is opgekommandeer om die wapen teen Sekhukhune op te neem. 'n Meer ongeleë tyd kon daar sekerlik nie gewees het nie en De la Rey sou alles in sy vermoë doen om hom uit dié penarie te kry. Sy vader, Lang Adriaan de la Rey, het probeer om aan die burgers te verduidelik dat sy seun op trou staan. Hy het selfs aangebied om een van sy ander seuns volgens die aanvaarde praktyk as plaasvervanger te stuur. Al die mooipraat was sonder sukses. Die burgers het aangedring op Koos en het hom as veldkornet verkies.[34]

---

30 TA: A 313, 16, p.43: Herinnering van mev. De la Rey, ca. 1915.
31 *Ibid*.
32 J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.39.
33 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrkaanse geskiedenis*, p.271; P. Delius, *The land belongs to us. The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal*, p.181.
34 TA: A 313, 16, p.44: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.12.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Die ongunstige verwikkelinge moes 'n harde slag vir Nonnie gewees het. Noudat haar ouers tot die huwelik ingestem het en dit net gelyk het of haar lewe met geluk gevul sou wees, weerhou 'n oorlog hulle om te trou. Die moontlikheid dat Koos in die botsing sou kon omkom, het haar gedagtes nie ontgaan nie. Weereens moes sy bo haar omstandighede uitstyg en met geloof vashou aan dit waarop sy gehoop het. Koos het ook die moontlikheid van tragedie besef en 'n geskenk gestuur as herinnering aan hom indien hy nie sou terugkeer nie.[35]

Terwyl Koos weg was, het Nonnie se moeder haar graag geterg wanneer sy 'n bietjie verdrietig gelyk het. Dit is opvallend hoe Nonnie haar gevoelens vir haarself gehou het asof liefde tot 'n private sfeer behoort het. Vol durf het sy probeer voorgee dat die skeiding nie so erg was nie.[36] Koos het reeds in Oktober 1876, nog voordat die veldtog teen Sekhukhune afgeloop was, teruggekeer waarna die huweliksreëlings in alle erns hervat is.[37]

## 3 ***<u>HUWELIKSREËLINGS</u>***

Sonder versuim is Koos terug na sy woning in Makwassie waar hy reëlings getref het vir die kerklike huweliksaankondiging op 24 Oktober 1876. Omdat Nonnie onder die Zeerustgemeente en Koos onder die Potchefstroomgemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk geresorteer het, moes die gebooie in albei gemeentes afgelees word. Voordat sy haar oë behoorlik kon uitvee, het die eerste gebod al geloop.[38] Dit was die gebruik dat die afkondiging van die huweliksgebooie drie agtereenvolgende Sondae van die kansel af gemaak word.[39]

---

[35] TA: A 313, 16, p.44: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[36] *Ibid*.
[37] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.41; P. Delius, *The land belongs to us. The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal*, pp.205-212.
[38] TA: A 313, 16, p.44: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[39] P.W. Grobbelaar (red.), *Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur VI*, pp. 148 en 201.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Daar was 'n magdom ander reëlings wat ook getref moes word, aangesien 'n bruilof nie net by 'n kerkdiens gebly het nie. Omdat die Boere so ver uitmekaar gewoon het en relatief min mense die kerkdiens kon bywoon, was die onthaal 'n baie belangrike aspek van die bruilof. Noukeurige beplanning en inkopies was dus absoluut onontbeerlik. Hiervoor het Nonnie se ouers na Potchefstroom gegaan.[40]

Die Greeffs het alles in hulle vermoë gedoen om te sorg vir die beste bruilof moontlik. Nonnie was hulle oudste dogter en dit in ag geneem, is dit maklik om te verstaan waarom hul opgewondenheid en entoesiasme bykans geen perke geken het nie. Alle vriende en familielede is uitgenooi en 'n groot skare mense is op die plaas verwag. Soos die gebruik met 'n plaasbruilof van dié tyd, is geen moeite met die voorbereiding van die verversings ontsien nie: daar is van alle soorte diere geslag en lekkernye is in groot maat gebak.[41] Haar opmerking "... nu was het geen klyne werkleikheid om alles en order te breng...",[42] spreek boekdele.

'n Trourok moes ook gemaak word. 'n Baie goeie vriendin van Nonnie (wie se naam ongelukkig nie bekend is nie) het die meeste aan die rok gewerk terwyl sy self ook hier en daar iets gedoen het. Hoe die trourok gelyk het is egter onbekend. Geen troufoto kon opgespoor word nie en daar was ook geen beskrywing van haar trourok te vinde nie. In haar herinneringskrif spreek sy haar spyt uit dat sy nie haar trourok bewaar het om aan haar kinders te wys nie. Dit moes egter 'n spesiale rok gewees het as in ag geneem word hoe hard daar in haar ouerhuis daaraan gewerk is.[43] Al die voorbereidings en harde werk het klein en groot besig gehou totdat die groot dag aangebreek het.

---

[40] TA: A 313, 16, p.44: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[41] TA: A 313, 16, p.45: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; P.W. Grobbelaar (red.) *Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur VI*, p.204.
[42] TA: A 313, 16, pp.44-45: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[43] *Ibid.*, p.45.

University of Pretoria etd – Rowan, Z  (2003)



## 4 ***BRUILOF***

'n Paar dae voor die groot gebeurtenis het Koos, sy broer Adriaan en twee bediendes met 'n groot wa en bont span osse op Manana aangekom. Gereed vir die bruilof, het hulle Nonnie en haar twee susters, Lenie en Hannie, kom haal om na Zeerust te gaan waar Koos en sy bruid in die eg verbind sou word. Vroeg die Saterdagoggend, 21 Oktober 1876, het die groep vertrek. By Jacobsdal het hulle oornag en Sondag (22 Oktober) stil op Koos se 29ste verjaarsdag deurgebring.[44] Die Maandagoggend het die seun van kommandant Jan Viljoen met 'n verewa en ses perde opgedaag om die bruidspaar na Zeerust te neem. Daar aangekom, is al die nodige dokumente by die kommissaris ingehandig en onderteken.[45] Dit was 'n wetlike vereiste (Transvaalse wet nommer 3 van 1871) dat die voornemende bruidspaar voor die landdros in hulle distrik moes verskyn, waar daar bepaal is dat die paar aan al die wetsvereistes voldoen. Die landdros het dan 'n sertifikaat uitgereik.[46] Nou kon niks die huwelik keer nie en in alle opgewondenheid is daar op Dinsdag, 24 Oktober 1876 gewag. In die negentiende eeu was Dinsdag 'n gebruiklike troudag.[47]

Om nege-uur die oggend het ds. Jan de Vries die huwelik binne gemeenskap van goedere bevestig.[48] Die huweliksinskrywing kon nie opgespoor word nie, alhoewel die logiese vindplek daarvoor die huweliksregister van die N.H. Kerk Zeerustgemeente sou wees.[49] Nonnie se twee susters was die strooimeisies. Die terugtog het ongeveer sewe ure

---

[44] TA: A 313, 16, pp.45-46: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[45] J. Oosthuizen, ***Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog***, p.12.
[46] P.W. Grobbelaar (red.), ***Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur VI***, p.201.
[47] ***Ibid.***, p.202.
[48] TA: A 313, 16, pp.45-46: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Meintjes, ***De la Rey – Lion of the West***, p.41.
[49] NHKA: G11 3/3/1 Huweliksregsiter, N.H. Kerk, Zeerust, 1876-1904; NG Kerk-argief, Pretoria (hierna NGKA): Zeerust Huweliksregister, 1876-1889.

geduur en teen vieruur die middag het die bruidspaar en hul geselskap die plaas bereik.[50]

Daar aangekom, was die plaaswerf so vol karre en waens, dat dit Nonnie aan nagmaal laat dink het.[51] Vanweë die ver afstand, was dit die gebruik dat die ouers en gaste by die plaas op die bruidspaar wag.[52] Die gelukwensings het tot laat die aand aangehou. Alhoewel die Greeffs nie 'n dansery toegelaat het nie, was daar tog plesierigheid in oorvloed. Die mense het hulself grotendeels met speletjies en sang vermaak[53], wat heeltemal in pas was met die huweliksgebruike van hierdie tyd.[54] Soos reeds met die voorbereidings geblyk het, was daar meer as genoeg te eet, wat natuurlik verder tot die feestelike atmosfeer bygedra het. Daar was soveel mense dat daar nie genoeg slaapplek vir almal was nie en gevolglik het die bruilof nie opgehou voor die volgende dag nie. Toe eers het die gaste heel moeg gegroet en huiswaarts gekeer.[55] Vir Nonnie was die bruilof "... alles zoo goed en aangenaam met die meeste liefde en goede order..."[56]

## 5 ***HUWELIKSLEWE***

Nonnie was twintig jaar oud ten tye van haar huwelik en Koos pas 29. Hulle sou bykans 38 jaar die lewe saam geniet. In die tyd van vreugde en swaarkry het hulle mekaar aangevul en ondersteun soos in 'n gelukkige huwelik verwag sou word. Sy het in haar ongepubliseerde herineringskrif hul huwelik met 'n sterk en helder stroom water vergelyk. Soms het die water troebelrig geraak, maar omdat die stroom so sterk was, kon geen troebelrigheid bly nie en spoedig was die water weer helder.[57] Die

---

[50] TA: A 313, 16, p.46: Herinneringe van mev. de la Rey, ca. 1915.
[51] *Ibid.*, p.46.
[52] P.W. Grobbelaar (red.), *Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur VI*, p.204.
[53] TA: A 313, 16, p.46: Herinneringe van mev. de la Rey, ca. 1915.
[54] P.W. Grobbelaar (red.), *Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur VI*, p.209.
[55] TA: A 313, 16, p.46: Herinneringe van mev. de la Rey, ca. 1915.
[56] *Ibid.*, p.46.
[57] *Ibid.*, p.47.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



bekende leier van die Uitlanders en latere vriend van die De la Reys, sir J. Percy Fitzpatrick, spreek sy verbasing uit oor die feit dat Nonnie so min skriftelik verwys na Koos se persoonlikheid en hul verhouding.[58] Om dit te verklaar het hy geredeneer:

> It seems to suggest for a moment that she did not understand or appreciate him, but looked upon him as a mere husband... nothing to make a fuss about – until one gradually realizes that this was also his attitude to her and that, so far from being disparagement and neglect it was the very highest tribute, and evidence of the most genuine and unselfish trust and co-operation... He was attending to his job, she to hers. Their mutual confidence was magnificent. To both of them we can see it was the same, plain duty and no heroics.[59]

Dit is verder belangrik om daarop te let dat Nonnie met Koos die mens getroud is en nie met die gesiene staatsman wat hy later sou word nie. Teen die tyd wat sy haar herinneringskrif geskryf het, was hy egter reeds 'n volksikoon en sy het moontlik gevoel dat sy afbreuk aan sy beeld kon doen as sy oor die alledaagse aspekte van sy lewe sou skryf. Soos reeds genoem is, is 'n herinneringskrif van nature 'n subjektiewe bron en die skrywer/skryfster daarvan kan die werklikheid of dele daarvan weergee soos hy of sy verkies. Alhoewel die karakters in 'n betroubare herinneringskrif wel bestaan het, word hulle steeds uitgebeeld volgens die persoon wat oor hulle skryf. Dit is duidelik dat Nonnie haar herinneringskrif geskryf het vir die leser wat weet wie generaal Koos de la Rey was en sy wou die beeld wat hy na buite uitgedra het, beaam. Hoe hy hom as eggenoot en vader gedra het, was volgens haar nie vir die leser van belang nie.

Die jong egpaar het nog vir 'n maand na hul huwelik by die Greeffs gewoon. Hulle wou graag na 'n plaas van hul eie te trek, maar daarvoor het hulle, soos tevore genoem, nie genoeg vee gehad nie. So het Nonnie

---

[58] J.P. Fitzpatrick, *South African memories*, p.216.
[59] *Ibid.*, pp.216-217.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



en haar man saam 'n uitdaging in die gesig gestaar. Volgens haar herinneringskrif was dit nie die gebruik vir 'n jong egpaar om hulself ryk te koop nie, maar wel ryk te werk. Harde werk en doelgerigte optrede was dus wat op hulle gewag het. Haar vader het vertroue in sy nuwe skoonseun gehad en hy wou seker nie toesien hoe sy dogter sukkel nie. Gevolglik het hy 'n wavrag koring aan hulle geskenk waarmee hulle en enkele bediendes na Ventersdorp gegaan het om dit te maal. Met die meel is hulle verder na Makwassie waar hulle dit verruil het vir skape. Met die eerste stap van hul handelsplanne suksesvol afgehandel, maar met nog te min om hulle boerdery te begin, is hulle vanweë hul behoeftigheid genoodsaak om na die soutpanne in die gebied wat later as Delarey bekend sou staan, te gaan.[60]

Hier aangekom, was Nonnie uit die staanspoor beïndruk met die menigte mense, mans en vrouens, wat besig was om sout te skraap. Bedags het die mense baie hard gewerk, maar snags het heelwat van hulle te veel mampoer gedrink. Die sondigheid en gepaardgaande rumoer het haar glad nie aangestaan nie.[61] Haar streng Christelike opvoeding het dit vir haar moeilik gemaak om daarmee te versoen dat ligsinnige plesier so belangrik vir die mense was. Sy het haar gewend tot gebed en was verheug toe die tyd vir hul vertrek eindelik aangebreek het.[62] Met hul wa vol sout het hulle na Kroonstad in die Vrystaat gegaan waar hulle nog vee in ruil vir sout gekry het.[63] Met die vee wat hulle nou wou tel, is hulle na Welverdiend, die plaas van Koos se vader. Na al hulle harde werk en vernuf, kon hulle hul boerdery begin met 'n honderd skape en 'n honderd beeste.[64] Hulle het egter nie lank by Koos se ouers vertoef nie, want hulle was weer oppad na Manana.

---

[60] TA: A 313, 16, p.47 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[61] *Ibid.*, p.48.
[62] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.46.
[63] TA: A 313, 16, p.48: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[64] *Ibid.*, p.48; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.13.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Volgens Nonnie was haar vader "... een man dat graag ziet dat een man hem zelf voor waarde zal werkt...".[65] Wat sy reaksie was toe sy dogter en skoonseun met al die vee op Manana aangekom het, is nie bekend nie, maar daar is genoeg rede om te glo dat hy heeltemal ingenome met hul opbrengs was. Die tyd het nou vir Nonnie en Koos aangebreek om op hulle eie stukkie grond te gaan boer – daardie 700 morg (600 hektaar) wat haar vader in 1874 aan haar beloof het.[66] Daar was genoeg saailand en plek vir weiding en vol optimisme het hulle daarheen verhuis.[67]

Daar was 'n baie klein en eenvoudige geboutjie op die grond. Net soos in Nonnie se kinderjare, moes die omgewing onderwerp word sodat hulle 'n sinvolle en ordelike bestaan kon voer. Nadat hulle dus enkele verbeteringe aan die gebou aangebring het, het die De la Reys 'n gepaste maar tog eenvoudige woning gehad. Hoe eenvoudig ookal, die huis moes aan hul basiese behoeftes voldoen het, want hulle sou eers daarvandaan trek toe sy al kinders gehad het.[68]

Hul huisie was 'n hele afstand van dié van haar ouers en dit was 'n lang en moeisame pad om te voet af te lê. Dit het Nonnie egter nie afgeskrik nie, want wanneer die eensaamheid haar genadeloos beetgepak het, het sy geen moeite ontsien om haar familie te besoek nie. Soms het sy een van haar jonger susters saamgeneem sodat sy geselskap vir die lang pad kon hê. Dit is duidelik uit haar herinneringskrifte dat sy isolasie en eensaamheid nie maklik verwerk het nie en dat kontak met veral haar familie baie belangrik vir haar was. Toe haar susters ook in die huwelik getree het en op hul beloofde grond naby Nonnie kom woon het, het sy hulle geselskap baie geniet.[69]

---

[65] TA: A 313, 16, p.57: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[66] *Ibid.*, p.38.
[67] *Ibid.*, p.48.
[68] *Ibid.*, p.50.
[69] *Ibid.*

Op die plaas het dit ook voorspoedig gegaan. Water was glad nie skaars nie en 'n stroom het naby hul huis verbygeloop. Die grond was besonder vrugbaar en die lande groen. Graan en vrugte het in oorvloed gegroei en dit het dikwels gereën.[70] Volgens Nonnie was dit " de Goude oude tyd".[71] Wild was ook baie volop en Koos en sy swaer, Abel Schoeman, wat met Nonnie se suster Lenie getroud was, het graag in die middae springbokke gaan skiet. Die bokke was vet en heerlik – grotendeels as gevolg van die welige plantegroei.[72] Bogenoemde is een van die min gevalle waar sy uit haar herinneringskrif laat blyk dat sy gelukkig was en dit kom voor of haar geluk direk van haar eggenoot se nabyheid afgehang het.

Nonnie kom dikwels in haar herinneringskrifte klaerig voor en op die oog af kan die afleiding gemaak word dat sy verbitterd en onvergenoegd was. Daar mag egter ook 'n dieperliggende verduideliking wees: in veral haar ongepubliseerde herinneringskrif, beeld sy haarself herhaaldelik as lydende en opofferende vrou uit en sy vereenselwig haarself dus met die beeld van die selfverloënende Afrikanervrou. As dit 'n bewustelike motief was om haarself só uit te beeld, sodat sy as rolmodel deur haar tydsgenote gesien kon word, bestaan die moontlikheid wel dat sy 'n verwronge beeld van haarself geskets het deurdat sy haar lyding oorbeklemtoon het.

Toe hulle vyftien maande getroud was, is daar op 4 Januarie 1878 vir Nonnie en Koos 'n dogtertjie gebore. Hulle het haar volgens tradisie vernoem na Nonnie se moeder en dus het die kind Susanna Maria geheet. Kort voor lank het haar susters ook kinders in die wêreld gebring. Veral nadat haar tweede dogtertjie, genaamd Adriana, kortweg Ada, op 21 Februarie 1879 gebore is, het Manana 'n baie bedrywige plek vir

---

[70] TA: A 313, 16, p.50: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915
[71] *Ibid.*, p.52.
[72] *ibid.*, p.50.

Nonnie geraak.[73] Blykbaar was albei haar kinders gesond. Tandekry en kindersiektes was die enigste krankhede waarmee daar te doene gekry is.[74] Die kinders het haar besig gehou en baie van haar aandag en tyd het sy op haar kroos gespandeer. Eensaamheid het dus verder gewyk en sy het haar rol as moeder goed vertolk.

Kersfees en Nuwejaar was 'n spesiale tyd van kuier en saamwees op Manana. Vriende en familie het almal saam vergader en mekaar se geselskap geniet. Met trots vertel sy hoe haar familie met Kersfees na haar woning gekom het. Haar huislike sfeer, die plek waar sy haarself as goeie vrou en moeder kon bewys, was met tye soos dié oop vir almal om te aanskou en te oordeel hoe goed sy haar van haar taak kwyt. Dit kom voor of sy heel gemaklik daarmee was. Omdat Nonnie dikwels na die eensaamheid vanweë die groot afstande tussen die plase verwys, kan aangeneem word dat die feestelike seisoen 'n hoogtepunt in haar lewe was. Die vervoer waarmee die De la Reys van opstal na opstal gery het, was aanvanklik 'n perdekar. Later het hulle ook 'n spider en 'n verewa bekom wat hulle vir jare gebruik het.[75]

Met die anneksasie van Transvaal op 12 April 1877 het 'n onstuitbare ontevredenheid teen Brittanje onder die Boere posgevat. Gedurende hierdie tydperk was Koos de la Rey al hoe meer betrokke by regeringsake. Behalwe dat hy in 1876 as veldkornet verkies is, was hy ook verantwoordelik vir die opmeting van plase en is hy daarbenewens as Naturellekommissaris vir Wes-Transvaal aangestel. Hy was 'n kenner van Naturellesake en het goed met die stamhoofde in die omgewing oor die weg gekom.[76]

---

[73] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.47; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.623.
[74] TA: A 313, 16, p.54: Herinneringe van mev. de la Rey, ca. 1915 ; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.54.
[75] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.54.
[76] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.48; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.12-13; A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.212.

De la Rey se toenemende betrokkenheid by regeringsake het tot gevolg gehad dat hy dikwels moes rondgaan en selde tuis was en Nonnie was nie gaande daaroor nie. Meintjes merk tereg op dat sy in hierdie stadium nog nie besef het dat dit die begin was van De la Rey se loopbaan as regeringsman waarin hy tot sy dood toe sou staan nie. Al het sy toe dalk nie die langtermyn implikasies van sy aanstelling as veldkornet besef nie, het sy duidelik in ag geneem hoe haar man voel oor die werk wat hy verrig. Omdat hy gelukkig gelyk het, het sy hom bygestaan deur van sy verantwoordelikhede op die plaas oor te neem. Sy maak dit egter duidelik dat sy baie moes opoffer ter onthalwe van haar man se ekstra verantwoordelikhede en probeer só die leser oortuig dat sy ook 'n aandeel aan De la Rey se sukses as staatsman het. [77]

Om 'n boerdery te behartig, is harde werk. Om dit vrou alleen te probeer, is byna 'n onbegonne taak. Aangesien Koos so dikwels uithuisig was, het Nonnie alles in haar vermoë gedoen om die boerdery glad te laat verloop. Hulle het 'n wit man gehuur om toesig oor die swart werkers te hou. Dit was egter nie lank voordat Nonnie heeltemal ontevrede was nie: met inspeksie om te sien hoe dit op die lande gaan, het sy die man betrap waar hy ongeërg gelê en slaap het. Die man se houding oor sy werk was absoluut onaanvaarbaar en sy het geglo dat sy eerder alleen die mas sou opkom. Vir haar was dit van groot belang dat alles op die plaas in orde was en daarvoor het sy haar met alle mag beywer.[78] Daar was egter 'n definitiewe onderskeid tussen die vrou en die man se sfeer en daar was pligte wat as "mannewerk" bestempel is. Nood het haar egter geleer om hierdie grense te vervaag en so het sy nie geskroom om haar onder die plaaswerkers te laat geld nie.

---

[77] TA: A 313, 16, p.52: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Meintjes, ***De la Rey - Lion of the West***, p.47.
[78] TA: A 313, 16, pp.52-53: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Tot die vreugde van Nonnie se moeder, was Koos ook ouderling in die kerk.[79] Die idee dat 'n waardige man ook sy geestelike pligte met erns uitvoer, kan terugevoer word na die patriargale orde by die Afrikaner van die man as priester en godsdienstige leier van sy huis.[80] Hierdie opvatting speel duidelik 'n belangrike rol in Nonnie se waardebepaling van 'n man, want sy beskryf haar vader ook dikwels aan die hand van sy geestelike leierskap binne die gesin en gemeenskap. Verder kan afgelei word dat sy self ook aktief deelgeneem het in die gemeente, veral wanneer die ondersteuning van die ouderlinge se vroue verlang is. Koos was van mening dat hy homself so bemoei met die sake van die wêreld, dat hy eintlik nie waardig was om ouderling te wees nie.[81] Die redenasie het egter nie veel tot gevolg gehad nie, want met moontlike onderbrekings was hy in elk geval in 1894 steeds ouderling in die Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Kerk op Lichtenburg.[82]

Deur haar huwelik aan Koos de la Rey het Nonnie se lewe 'n nuwe dimensie betree. Haar Calvinistiese opvoeding binne 'n patriargale gemeenskap en die rolmodel wat haar ouers gebied het, het haar verwysingsraamwerk geskep waarbinne sy haar rol as vrou en moeder sou vertolk. Die wyse waarop sy haarself in haar herinneringskrif uitbeeld, gee duidelike blyke van haar idee van die nastreefbare eienskappe van 'n Boerevrou. Sy volg dus 'n prototipe na wat sy deur temas identifiseer en deur voorbeelde uit haar eie lewe beaam. Die hoofstukke wat volg, lewer 'n verdere bewys van hierdie ingesteldheid.

---

79 TA: A 313, 16, p.54: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915

80 P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*, p.158.

81 TA: A 313, 16, p.54: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

82 NGKA: Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1895, p.82.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



# III. DIE JARE 1880 TOT 1899

---

Die tydperk van 1880 tot 1899 bestaan uit 'n kaleidoskoop van gebeurtenisse in Nonnie se lewe. Die Eerste Anglo-Boereoorlog met al die uitdagings en veranderende omstandighede wat daarmee gepaard gegaan het, die uitbreiding van hul gesin, die verlies van beide Nonnie se vader en moeder, asook die verhuising na Elandsfontein, het binne die geslagsrolverdeling van hierdie tyd die gevolg gehad dat sy al hoe meer verantwoordelikhede op haar skouers moes neem. Die tradisionele rolvertolking van eggenote, moeder en dogter het duidelik in hierdie lewensfase die kern van haar singewing gevorm en haar diepgewortelde geslagspersepsies kom duidelik in haar vertellings na vore. Verder kan gelet word op die feit dat die grense van die tipiese vroulike sfeer, naamlik tuiste en huishouding, in haar geval noodgedwonge uitgebrei het na die handhawing van die boerdery en die bestuur van die plaaswerkers. Dit is 'n onderwerp waarna sy herhaaldelik terugkeer en sodoende is hardwerkendheid, determinasie en onverskrokkenheid karaktereienskappe wat sy haarself toe-eien.

## 1 ***DIE EERSTE ANGLO-BOEREOORLOG, 1880-1881***

Sedert die anneksasie van Transvaal in 1877, het 'n onstuitbare ontevredenheid teen Brittanje onder die Boere posgevat wat aanvanklik, tot 1880, heel vreedsaam verloop het. Met verloop van tyd het dit egter al duideliker geword dat militêre geweld tussen Boer en Brit die enigste uitweg sou wees om 'n skikking te bereik. Nonnie se vader, Hendrik Greeff, was kommandant van die Lichtenburg-kommando en Koos de la Rey was sy veldkornet.[1]

---

[1] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.50; H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets.* Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif,U.P., 1945, p.63.

Greeff het omstreeks die begin van November 1880 na Pretoria vertrek om met Paul Kruger samesprekings oor die dreigende oorlog te voer.[2] Ten spyte van die kritieke toestand wat teen hierdie tyd geheers het, het Koos de la Rey eers tuis vertoef om sy vrou met die geboorte van hul eerste seun, Adriaan, op 26 November 1880 by te staan.[3] Omstandighede het met die eerste skote van die Eerste Anglo-Boereoorlog op 16 Desember 1880 op Potchefstroom egter só dringend geword dat Koos in haas na die brandpunt moes vertrek.[4] Nonnie het tydens die oorlog op Lichtenburg gewoon en van die dorp af na die plaas omgesien.[5]

Die gevoelens wat Nonnie oor die oorlog in haar herinneringskrif openbaar, is uiters insiggewend, want bykans sonder uitsondering is dit herleibaar tot haar liefde vir die mans in haar lewe en die opofferings wat sy moes maak sodat hulle kon veg. Dit wil voorkom asof sy voel dat haar begeertes en behoeftes dikwels ter syde geskuif moes word vir 'n groter en meer omvangryke doel. Haar selfverloëning en opofferings word desnieteenstaande gekleur deur tekens van bitterheid en verwyt. In terugblik skryf sy: "…ocht wat heef ik betterheid doorgemaakt met oorlogen en dit land…".[6]

Kommandant H.A. Greeff het in Desember 1880 met 'n honderd manskappe na Potchefstroom beweeg om kommandant P.A. Cronjé by te staan.[7] Die Britte het hulself daar in 'n fort gevestig en kon dus nie verdryf word nie.[8] Die plan van aksie was om die fort te omsingel en dag en nag te bewaak om só die Britte van die buitewêreld te isoleer. Geen

---

[2] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.48.
[3] TA: A 1449,2, p.6: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey, ca. 1899-1902; TA: A 313, 16, p.55: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervinen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.8. In laasgenoemde bron noem J.E. de la Rey verkeerdelik 26 Desember as Adriaan se geboortedatum.
[4] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.48; F.A. van Jaarsveld (red.) e.a., *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,* p.108.
[5] TA: A 313, 16, p.58: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.
[6] *Ibid.,* p.55.
[7] H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, U.P., 1945, p.63 ; G, du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.29.
[8] F.A. van Jaarsveld (red.) e.a., *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,* pp.132-133.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



boodskappe of kos sou die Britte in die fort kon bereik nie en hopelik sou hulle dan moes oorgee.[9]

Greeff het elke aand self die wagte om die fort uitgesit en eers dan, wanneer hy heeltemal seker was dat alles onder beheer was, het hy gaan slaap.[10] Dit was 'n baie nat jaar en die reënweer het fisies baie van die Boere vereis. Omdat sy plig vir Greeff eerste gekom het, het hy hom selde daaraan gesteur as hy natgereën het. Die gevolg was dat hy koue gevat en sy gesondheid deur sy agterlosigheid verloor het.[11] Nonnie was baie ontsteld toe sy van sy siekte verneem het en dit kom voor asof sy die oorlog die direkte skuld daarvoor en vir sy latere dood gegee het.[12]

Nonnie was ook baie onrustig en bekommerd oor haar man wat daagliks voor die gevaar van koeëlvuur te staan gekom het. Sy het besef haar eggenoot kon enige oomblik deur die dood van haar geskei word. "Een trerege lod kande mijne wees…", het sy gekla.[13] Nonnie was reeds gewoond daaraan dat haar eggenoot selde tuis was en sy het geweet hoe om 'n boerdery te behartig en na sogenaamde mannewerk om te sien. Uit haar herinneringe[14] blyk dit dat sy egter nie emosioneel opgewasse teen die senutergende idee dat De la Rey as veldkornet in die oorlog kon sterf, was nie en die konstante gevaar dat dit sou kon gebeur, het baie van haar geëis.

Die beleg van Potchefstroom is op 21 Maart 1881 opgehef – weke nadat die wapenstilstand met 'n oorwinning vir die Boere reeds geteken is - waarop Cronjé en die ander manskappe vir 'n paar dae met verlof na hulle huise teruggekeer het. Greeff het met 'n patrollie van dertig man agter gebly om die orde te handhaaf.[15] Die mans wat huiswaarts gekeer

---

[9] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff*, p.29.
[10] *Ibid.*, p.30.
[11] TA: A 313, 16, p.55: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.
[12] TA: A 313, 16, pp.55-56: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915 ; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.50.
[13] TA: A 313, 16, p.56: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.
[14] *Ibid.,* p55.
[15] H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, p.99.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



het, is met opgewondenheid en blye verwagting ontvang.[16] Die vroue van die omgewing het almal, net soos Nonnie, hul bes probeer om alles in orde te hou terwyl hul mans hul lewens in die oorlog gewaag het. Met die mans se terugkeer, het die tradisionele geslagsrolverdelings weer gegeld en die vrouens kon weer fokus op die tipiese verantwoordelikhede binne die vroulike sfeer. Nonnie ontken glad nie dat dit swaar gegaan het nie. Die huishouding moes vlot verloop, die kinders moes versorg word en dan moes daar ook met 'n ysterhand toegesien word dat die boerdery nie agteruit gaan nie.[17]

Met De la Rey en Greeff se terugkeer in April 1881,[18] kom dit voor of Nonnie die sekuriteit in die mans se teenwoordigheid opnuut waardeer het. Dit sou egter eers 'n ruk duur voordat die egpaar weer kon terug trek plaas toe, omdat De la Rey steeds verantwoordelikhede as veldkornet gehad het en dit meer prakties was om op die dorp te woon. Toe hulle uiteindelik kon terugkeer plaas toe, het Nonnie se lewe weer genormaliseer.[19]

## 2 ***FEESVIERINGE BY PAARDEKRAAL***

Vol entoesiasme het die De la Rey-gesin nou voorberei op die groot feesvieringe wat van 13 tot 16 Desember 1881 by Paardekraal sou plaasvind. Dingaansdag sou gevier en die gunstige afloop van die Vryheidsoorlog ook in 'n stemming van dankbaarheid herdenk word.[20] Die gesellige reis met hul wa en osse na Paardekraal het die gesin en hul geselskap sowat 'n week geneem.[21] Daar was 'n skare van ongeveer

---

[16] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.52.
[17] TA: A 313, 16, p.58: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.
[18] H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, p.99.
[19] TA: A 313, 16, p.58: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915
[20] F.A. van Jaarsveld (red.) e.a., *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,* p.219; J. Meintjes, *De la Rey - Lion of the West,* p.52.
[21] TA: A 313, 16, p.59: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



15 000 mense te Paardekraal – almal blymoedig oor die vrede wat vir hulle aangebreek het.[22]

Trots het Nonnie toegekyk toe haar seuntjie Adriaan, wat skaars een jaar oud was, self 'n klip op die kliphoop gelê het wat ter herdenking van die Paardekraalfeesvieringe verrys het.[23] Ironies is die feit dat die klein seuntjie sy lewe in die Tweede Anglo-Boereoorlog sou verloor terwyl die Britte tydens dieselfde oorlog die Paardekraalmonument vernietig het.[24] Verrigtinge soos toesprake, gebede en velerlei vorme van plesier het deel van die aktiwiteite uitgemaak. Na die feesvieringe het De la Rey en sy gesin vol vreugde na hul woning teruggekeer.[25]

## 3 *DIE LAASTE JARE VAN H.A. GREEFF*

Greeff en sy skoonseun kon volgens Nonnie maar net nie op hul plase stilsit nie. Die gevolg was dat sy steeds verantwoordelik was vir die boerdery. Greeff was deur president Kruger aangestel as magistraat van Lichtenburg, terwyl De la Rey steeds die Naturellekommissaris vir Wes-Transvaal was.[26]

Reeds tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog het Greeff sy gesondheid in die aanhoudende reëns verloor. Toe hy na die oorlog die grens tussen Lichtenburg en Mafeking moes bepaal, het hy weer natgereën en met gevolg het hy ernstig siek geword.[27] Hy sou nooit weer volkome herstel nie en het maand na maand sieker geword.

Nonnie se vader was ook die eienaar van 'n winkel op die dorp. Saans het hy daar sy kantoorwerk afgehandel. Sy lessenaar was op 'n klein verhogie

---

[22] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.52.
[23] TA: A 313, 16, p.60: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[24] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.53.
[25] TA: A 313, 16, p.60: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[26] TA: A 313, 16, p.60: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.53.
[27] TA: A 313, 16, p.60: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



en toe hy een aand daar aftrap, het hy gestruikel en sy rug teen die kant van die trappie gestamp. Aanvanklik het Greeff hom min gesteur aan sy rugbesering, totdat hy besef het dat dit beslis erger was as wat hy vermoed het. Hy het groot las aan pyn in sy bene gehad wat later so erg was dat hy met 'n kierie moes loop. Die pyn het ook na sy arms versprei totdat hy verlam was. Vele besoeke aan dokters is afgelê. 'n Dokter Esselen van Potchefstroom het hom meegedeel dat sy rugmurg met die val beseer is.[28]

Toe Greeff vroeg in 1884 van die alombekende dokter Helversee van Volksrust verneem, wou hy hom so gou as moontlik gaan besoek. Hy was teen dié tyd heeltemal verlam en selfs sy spraak was aangetas. 'n Groot deel van die familie het saam met hom die reis aangepak. Nonnie en De la Rey het egter agtergebly om na alles om te sien. Met hul aankoms op die plaas Rooipoort in die distrik Volksrust het 'n groot teleurstelling op Greeff gewag. Die dokter was êrens in die Vrystaat en niemand het geweet wanneer hy sou terugkom nie. Mevrou Helversee wat wel tuis was, het die geselskap baie vriendelik ontvang en haar stoepkamer beskikbaar gestel vir Greeff om in te woon. 'n Week daarna is hy op 3 April 1884 daar oorlede. Die begrafnis is daar – ver van hul tuiste en die res van die familie – gehou. 'n Eenvoudige grafsteen is uit sandsteen gekap en opgerig waarna 'n bedroefde groep mense die terugtog aangepak het.[29]

Nonnie se lewe het intussen voortgegaan waar sy na de boerdery omgesien het terwyl De la Rey besig was om plase vir Greeff op te meet. Die posdiens van die tyd was nie altyd betroubaar en gereeld nie.[30] Nonnie was dus meer geïsoleerd as normaalweg, omdat haar ouers, 'n groot deel van haar familie en dan ook haar eggenoot ver van die plaas af was. Vir 'n geruime tyd het sy geen nuus van haar vader ontvang nie.

---

[28] G du Preez, *Kommandant H.A. Greeff,* p.33.
[29] *Ibid*.
[30] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.55.

Nonnie het haar kar met osse ongeveer teen die middel van April ingespan om haar man te gaan soek waar hy besig was om plase op te meet. Die kinders (behalwe vir haar babaseuntjie, Jacobus Herculaas) het sy in iemand se sorg gelaat. Na 'n dag se rit het sy haar man op 'n oop vlakte gevind waar hy bedrywig was. Reeds van ver af kon sy aan sy houding sien dat daar iets skort. Toe sy by hom kom, het hy die droewige tyding van haar vader se afsterwe aan haar oogedra. Net soos Nonnie, het De la Rey ook geen nuus van die Greeff-gesin self ontvang nie. 'n Man wat van Volksrust se kant gekom het, het die tyding aan hom oorgedra.[31]

Greeff se nageslag kon hul nooit met die idee versoen dat sy oorskot vyfhonderd kilometer van die plaas in 'n verlate graf moes lê nie. Dit is duidelik dat Nonnie ook ontevrede met die situasie was, want eers in 1898, etlike jare na sy dood, het sy 'n grafsteen van blouleiklip laat maak en op sy graf laat oprig.[32] Op 15 April 1944 – sestig jaar na sy dood - het haar jongste broer, kol. G.J. Greeff, gesorg dat H.A. Greeff in die familiebegrafplaas op Manana langs die oorskot van sy vrou herbegrawe is.[33] Die steen wat Nonnie opgerig het, is ook na Manana gebring.[34]

## 4 ***<u>SUZANNA MARIA GREEFF</u>***

Toe Suzanna Greeff na haar plaas teruggekeer het, was dit vir Nonnie opvallend hoe vinnig haar moeder se gesondheid agteruitgegaan het. Volgens haar het haar moeder daar slegter uitgesien as wat sy ooit in haar lewe kon onthou. Sy het nou swaar gesteun op De la Rey wat die plaaswerk betref.[35] Hy en Nonnie het haar getrou ondersteun en versorg.[36] Haar gesondheid het nooit herstel nie en sy het konstant met haar bors

---

[31] TA: A 313, 16, pp.62-63: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[32] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff XII, *Die Noordwester,* 1977.08.05, p.4; G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff,* p.37.
[33] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff XII, *Die Noordwester,* 1977.08.05, p.4.
[34] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff,* p.37.
[35] TA: A 313, 16, p.63: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[36] A.D. Bosman, Hendrik Adriaan Greeff XI, *Die Noordwester,* 1977.07.29, p.19.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



gesukkel. Toe sy boonop masels gekry het, het dit haar gesondheid nog verder geknou.[37]

Op die aand van 20 Januarie 1888 het sy haar dogters bymekaar geroep om aan hulle mee te deel dat sy besig was om te sterf. Alles was voorberei vir haar begrafnis – slegs die kis moes van die solder gehaal en afgestof word. Die volgende oggend is sy aangetref waar sy op haar rug, met haar hande oor haar bors gevou, gelê het.[38] So het Suzanna Maria Greeff op 21 Januarie 1888 op die ouderdom van 49 jaar gesterf.[39]

## 5 *ELANDSFONTEIN*

De la Rey se hartsbegeerte was reeds vir 'n geruime tyd om op Elandsfontein te gaan woon. Die enigste rede waarom hulle nie lankal daarheen verhuis het nie, was omdat Nonnie se moeder hulp op Manana benodig het. Na haar afsterwe het niks die De la Rey-gesin daarvan weerhou om hulle op Elandsfontein te gaan vestig nie.[40]

Toe die plaas nog die eiendom van H.A. Greeff was, het hy slegs 'n eenvoudge riethuis by 'n beeskraal opgerig. Verder was die plaas basies onbewerk en Nonnie-hulle moes dus van niks af 'n woning oprig. Eerstens het hulle die werf aangelê.[41] De la Rey is in 1885 verkies as kommandant van Lichtenburg, 'n betekking wat hy tot in 1893 beklee het, toe hy as Volksraadslid vir Lichtenburg verkies is.[42] Hy sou vir nege jaar lid van die Z.A.R. Volksraad wees. Bogenoemde pligte sou baie van De la Rey se aandag verg, met die gevolg dat Nonnie die meeste verantwoordelikheid vir die bou van hul woning op haar skouers moes neem. Die kennis wat sy tydens die vorige huisbouery opgedoen het, het

---

[37] G. du Preez, *Kommandant H.A. Greeff,* p.35.
[38] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.55.
[39] TA: Boedel O/3879, S.M. Greeff.
[40] TA: A 313, 16, p.64 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[41] LM: D 131, R. Krige, Huis van genl. Koos de la Rey, Elandsfontein, R. Krige, s.a., p.1.
[42] J. Oosthuizen, *Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die Uitlanders*, p.6.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



nou baie handig te pas gekom en die feit dat huisbou as "mannewerk" bestempel is, het haar teen dié tyd glad nie meer gepla nie. Uit die staanspoor is 'n "buitehuis" en 'n waenhuis gebou. Omdat hul gesin al hoe groter geword het, is daar egter so gou moontlik 'n enorme huis gebou. Die vertrekke was almal besonder ruim. De la Rey het daarop aangedring dat daar geen gange in die huis moes wees nie, want dit het hy gevoel, was 'n onnodige vermorsing van ruimte. Die vertrekke het dus een in die ander gelei. 'n Huis sou glad nie 'n boerewoning gewees het as dit nie 'n stoep gehad het nie. 'n Groot stoep is dus voor die voordeur met 'n gewel aan elke kant opgerig. Vier buitegeboue is opgerig en die tuin is ook aangelê.[43]

Daar was heelwat ontwikkeling wat nog op Elandsfontein moes plaasvind en Nonnie het groot planne gehad. De la Rey se aandag was egter, soos reeds genoem, nie altyd by die plaas nie en Nonnie, wat al gewoond was om haar man se plek in die boerdery vol te staan, moes self ingryp. Dit was beslis nie 'n maklike taak nie en sy noem haar oortuiging dat die plaas baie beter bewerk kon gewees het indien omstandighede anders was. Sy kom effens verbitterd voor omdat De la Rey sy pligte rakende hul huis en plaas so dikwels aan haar oorgelaat het, maar maak terselfdertyd van die geleentheid gebruik om aan te dui hoe vaardig en vol durf sy was om hierdie tipiese manlike take self, natuurlik met behulp van haar plaasarbeiders, te behartig.[44]

Die watervoorsiening op die plaas was baie swak. Vir Nonnie was dit 'n frustrerende ontwrigting, want sy wat so lief daarvoor was om dinge te plant, kon nie veel saai nie. Sy het heelwat breinkrag en energie ingespan om die waterprobleem so effektief moontlik op te los. Daar was 'n dam op die plaas en omdat heelwat reën daarin opgevang is, kon sy nou

---

[43] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.22; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.102.
[44] TA: A 313, 16, p.65: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



voortgaan om koring te plant, groentetuine aan te lê en haar vee te versorg. Die boerdery was volgens haar 'n groot sukses en die voorspoed het haar baie gelukkig gemaak.[45]

Die afhanklikheid van reën het op Nonnie se senuwees begin werk, veral toe sy gesien het hoe die dam se watervlak begin sak het. Sonder ophou het sy na 'n alternatiewe waterbron gesoek. Daar was 'n fontein wat deur vroeëre swart inwoners toegestop is om wild makliker op een plek waar hulle water gedrink het, te jag. Met behulp van 'n aantal getroue plaaswerkers het sy daarin geslaag om die fontein oop te grawe. Nonnie was so betrokke daarby dat sy ure onder die koeltebome deurgebring het om toe te sien hoe sake vorder.[46] Met die fontein wat nou sterk geloop het, was die waterprobleem opgelos en het sy bewys dat sy in staat was om vernuftige planne te beraam en uit te voer.

## 6 ***DIE JAMESON-INVAL***

Terwyl Nonnie nog hard besig was om na water op die plaas te soek, was daar 'n kort onderbreking toe die jaar 1895 tot 'n einde gekom het. De la Rey was Kersfees tuis en hulle het besluit om die Nuwejaar by sy ouers op Schweizer-Renecke te gaan vier. Daar was nie genoeg plek vir al die kinders om saam te gaan nie en vriende het hulle kom oppas. Laat die Oujaarsnag het Koos en Nonnie by sy ouers aangekom met die voorneme om 1896 met groot feesviering binne te gaan. Skaars was hulle daar of die nuus van die Jameson-inval, nie ver daarvandaan nie, het hulle bereik. Gou-gou is daar koek en ander lekkernye geëet en sonder rus is die pad terug na Elandsfontein aangepak.[47] De la Rey sou hierna nog besiger word en minder tuis deur sy vrou en kinders gesien word.

---

[45] TA: A 313, 16, pp.65 en 67-68: Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
[46] *Ibid.*, pp.68-69.
[47] *Ibid.*, pp.64-65.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 7 *KINDERS*

Soos reeds verskeie male genoem is, het die De la Rey-gesin aansienlik uitgebrei. Die meerderheid van Nonnie se kinders is in die tydraam van hierdie betrokke hoofstuk gebore. Hier volg 'n volledige lys van al die kinders en hul geboortedatums:

| | | |
|---|---|---|
| 1) Susanna Maria Magrieta | - | 4 Januarie 1878 |
| 2) Adriana Wilhelmina | - | 21 Februarie 1879 |
| 3) Adriaan Johannes Gysbertus | - | 26 November 1880 |
| 4) Hendrik Adriaan | - | Januarie 1882, sterf na sewentien dae |
| 5) Jacobus Herculaas | - | 11 Desember 1883 |
| 6) Hendrik Adriaan Greeff | - | 1 September 1885 |
| 7) Jacoba Elizabeth | - | 19 Februarie 1887 |
| 8) Johanna Elizabeth | - | 12 Januarie 1889 |
| 9) Pieter | - | 6 Junie 1890, oorlede Maart 1891 |
| 10) Magdalena Maria Magrieta | - | 20 Februarie 1892 |
| 11) Hester Gertina | - | 9 November 1894 |
| 12) Gabriel Johannes | - | 20 April 1897 [48] |

Toe Nonnie se moeder in 1885 gesterf het, het Nonnie haar vier opgeskote kinders ook onder haar vlerk geneem. Hulle was:

| | | |
|---|---|---|
| 1) Gabriel Johannes | - | 3 September 1870 |
| 2) Susanna Maria | - | 4 Julie 1872 |
| 3) Anna Catrina | - | 23 November 1875 |
| 4) Abram Izak | - | 20 Maart 1878 [49] |

Daar was nog twee ander kinders, Hendrik de la Rey en Jacobus Brugman (geboortedatums onbekend) wat onder haar pleegsorg gekom het. Dit was beslis nie speletjies om na soveel kinders te kyk nie, maar

---

[48] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.12.
[49] TA: Boedel O/3879, S.M. Greeff.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Nonnie het haar pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van moederskap met groot toewyding nagekom. De la Rey het blykbaar nooit 'n hand op een van die kinders gelê om hulle 'n pakslae te gee nie. Dié deel van die opvoeding het hy eerder aan Nonnie oorgelaat.[50]

Behoorlike skole was maar skaars en Nonnie moes met haar beperkte opvoeding nog onderwyseres ook speel.[51] Teen 1893 het De la Rey 'n Engelse goewernante van Kimberley, Miss Lennert, aangestel om die opvoedingstaak verder te behartig.[52] Hoe lank sy by die De la Reys werksaam was, is nie duidelik nie, want in dieselfde jaar van haar aanstelling het Lichtenburg 'n volwaardige goewermentskool met Gert van Wyk as skoolhoof gekry. Ada de la Rey, onder andere, het die jaar 'n spesiale sertifikaat vir goeie vordering by die inspekteur F. B. Crots ontvang.[53] Dit is dus duidelik dat van die kinders in die skool geplaas is. Nonnie se jonger suster, Anna Catrina Greeff, wat ook by hulle gewoon het, is in 1895 met Gert van Wyk getroud.[54]

Nog 'n huwelik sou die De la Rey-gesin te beurt val. Dié keer was dit Nonnie se oudste dogter, Susanna Maria Magrietha (Sannie) wat op 8 Februarie 1899 met Jacobus Brugman getroud is.[55] Nonnie was aanvanklik nie ingenome met die huwelik nie. Sy kon niks teen Brugman se karakter sê nie, dit was waarskynlik net moeilik om te aanvaar dat haar oudste dogter nou oud genoeg was om haar ouerhuis te verlaat. Dit herinner aan Nonnie se moeder se aanvanklike teenkanting teen haar huwelik. Die jong egpaar het in Pretoria gaan woon. Ten spyte daarvan dat Pretoria 'n groot afstand van Lichtenburg was, het Nonnie later die geleentheid gekry om heelwat tyd saam met haar dogter deur te bring wanneer De la

---

50 J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.33.
51 TA: A 313, 16, p.66 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
52 J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.68.
53 A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985,* p.87.
54 LM: 07/1255, p.4: G.H. van Wyk, My verblyf van sewentig jaar in Lichtenburg, 23.03.1963; TA: A 313, 16, pp.66-67 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.
55 TA: A 313, 16, p.67 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915 ; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.623.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Rey vir die volksraadsitting na Pretoria moes gaan en sy hom vergesel het.[56]

Die jare 1880 tot 1899 is 'n tydperk waarin Nonnie haar plek as Boerevrou en moeder binne haar gemeenskap gevind het. Haar uitbeelding van haarself as vrou in verhouding tot haar man, kinders en ouers en haar identifisering met die ideaalbeeld van die Afrikanervrou soos opgelê deur die patriargale samelewing waarin sy haar bevind het, dui daarop dat dit vir haar van belang was om as 'n rolmodel gesien te word. Deur haar uitbeelding van haarself, die aspekte waaraan sy in haar ego-dokumente aandag gee, bring sy die leser onder die indruk dat sy in alledaagse omstandighede reeds oor die eienskappe van 'n edele Afrikanervrou beskik het.

Sy het verder ook oor die vermoë beskik om by moeilike omstandighede aan te pas en dit te selfs te omskep in iets positief – 'n eienskap wat aan behoudsmag gekoppel kan word. As voorbeeld kan genoem word hoe die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880 tot 1881 asook De la Rey se latere regeringspligte daartoe gelei het dat sy afwesigheid Nonnie geleer het om die verantwoordelikhede wat gewoonlik op die man se skouers gedra word op haar eie te neem. So was die boerdery en die opbou van Elandsfontein aan haar te danke. Verder het die uitbreiding van hul gesin, met al die sorge wat daarmee gepaard gaan, 'n gelukkige milieu geskep waarin Nonnie vir lank nie 'n eensame oomblik te vrese gehad het nie. Selfs tydens die daaropvolgende Tweede Anglo-Boereoorlog waar sy en haar man maar min van mekaar te sien sou kry, sou haar kinders aan haar sy wees om haar te ondersteun en by te staan. Bogenoemde aanpasbaarheid, saam met haar onverskrokkenheid en behoudsmag, was seker die belangrikste elemente wat haar sou in staat stel om die gevare van die Tweede Anglo-Boereoorlog te deurstaan.

---

[56] TA: A 313, 16, p.67 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 5 en 6 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 7 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



# IV. DIE ANGLO-BOEREOORLOG, DEEL 1: OKTOBER 1899 - NOVEMBER 1900

Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899, het 'n tydperk van lyding en ontwrigting aangebreek wat alle groepe van die Suid-Afrikaanse samelewing sou raak. Die Boerevroue in besonder het genoegsame rede gehad om die oorlog as 'n bittere skeidsmuur tussen hulle en hul geliefdes te ervaar. Vol durf moes hulle die onsekerheid van elke dag oorkom en terselfdertyd die verantwoordelikhede wat onder normale omstandighede aan mans toegeskryf is, op hul skouers dra. Noue kontak met die dood, materiële verlies en fisiese ongemak was elemente waarmee alle vroue geworstel het, hetsy op hulle op hul plase, in konsentrasiekampe of in die veld gewoon het. Omstandighede was moeilik tydens beide die stellingkrygsfase en die guerrillafase van die oorlog.

Nonnie de la Rey was 'n vrou wat van geeneen van bogenoemde elemente gevrywaar was nie. In haar stryd om oorlewing het sy 'n helderoem verwerf. Die Anglo-Boereoorlog kan in haar lewe in twee fases verdeel word, naamlik die fase waartydens sy in die distrik Lichtenburg woonagtig was (Oktober 1899 tot November 1900) en daarna die fase wat gekenmerk word as haar swerwersjare (Desember 1900 tot Mei 1902). Om orde en logiese redenasie te handhaaf, word hierdie twee tydperke in twee afsonderlike hoofstukke bespreek. Gevolglik word daar in hierdie hoofstuk aandag gegee aan haar ervaring van die oorlog terwyl sy steeds in Lichtenburg gewoon het.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 1 ***OORLOGSBESEF***

Terwyl Nonnie en die kinders die vreedsame lewe op die plaas geniet het, het Koos de la Rey toegewyd sy plek in die stryd tussen Boer en Brit ingeneem en het as volksraadslid alles in sy vermoë gedoen om die Regering te oortuig om 'n oorlog teen Brittanje af te weer. Daar is getuienis dat op 27 en 28 September 1899 daar 'n geheime Volksraadsitting belê is waar De la Rey se uitgesprokenheid teenoor Kruger groot opspraak verwek het. Terwyl hy verduidelik het waarom hy 'n oorlog teenstaan, het Kruger driftig teen hom uitgevaar. De la Rey het hierop gereageer deur Kruger te belowe dat hy nog in die veld sal veg vir die Boere se onafhanklikheid lank nadat Kruger en sy party die land uitgevlug het – min wetend hoe profeties hierdie opmerking eintlik was.[1]

Toe die onafwendbaarheid van 'n tweede Anglo-Boereoorlog egter bevestig is, het hy sy vrou per telegram van die dreigende oorlog verwittig. Nonnie se herinnering van hierdie mededeling was soos volg: "… wat komd my daar spoedig te gemoed een telegram van myn man dat my de wrede tijdeng breng dat de oorlog geproklameer is tegen ons…".[2]

De la Rey is met die uitbreek van die oorlog as adviseur van generaal Piet Cronjé aangestel en het op 1 Oktober 1899 vanaf Pretoria vertrek om Cronjé, wie se taak dit was om die Britse troepe aan die westergrens te isoleer en uit te wis, by Mafeking oor 'n plan van aksie te beraadslaag.[3] Daarna, op 2 Oktober het De la Rey na sy familie op Lichtenburg gegaan waar hy enkele dae vertoef het.[4] Op 'n krygsraadsitting is daar besluit om die kommando's op die wesfront in twee te verdeel. Die kommando's van Zeerust, Rustenburg en Wolmaransstad sou oos van Mafeking laer trek en die kommando's van Lichtenburg en Potchefstroom wes daarvan.[5]

---

[1] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* pp.79-81.
[2] TA: A 313, 16, p.69: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.
[3] J. Oosthuizen, *Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die Uitlanders*, p.7.
[4] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West,* p.101; F. Pretorius, *1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog,* p.15.
[5] H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, p.186.

Op 4 Oktober het De la Rey, as veggeneraal van die Lichtenburg kommando, na Polfontein, 'n plaas ongeveer veertig kilometer wes van Lichtenburg vertrek. Vol onsekerheid het Nonnie van haar eggenoot afskeid geneem. Sy was besorgd oor wat van haar en die kinders sou word en het besef dat daar mans sou wees wat nou só vol durf vertrek het, wat nooit sou terugkeer nie. Die afskeid was egter nie so finaal as wat sy verwag het nie, want nadat De la Rey 'n paar dae in die laer was en daar nog niks gebeur het nie, het hy besluit om terug na sy plaas te gaan. Hy het 'n dag saam met sy familie deurgebring en daarna weer na die hooflaer vertrek.[6]

Net soos die ander vernaamste offisiere se eggenotes, het Nonnie ook vir 'n wyle na die front gegaan.[7] Op 12 Oktober 1899, 'n paar dae na De la Rey se vertrek en 'n dag nadat die oorlog uitgebreek het, het sy haar spider ingespan om hom op Polfontein te gaan besoek. Die hooflaer was volgens haar groot en sy het baie vriende en kennisse daar ontmoet.[8]

## 2 ***AFSKEID***

Tot Nonnie se bittere teleurstelling het 'n opdrag dieselfde aand (12 Oktober 1899) gekom dat De la Rey se perdekommando na Kraaipan, suid van Mafeking, moet vertrek. Die doelwit was om Mafeking en Kimberley, die twee hoofdorpe van die westergrens, vroegtydig van mekaar te skei sodat hulle apart aangeval kon word. De la Rey moes dringend die treinspore en telegraafdrade tussen die twee plekke vernietig en daarna moes die Britse eenheid by Kraaipanstasie aangeval word.[9] Spoedig is alles in gereedheid gebring en die rumoer van die middag is deur 'n doodse stilte vervang. Sy het die nag in die laer

---

[6] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.5; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.70; H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, p.187.
[7] F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.323.
[8] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.5; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.102.
[9] H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, p.195.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



deurgebring om die volgende oggend na die plaas terug te keer. Daar het sy in gespanne afwagting gehoop op nuus. Na 'n dag van stilte het sy verneem dat daar krygsgevangenes per trein by Kraaipan aangekom het en dat daar geen ongevalle aan Boerekant was nie.[10] Die eerste geveg was 'n groot oorwinning vanweë die strategiese voorsprong wat die Boere, danksy De la Rey, by Kraaipan behaal het.

Dit is opvallend hoe Nonnie se innige belangstelling in die verloop van militêre sake gelei het tot 'n betrokkenheid wat selfs as 'n oordrewe nuuskierigheid bestempel kan word. Skaars 'n dag of twee nadat sy van die nuus by Kraaipan verneem het, het sy die laer wat nou na Rietfontein, ook naby Mafeking, verskuif het, weer besoek.[11] Almal was volgens haar in goeie luim en gereed om nou na Kimberley op te ruk. Sy het soveel tyd moontlik met haar man en twee oudste seuns spandeer en het selfs twee dae saam met die laer getrek. In haar herinneringskrif deel sy die leser trots mee hoe haar seun (waarskynlik Adaan) vir die eerste keer 'n maaltyd voorberei het en hoe veldkornet Hans Coetzee hom daarop gekomplimenteer het.[12] Hierdie herinneringe sou sy vir altyd koester omdat sy Adaan nooit weer sou sien nie.

Die aand van die tweede dag moes Nonnie terugkeer en so het die tyd vir afskeid nou waarlik aangebreek. De la Rey het 'n ent saam met haar gegaan, maar haar twee seuns, Adaan en Jacobus, moes by die laer bly. Die feit dat sy nie seker was of sy hul ooit weer sou sien nie, het die afskeid hartverskeurend gemaak, maar ten spyte van moontlike persoonlike verlies, het sy soos vele ander vroue, die mans in haar lewe aangespoor om te gaan veg. Besorgd het sy hulle gemaan om godvresend te wandel en vertroos met die woorde dat indien sy hulle nie weer op aarde sou sien nie, sy hoop om hulle in die hemel te sien. Die nag het De la Rey en sy

---

[10] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.5-6.
[11] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.106.
[12] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.6.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



gade by die huis van 'n mnr. Du Toit oorgeslaap, waarna hy die volgende oggend by die laer moes aansluit. Nonnie het na die plaas teruggekeer om daar 'n oog oor die boerdery te hou en die kinders te versorg.[13]

Alhoewel Nonnie al vir 'n geruime tyd gewoond was aan haar man se afwesigheid weens regeringsake, het sy die skeiding wat die Tweede Anglo-Boereoorlog teweegebring het, moeilik verwerk. Uit haar herinneringskrif kan afgelei word dat sy gespanne op iedere brokkie nuus gewag het. Sy het van al die gevegte verneem en was bewus daarvan dat die kommando van Vryburg na Kimberley verskuif het. 'n Telegram, met die nuus dat De la Rey na Modderrivier, suid van Kimberley, is, het haar bereik.[14] Alhoewel Nonnie per telegram op hoogte van haar man se suksesse gehou is, blyk dit dat sy konstant angstig oor sy krygsoptrede was.

## 3 *BESOEK VAN GENERAAL PIET CRONJÉ*

Terwyl Nonnie doenig was met haar daaglikse aktiwiteite op die plaas, het generaal Piet Cronjé op 17 November 1899 'n berig van die Staatsekretaris ontvang om die bevel buite Mafeking aan generaal J.P. Snyman te oorhandig en om De la Rey met soveel manskappe as wat hy kon mis, na Modderrivier te stuur om lord Methuen se aantog na Kimberley te stuit.[15] Krygsraad is gehou en daar is besluit om die volgende dag, Saterdag 18 November, te vertrek. Die beplande eindbestemming na die eerste dag se reistog was die plaas van die De la Rey-gesin.[16]

Die gasvryheid van Nonnie en haar gesin het hier duidelik na vore gekom, want geen moeite is gespaar om die verblyf van die Cronjé-egpaar en hul geselskap so aangenaam moontlik te maak nie. 'n Heerlike maaltyd is op 'n spierwit tafeldoek voorgesit – iets waaraan Cronjé en sy geselskap

---

[13] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.7.
[14] *Ibid.*, pp.7-8.
[15] H.P. van Coller, *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets*, pp.200-202.
[16] J. Ploeger, Met genl. Cronjé aan die Wesfront, *Africana aantekeninge en nuus*, 17(3), September 1966, pp.113-114.

na 'n ongerieflike tentlewe nie meer gewoond was nie. Na die aandete is daar soos enige gewone aand huisgodsdiens gehou – dié keer gelei deur generaal Cronjé. Die Lichtenburgse landdros, J.H. Maartens, en sy eggenote het die Cronjé-egpaar kom besoek. Cronjé en sy geselskap het egter nie 'n lang nagrus geniet nie, want reeds voor drie-uur die volgende oggend was hy gereed om te vertrek.[17]

## 4 ***ADAAN***

Sondag 26 November 1899, iets meer as 'n week nadat Cronjé op Nonnie se plaas oornag het, was dit haar oudste seun Adaan se negentiende verjaardag.[18] Haar gedagtes was konstant by haar seun en die oggend toe sy haar susters oppad kerk toe ontmoet het, het hulle almal swaarmoedig geword omdat hy sy verjaarsdag onder oorlogsomstandighede moes vier.[19]

Nonnie het angstig op nuus van die front gewag. Maandag het sy niks gehoor nie. Teen Dinsdagaand het sy 'n telegram met die boodskap dat alles wel was, ontvang. Sy het haar verbly oor die nuus alhoewel sy dieselfde aand 'n kommervolle en slapelose nag gehad het. Dou voor dag die volgende oggend het sy met dieselfde swaar gemoed wakker geword. Die wolke was die oggend dig gepak en nadat dit gereën het, het Nonnie buite rondgestap. Iemand (waarskynlik een van die kinders) het haar skielik geroep en juffrou Maartens, dogter van die landdros, se aankoms bekendgemaak. Sy het deur die huis gestap en Nonnie in die agterplaas ontmoet.[20]

---

[17] J. Ploeger, Met genl. Cronjé aan die Wesfront, *Africana aantekeninge en nuus*, 17(3), September 1966, p.114.

[18] TA: A 1449, 2, p.6: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp. 116-117; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.8. In laasgenoemde bron beweer Nonnie de la Rey dat Adaan op 26 Desember verjaar het. Chronologie in haar eie herinneringskrif bevestig egter dat dit 26 November was.

[19] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.8; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.117.

[20] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* pp.8-9.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



De la Rey het 'n droewige boodskap, gedateer 29 November 1899, aan sy vrou via die landdros van Lichtenburg gestuur.[21] Die boodskap het gelui: "Heden ontsliep ons geliefde zoon Adriaan zoo zach in mijn armen aan een kogel wond hem gisteren in een hevig gevecht is toegebracht. Het lyk zal morgen alhier te Jacobsdal ter aarde besteld worden: Hoe hard het ook voor ons allen is God heeft het alzoo besloten zijt verder gegroet."[22]

Bogenoemde gebeure het plaasgevind tydens die slag van Tweeriviere op 28 November 1899. De la Rey self is die dag ongeveer 14:00 deur 'n bomskerf in die regterskouer getref, maar het steeds saam met sy seun Adaan op en af langs die gevegslinie beweeg om sodoende die vegtende burgers aan te moedig. Teen sononder is Adaan egter ernstig deur 'n bomskerf gewond. Hy het heelwat pyn ervaar en nadat De la Rey hom op 'n stil plek neergelê het, wou hy van sy seun weet: "Dink jy jy sal hiervan sterwe?". "Ja vader", het Adaan geantwoord. De la Rey kon geen ambulans kry nie en moes sy seun na afloop van die slag self 14 km verder na die hospitaal op Jacobsdal dra. Met dagbreek die volgende oggend het hulle daar aangekom waar Adaan 'n uur later in De la Rey se arms aan sy wonde beswyk het.[23]

Die nuus van Adaan se dood was vir Nonnie 'n swaar slag soos blyk uit 'n menigte bronne. In haar ongepubliseerde herinneringskrif het sy jare na sy dood verbitterd geskryf: "… hoe weyneg west ik… dat ik hem moet grood maakt ver de koegel en nog te meer een vreesleike kanon kougel… acht wat is de mens tog niteg…".[24] Haar grootste troos in hierdie tyd het sy in God gevind. Dit kom voor of sy konstant haar geestelike ore vir enige vertroostende boodskap van Bo oopgehou het. So het sy opgemerk dat

---

[21] J.H. Meyer, *Kommando-jare, 'n oudstryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog,* p.56; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.169.
[22] TA: Leyds-argief, 711(d), Telegram, J.H. de la Rey – N. de la Rey, 29.11.1899.
[23] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika II,* pp.82 en 84.
[24] TA: A 313, 16, p.59 : Herinneringe van mev. De la Rey, ca. 1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



ds. H.J.L du Toit van die Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Kerk, Lichtenburg, die Sondag na Adaan se dood as teksvers Openbaring 21:7 – "… En ik zal hem een God zijn en hij zal mij een zoon zijn" – gebruik het.[25] Haar geloof in God en die Bybel as bron van vertroosting het in tye soos dié 'n groot rol in haar lewe gespeel. Desnieteenstaande was sy verpletter oor haar verlies. Sy was egter nie die enigste een wat die verlies sou voel nie, want in haar herinneringskrif deel sy die leser mee dat dit nie net sy was wat 'n seun verloor het nie, maar baie het 'n vriend verloor. Die ganse Lichtenburg het hom geken en bemin.[26]

## 5 ***BESOEK AAN DE LA REY***

'n Paar uur voordat Adaan in die slag van Tweeriviere op 28 November noodlottig gewond is, het 'n bomskerf De la Rey self in die regterskouer getref. Alhoewel hy heelwat pyn moes verduur, het hy steeds probeer om sy pligte na te kom. Teen 5 Desember het sy gewonde skouer hom erg begin pla.[27] Hy het ook nog nie sy vrou en kinders na die dood van Adaan gesien nie. Die gevolg was dat hy die volgende boodskap per telegram aan die Staatsprokureur gestuur het:

> Daar ik nog altijd het verzwegen heb ter wille van mijn familie dat ik ook een bom in mijn arm gekregen heb in het gevecht te Modderrivier (geheel licht) schijnt het toch of de familie het al gehoord heeft en behalve onze groote verlies de wij geleden hebben wil ik u verzoeken mijn vrouw een vrij kaart per post verkrijgen van Lichtenburg naar De la Reyslager. Ik hoop dat Ued. spoedig hierop zal antwoorden en indien er niet aan voldaan kan worden kan ik een ander plan maken om zelf naar huis te gaan als Ued. aan kan voldoen geliewe het vrij kaart dan maar eens naar Lichtenburg te zenden.[28]

---

[25] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.9.
[26] *Ibid*.
[27] TA: A 1449, 2, p.6: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika II,* p.112.
[28] TA: Leyds-argief, 712(d), Telegram, J.H. de la Rey – Staatsprokureur, 05.12.1899.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Of Nonnie 'n gratis reiskaartjie aangebied is, is nie heeltemal duidelik nie, want sy het in ieder geval nie daarvan gebruik gemaak nie. Sy het self die tog na haar man en seun Koos (Jacobus) aangepak. Na vier dae het sy die Vaalrivier bereik vanwaar sy die hewige kanonvuur op Magersfontein kon hoor.[29]

Toe De la Rey verneem dat sy eggenote oppad na die laer was, het hy en sy seun uitgery om haar te ontmoet en dan na die laer te vergesel.[30] Hulle het mekaar egter net-net gemis en sy het sonder hulle by die laer aangekom. Daar het sy haar broer Jan Greeff raakgeloop en hy het haar alles aangaande Adaan se dood vertel.[31]

Met De la Rey se aankoms by die laer het Nonnie vir die eerste keer daarvan gehoor dat hy ook op die slagveld gewond is. Die pyn het duidelik baie van hom geverg, maar vol deursettingsvermoë het hy met Nonnie aan sy sy na Magersfontein gegaan. Daarvandaan is hulle na Jacobsdal waar sy vrou wou sien waar Adaan begrawe is. Alhoewel sy heel teleurgesteld was om te sien dat sy graf niks meer as 'n hoop grond was nie, was sy tevrede om te weet waar sy liggaam lê.[32] Die besoek aan sy graf het haar moontlik gehelp om sy dood te verwerk.

Nonnie wou nie net sy graf sien nie, maar ook die klere wat hy laaste aangehad het. Dit kon by die hospitaal besigtig word in 'n kamer waar die gestorwenes se klere uitgelê was. De la Rey het Adaan se broek daar gevind wat hy kon uitken aan die gat wat die koeël gemaak het. Sy het ook die geleentheid gekry om met die verpleegster te gesels wat hom in sy laaste lewensure versorg het.[33]

---

[29] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.11.
[30] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.183.
[31] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* pp.11-12.
[32] *Ibid.,* p.13.
[33] *Ibid*.

Omdat De la Rey self ongesteld was en die geselskap van sy gade verlang het, het hy op 8 Desember reeds 'n telegram aan die Kommandant-generaal gestuur. Hierin het hy verduidelik dat hy te siek was om by sy perdekommando in die veld te bly en dat hy by die laer sou wag op herstel.[34] Toe hy en Nonnie dus vanaf Jacobsdal teruggekeer het, het sy 'n leë huis naby Magersfontein betrek terwyl hy amptelik in die laer gaan bly het.[35] Die vraag kan gevra word waarom Nonnie nie ook in Cronjé se laer wou gaan bly soos sy voorheen wel gedoen het nie. In haar gepubliseerde herinneringskrif stel sy duidelik dat sy nie in die laer wou bly nie, maar voer nie 'n rede aan nie.[36] 'n Geldige verklaring mag egter wees dat sy daarvan bewus was dat daar 'n kennisgewing op 7 Desember voorgelees is waarvolgens die Kommandant-generaal bepaal het dat die verblyf van vroue en kinders in die laers verbied is.[37]

Niks het Nonnie daarvan weerhou om die laer dikwels te besoek nie en De la Rey het sekerlik soms by haar in die huis kom bly. Sy noem dat hulle soggens die skote op Magersfontein kon hoor.[38] Die tyd wat hulle saam deurgebring het, het De la Rey beslis goed gedoen, want op 15 Desember het die Staatspresident 'n telegram ontvang waarin De la Rey berig dat hy die volgende dag weer aktief in die verdediging van sy land en volk betrokke sou wees.[39]

Nonnie het steeds aangebly en Kersfees saam met haar man deurgebring. Sy noem dat mense van oral-oor lekkernye gestuur het om dit vir hulle aangenaam te maak. Die Nuwejaar het ook aangebreek. De la Rey het op 6 Januarie 1900 van generaal Cronjé verneem dat hy na

---

[34] TA: KG746, Telegram, geen no., J.H. de la Rey – Kommandant-generaal, Modderrivier, 08.12.1899, p.429.
[35] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.13; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog,* p.183.
[36] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.13.
[37] F. Pretorius, *Kommandolewe,* p.324.
[38] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.13.
[39] TA: A 313,6, Telegram, geen no., J.H. de la Rey – Staatspresident, Modderrivier, 15.12.1899.

Colesberg moet vertrek.[40] Nonnie het Sondagaand 7 Januarie saam met De la Rey in Bloemfontein aangekom waar hy 'n spesiale trein na Colesberg moes kry.[41] Hulle het op die stasie van mekaar afskeid geneem waarna Nonnie ook die volgende trein na Transvaal gehaal het.[42]

## 6 *KROONSTAD*

Nonnie het na haar kinders op Elandsfontein teruggekeer. Daar was almal nog veilig en gesond. Die werk op die plaas het ook nie opgehou nie en sy het haarself bedrywig gehou om só die dae korter te maak.[43] Intussen het sy konstant nuus van die front gekry, waarmee De la Rey haar gereëld ingelig gehou het.[44]

Twee maande het verbygegaan toe Nonnie hierdie keer na Kroonstad gegaan het om haar man te sien.[45] Bloemfontein het pas op 13 Maart 1900 in Britse hande geval, en die Boerekommando's het in 'n noordelike rigting geretireer. De la Rey was bewus daarvan dat sy oppad was, want hy het sy militêre sekretaris, Ignatius Ferreira, gestuur om haar op Vereeniging te ontmoet en verder te begelei. Die spoorwegamptenare daar het haar treinwa egter Sondag 18 Maart om vyfuur die oggend op 'n syspoor gestoot. Sy was daar vir 25 uur vertraag. De la Rey was sodoende verplig om self na Vereeniging te gaan om haar te ontmoet. Om sesuur die Maandagoggend is die wa aangehak en was hulle eindelik onderweg na Kroonstad. Met hul aankoms in Kroonstad het De la Rey onmiddellik daarvan werk gemaak om sy ontevredenheid met die onaanvaarbare optrede van die spoorwegamptenare te Vereeniging per telegram aan die spoorwegkommissaris in Pretoria bekend te maak.[46]

---

40 J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.192.
41 TA: A 1449, 2, p.10: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey.
42 J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.193.
43 J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.14.
44 J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.221,226 en 242.
45 J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.14.
46 J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.251.

De la Rey het nog dieselfde dag skielik siek geword en moes in die bed bly. Nonnie het hom bygestaan en versorg terwyl Ferreira hom gehelp het om sy werk deur middel van telegramme en korrespondensie onverpoos voort te sit.[47] Sy het aanvanklik beoog om teen 26 Maart na Elandsfontein terug te keer, maar het haar verblyf verleng om te wag totdat De la Rey beterskap getoon het.[48] Kort daarna was sy gesondheid van so 'n aard dat sy gerus was om terug te keer.[49]

## 7 ***ELANDSFONTEIN – KONFRONTASIE MET DIE BRITTE***

Nonnie was skaars terug op die plaas toe De la Rey na Mafeking moes gaan. Hy het op 14 Mei by die beleëraars van Mafeking aangekom en op 16 Mei 'n verbete maar onsuksesvolle poging aangewend om kolonel B.T. Mahon se ontsettingspoging te fnuik. Lord F.S. Roberts en sy magte was intussen besig om van Bloemfontein na Pretoria te beweeg. President Paul Kruger het die opdrag aan De la Rey getelegrafeer om so spoedig moontlik na Frederikstad, tussen Potchefstroom en Krugersdorp, te beweeg. Op 23 Mei het De la Rey gou op Elandsfontein aangedoen. Hy het nie lank vertoef nie, want twee dae later het hy en sy kommando in die rigting van Frederikstad beweeg. Volgens Nonnie was die Boere gejaag om daar aan te kom, aangesien Roberts se magte baie sterk was. Vir Nonnie was dit 'n raaisel wat volgende sou gebeur en sy het dit die beste geag om te sit en wag vir die Britte se aankoms in Lichtenburg.[50]

Vyf dae nadat die Boere die Lichtenburgse distrik verlaat het, het daar 'n groot aantal swartes gekom en al die vee gebuit. Volgens die skrywer Johannes Meintjes het hulle op Britse bevel gehandel.[51] Die vroue en kinders is uiters sleg behandel en almal het bedreig gevoel. 'n Paar dae na

---

[47] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.251-252.
[48] TA: Leyds-argief, 762, Telegram, J.H. de la Rey – J. Brugman, 26.03.1900.
[49] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.14.
[50] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* pp.14-15; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.166.
[51] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.171.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



hierdie ontwrigtende gebeurtenis, het die Britse soldate self Lichtenburg binnegekom.[52] Sake het nou vinnig versleg vir diegene wat in die distrik gewoon het.

Nonnie was doenig in haar tuin op die plaas toe sy sewe perderuiters gewaar. Sy het so gou as wat sy kon na die huis gehardloop, maar was reeds te laat: Vier gewapende soldate het buite gestaan terwyl drie ander genadeloos verwoesting binne die huis gesaai het. Sy het by die deur tot stilstand gekom, waar een soldaat van haar wou weet aan wie die huis behoort. Nadat hulle veneem het dat dit generaal De la Rey se woning was, het hulle daarop aangedring dat sy hom uit die huis moes bring. Teen dié tyd het sy genoeg gehad en onverskrokke het sy geantwoord dat hulle hom maar self daar kon uithaal. Sy kon dit in ieder geval nie doen nie aangesien hy weg was op kommando. Hulle wou weet hoe lank hy al weg was en daarna het hulle nog 'n paar vrae aan haar gestel. Voor hul vertrek het hulle eers alles wat hulle wou hê, uit die huis geneem.[53]

## 8 ***<u>VERHUIS NA DORPSHUIS</u>***

Die plaas was nou nie meer 'n veilige woning vir Nonnie en die kinders nie. De la Rey het self ook bekommerd geraak en sy vrou aangeraai om eerder op die dorp te gaan woon.[54] Sy en die kinders het gevolglik hul dorpshuis betrek. Dit was heelwat veiliger want die huis was noordaangrensend aan die algemene handelsaak van 'n Indiër genaamd Ajam Abed. Hy was De la Rey en sy gesin besonder goedgesind, omdat De la Rey 'n deel van die dorpserf tot sy lewenslange beskikking vir die voer van sy besigheid gestel het. Abed sou Nonnie en die kinders in die

---

[52] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.15.
[53] *Ibid.,* pp.15-16.
[54] *Ibid.,* p.15;
E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk,* p.212.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



geheim van voedsel en ander lewensmiddele voorsien terwyl die Britte Lichtenburg beset het.[55]

## 9 ***GENERAAL A. HUNTER***

Al wat Nonnie na die koms van die Britte en die plundering van die swart groepe oorgehad het, was twee perde – een was nog haar seun Adaan s'n. Op 'n dag het sy beleef hoe haar perde deur Britse soldate uit die stal geneem word. Sy kon dit nie oor haar hart kry om net toe te kyk hoe die Britte Adaan se perd neem nie. Sonder perde sou sy in elk geval gestrand gewees het. Die tyd het dus aangebreek om haar voet neer te sit. Meer sou sy nie duld nie. Sy het daarop aangedring om die bevelvoerder, generaal Archibald Hunter, meteens te spreek. Daar is aan haar versoek voldoen en sy het van die geleentheid gebruik gemaak om haar saak behoorlik te stel. Eerstens het sy gekla oor die gebeure op haar plaas en tweedens het sy vertel wat met haar perde gebeur het. Van die perde het Hunter niks geweet nie en hy het beloof om navraag te doen. Die volgende dag is haar perde terugbesorg. Sy het ook 'n boodskap ontvang dat geen skade aan die plaaswoning aangerig sou word nie, alhoewel die Britse soldate steeds voortgegaan het om alles te vernietig.[56]

## 10 ***OMSTANDIGHEDE VERERGER***

Nonnie het nooit geweet wat om die volgende te verwag nie. Elke aand het sy gevrees wat die volgende dag kan inhou. Sy was intussen ook gewaarsku dat Hunter op soek was na 'n geldige rede om haar en haar dogter uit Lichtenburg te kry (die Britte het blykbaar nie besef dat sy nog ander kinders ook het nie). Of daar enige waarheid in hierdie gerugte oor Hunter se gesindheid gesteek het, is moeilik te bepaal. Soms het sy gaan kyk wat op haar plaas aangaan, maar sy het so ongemaklik gevoel met

---

[55] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865 –1985,* pp.100-101.
[56] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.16.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



al die Britse soldate daar, dat sy keer op keer maar weer die pad gevat het. In weersin merk sy op hoe die Britte begin het om die besittings van die Boere in die omgewing te verbrand.[57]

Moontlik teen die einde van Julie of begin van Augustus 1900, ongeveer twee maande na die aanvanklike besetting van Lichtenburg op 26 Mei 1900,[58] het die Britte uit die omgewing onttrek. Op 10 Augustus het De la Rey en generaal Jan C. Smuts in Lichtenburg aangekom. Die inwoners van Lichtenburg was verlig dat die Britse magte weg was en volgens Smuts het daar 'n opgeligte atmosfeer geheers. "The women laughed, and baked and cooked for the commandos and told yarns of the British occupation. The future was hid from all of us, and on its dark background the sanguine patriotism of the people was painting visions of victory and freedom. Not lightly, not frivolously, were they looking to future success."[59]

Hierdie optimisme sou egter weer vinnig deur die daaropvolgende realiteite van die oorlog vervaag word. In 'n poging om generaal Christiaan R. de Wet in te haal en te ontmoet waar hy en sy Vrystaatse kommandos deur Lord H.H. Kitchener noordwaarts gejaag is, het De la Rey en Smuts op 14 Augustus na die distrik Rustenburg vertrek.[60]

## 11 ***GENERAAL C.W.H. DOUGLAS***

De la Rey was skaars weg toe die Britte onder leiding van generaal C.W.H. Douglas die dorp in September beset het.[61] Verwoesting sou nou verder volg, soos Nonnie gou weer ervaar het toe hulle al haar skape by die plaas kom haal het. Die wanhoop wat Nonnie ervaar het, kom duidelik na vore waar sy noem dat nadat die Britte alles gevat het, hulle weer diep

---

[57] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* pp.19-20.
[58] L.S. Amery, *The Times history IV,* p.224.
[59] J. Smuts, *Memoirs of the Boer war* (eds. S.B. Spies and G. Nattrass), p.104.
[60] *Ibid.,* p.105.
[61] L.S. Amery, *The Times history V,* p.56.

kon asemhaal.[62] Die vrees om gevang te word, het teen dié tyd haar sin vir materiële verlies oorskadu. Sy het na die plek gegaan waar die skape op haar plaas aangehou is en daar een van haar swart skaapwagters gevind waar hy getrou op haar gewag het. Hy het daarin geslaag om tweehonderd van hul skape terug te kry en het hulle op 'n veilige plek versteek. Nonnie en die kinders het nou tenminste nog iets gehad om hulle aan die lewe te hou.[63]

Douglas het 'n ent uit die dorp beweeg en De la Rey het gou van die geleentheid gebruik gemaak om sy vrou te besoek. Toe Douglas egter hiervan hoor, het hy met sy troepe terug gehaas, maar De la Rey was te vinnig vir hulle en het alweer die pad gevat. Die Britte het nou hul aandag daarop toegespits om De la Rey te vang. Eie aan Nonnie se karakter, het sy besluit om die Britte te wys dat sy en haar familie beslis nie besig was om van die honger om te kom soos wat hulle vermoed het nie. Sy het van die meel wat De la Rey vir haar gebring het, gebruik om brood te bak soos sy van kleins af gedoen het en twee vars brode na Douglas gestuur.[64] Hoe hy op die gebaar gereageer het, is nie duidelik nie.

Die Britte het steeds voortgegaan met hul soektog na De la Rey. Die gerug het die loop gedoen dat twintigduisend Britse soldate agter hom aan was en dat daar geen kans op ontsnap was nie. Nonnie was vol vertroue dat haar man te rats vir hulle was en het gesê hulle moet hom maar vang as hulle kan en as hulle dit regkry, moet hulle hom tog net goed behandel. 'n Paar dae daarna was De la Rey steeds vry en die sogenaamde twintigduisend soldate kon hom nie vaspen nie.[65]

---

[62] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.20; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.173.
[63] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.173.
[64] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.20.
[65] *Ibid.,* pp.20-21.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 8 (sien dokument genaamd “illustrasies”)

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 12 ***EERSTE KONTAK MET LORD METHUEN***

Dit was nog lank nie die einde van die Britte se teenwoordigheid in Lichtenburg nie. Lord Methuen se kwartiere was teen November 1900 in die dorp en probleme sou van nuuts af vir Nonnie opduik.[66] Eerstens wou hy haar perde kom haal. Sy het volstrek geweier en aangedring op 'n geleentheid om self met Methuen te praat. Nadat sy voet by stuk gehou het, is sy aangesê om hom die volgende oggend om nege-uur te gaan spreek.[67]

Die volgende oggend het Nonnie vol durf haar opwagting gemaak, maar moes aanhoor dat Methuen te besig was om haar te spreek. Sy was woedend en het geen twyfel gelaat dat sy nie langer vir die gek gehou sou word nie. Net toe sy op haar wa wou klim, het een van Methuen se amptenare gekom om haar te verwittig dat Methuen haar wel kon sien. Sy is na hom vergesel en hoflik wou hy weet wat hy vir haar kon doen.[68]

Nonnie het geantwoord dat hy nie veel vir haar kon doen nie, want sy het reeds al haar vee verloor. Al wat sy hom wou vra, is dat hy nie haar twee perde moet neem nie, want die een het nog aan haar gestorwe seun, Adaan, behoort. Dit wil voorkom of Methuen as persoon 'n besonder simpatieke en vriendelike mens was, want hy het haar hand geskud en haar beloof dat die perde nie van haar weggeneem sou word nie. Sy het hom bedank en tevrede na haar tuiste teruggekeer.[69] Moontlik het sy vir Methuen as 'n iemand met dieselfde rang as haar man gesien, en was gevolglik nie deur hom geïntimideer nie. Dit is ook opvallend dat sy, wanneer sy kwaad was of gevoel het dat sy onregverdig behandel is, dit dikwels bevraagteken en haar standpunt gestel het. Sy het nie alles bloot

---

[66] L.S. Amery, *The Times history V,* p.58.
[67] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.21.
[68] *Ibid*.
[69] *Ibid*.

aanvaar nie en kon onregverdigheid nie duld nie. Haar onverskrokkenheid is seker een van haar sterkste eienskappe.

Op 'n dag het Methuen 'n besoek by Nonnie afgelê. Hy het geworstel met 'n bevel wat hy ontvang het om haar huis af te brand. Hy het met haar daaroor kom gesels en sy wou van hom weet wat van haar en die kinders sou word as hy dit sou doen. As oplossing het hy aangebied om een huis staande te laat bly. Sy was beslis nie ingenome met hierdie kompromis nie en het gesê: "Al schijnt gij ook nog zoo onbarmhartig, God is genadig".[70] Sy moes die wind geheel en al uit sy seile gehaal het, want al wat hy gesê het was dat dit baie moeilik was vir hom, maar dat hy verplig was om sy bevele te gehoorsaam. Hy het vertrek sonder om enige geboue aan die brand te steek.[71]

## 13 ***ONWELKOM IN LICHTENBURG***

Die beproewinge uit Britse hand wou net nie die wyk neem nie. Die volgende slag het gekom toe Nonnie teen drie uur namiddag op 'n dag die boodskap ontvang het dat sy en haar dogter binne 'n halfuur na Mafeking oppad moes wees. Die Britte was nie bewus daarvan dat sy meer kinders gehad het nie en toe sy wou weet wat van die res van die kinders sou word, was die offisier heel verbaas. Nadat al die kinders byeen geroep is, het sy toestemming gekry om almal saam te neem.[72]

Nonnie se woede het weer opgevlam en sy wou weet waarom sy weggestuur word. Die antwoord was dat sy skuiling aan haar man gebied het toe hy in Lichtenburg was. Dit het sy nie ontken nie en het selfs so ver gegaan as om te sê dat sy dit weer sou doen. Sy het genoeg gehad en het haar standpunt onomwonde gestel:

---

[70] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.22.
[71] *Ibid.*
[72] *Ibid.,* pp.22-23.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



> In plaats van onze zaak afbreuk te doen, versterkt elk optreden tegen ons de zaak honderdvoudig. Waar nu één te wreken is, zullen er honderd gewroken worden. Hij kan mij maar stuur waar hij wil, het zal aan de zaak niets af doen. Ik had niet gedacht onder Hare Majesteit zoo slecht behandeld te worden; als zij met de mans niet konde klaar komen, omdan met de vrouwen aan te gaan.[73]

Hierop was daar nie veel te antwoord nie en die boodskapper het onverrigter sake na Methuen teruggekeer.[74]

Kort daarna het sy die boodskap ontvang dat sy nie beveel is om te vertrek nie, maar dat dit beter vir haar sou wees om dit te doen. Hiermee het sy aanvanklik glad nie saamgestem nie. Na 'n lang geredekawel is daar ooreengekom dat een van die swartes na kommandant H.C.W. Vermaas sou gaan om vir 'n span osse te vra sodat hulle tog maar kon vertrek. Nonnie het vyf dae gewag voordat die osse gekom het. Intussen het sy alles in gereedheid gebring, want sy wou vertrek voordat die Britte weer van plan verander en sy dalk moes bly.[75] Uit haar ferm optrede kan afgelei word dat sy onwrikbaar by haar besluite bly al was sy aanvanklik teen haar wil gedwing om dit te neem. Toe die osse eindelik gearriveer het, het sy so spoedig moontlik haar wa gelaai. Vriende het kom groet en hul kommer oor haar en die kinders uitgespreek. Dit kom voor of sy nou opgewonde begin raak het om haar swerwerstog aan te pak. Sy het haarself daaraan vertroos dat God steeds saam met haar sou gaan al bly haar vriende in Lichtenburg agter.[76] Toe sy op haar wa klim, het sy 'n nuwe fase in haar lewe betree.

---

[73] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* p.23.
[74] *Ibid.*
[75] E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk,* p.212; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* pp.24-25.
[76] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog,* pp.25-26.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## V. DIE ANGLO-BOEREOORLOG, DEEL 2: DESEMBER 1900 – MEI 1902

---

Op die reënerige Saterdag van 1 Desember 1900 het Nonnie met ses kinders, waarvan die jongste drie jaar oud en die oudste vyftien jaar oud was, drie bediendes, melkkoeie, skape, hoenders en 'n wa volgelaai met allerlei benodighede, uit Lichenburg vertrek. Nonnie wat saam met haar volwasse dogter, Ada, op die spider agterna gekom het, het gewonder wat van hulle sou word.[1]

Ten spyte van haar onsekerheid oor die toekoms, was Nonnie goed geskool om onder moeilike omstandighede in die veld te oorleef. Die pionierslewe waaraan sy vroeg in haar lewe saam met haar ouers gewoond geraak het, het haar onwetend op haar swerwersbestaan tydens die oorlog voorberei. Nou het sy seker die belangrikste fase van haar lewe betree. Met merkwaardige onverskrokkenheid het sy die vreemde in 'n stryd om oorlewing aangedurf. Hierdie tydperk in haar lewe was só aangrypend dat haar herineringe in 1903 in Nederlands en kort daarna in Engels gepubliseer is.

Nonnie was seker die bekendste van al die vroue wat tydens die oorlog voortvlugtend gebly het om sodoende die konsentrasiekampe te vermy. Met die vedesamesprekings by Vereeniging was generaal Louis Botha van mening dat daar sowat 2 540 gesinne nog in die veld was vir wie die Transvaalse kommando's sorg. Na raming was daar teen die einde van die oorlog dus ongeveer 10 000 vroue en kinders in die Transvaal in die

---

[1] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.26; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.193-194; Nonnie skryf verkeerdelik dat die 1ste Desember 1900 'n Vrydag was en Meintjes het haar nageskryf. Dit was 'n Saterdag.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



veld en tussen 2 000 en 4 000 vroue en kinders in die Vrystaat.[2] Slegs 'n paar van hierdie vroue het hul ervaringe in die veld gepubliseer, waarvan Nonnie se herinneringskrif, ***Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog***, een was.[3] Bogenoemde bron was van onskatbare waarde in die studie van haar omswerwinge van Desember 1900 tot Mei 1902, wat vervolgens tematies behandel word.

## 1 ***VERBLYF***

Net soos 'n mens geheg raak aan 'n kamer waarin hy slaap, verduidelik Nonnie, het sy lief geword vir haar wa. Al haar besittings was in hierdie wa gelaai en snags het dit 'n welkome beskutting teen wind en weer gebied. Sy onthou hoe haar bediendes, wanneer 'n storm opgesteek het, moes swoeg om die seil styf genoeg gespan te kry sodat die wind dit nie heeltemal van die wa afwaai nie. Bedags, wanneer die son op sy warmste was en daar geen bome of koelte in die omgewing te vinde was nie, het sy en die kinders maar noodgedwonge onder die wa gaan lê. Dit was egter nie altyd gemaklik op die grond nie, veral nie vir Nonnie wat effens geset was nie.[4]

Die wa alleen het nie genoeg slaapplek vir Nonnie en die kinders gebied nie en gevolglik is 'n tent opgeslaan wanneer daar uitgespan is. Nonnie meen dat sy op haar gelukkigste was wanneer sy die tent onder 'n klomp koeltebome kon opslaan en die grond in die tent kon bedek met groen gras. Dikwels moes hulle in die middel van die nag vlug en dan wanneer hulle in die stikdonker tot ruste wou kom, moes die tent eers opgeslaan word al kon hulle nie eens hul hande voor hul oë sien nie.[5]

Soms was Nonnie gelukkig genoeg om op plaashuise af te kom wat nie heeltemal deur die Britte vernietig is nie. Al het slegs een vertrek nog 'n dak

---

[2] F. Pretorius, *Kommandolewe*, *p.333*..
[3] F.J. Stemmet, *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog*, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O, 1973, p.433.
[4] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.29 en 47.
[5] *Ibid*., p.46.

opgehad, was dit goed genoeg vir die geselskap om tydelike intrek daar te neem. Die plek is egter eers skoongemaak, selfs al sou hulle net 'n middag daar vertoef om skuiling teen die skroeiende middagson te soek. Op 'n keer teen die middel van 1901 het hulle selfs 'n leë skool te Rietfontein betrek en op Badenhorst, 'n klein dorpie nie te ver van Lichtenburg nie, was daar 'n verlate winkel wat goed genoeg was om in te vertoef.[6] Sy het soms gevrees om lank stil te staan, maar ander kere "gelukte het mij ook een week of een paar dagen stil te staan."[7]

Nonnie het haarself partymaal in 'n omgewing bevind waar daar geen geskikte geboue was om in te bly nie en dit te gevaarlik was om oop en bloot uit te span. In so 'n geval het die gesin selfs in plekke soos spelonke weggekruip. De la Rey het aan die begin van Mei 1901 sy familie in 'n diep spelonk naby Bokkraal gekry. Volgens De la Rey het die voortvlugtende families in die distrikte van Rustenburg en Marico bykans elk hul eie spelonk waarheen hulle ten tye van gevaar kon vlug.[8]

'n Ander keer het sy in die Zwartruggens, diep in die berge waar die Britte nie normaalweg sou kom nie, gebly. Dit was 'n mooi boomryke gebied en die Maricoriver het daar verbygeloop. Nonnie het besluit om so lank moontlik daar te vertoef en gevolglik het sy dit die moeite werd geag om meer permanente konstruksies op te rig. Sy het 'n oond gebou om haar brood in te bak, 'n hut vir haar en haar kinders opgerig en 'n stal vir die perde en 'n kraal vir die skape gemaak. Sy het dit geniet om hier te woon, maar De la Rey was van mening dat dit te koud in die veld is en dus moes sy en haar kinders weer verder trek.[9]

Hulle was nie altyd geheel en al alleen nie. Tydens die eerste twee maande van haar swerwersbestaan, het Nonnie in die distrik Rustenburg op die plaas Zuurfontein saam met die Kritzinger-familie gewoon. Teen

---

[6] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.25 en 29.
[7] *Ibid.*, p.46.
[8] TA: A 1449, 2, p.47: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.455.
[9] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.35-36.

Meimaand 1902 was sy ook woonagtig op die plaas Corsica, die eiendom van 'n mnr. Meyer.[10] Daar was ook tye wanneer sy by die kommando's aangesluit het. Op 19 Januarie 1901 was sy byvoorbeeld by De la Rey se laer op Bapsfontein met 'n lastige tandpyn. De la Rey het 'n nota aan 'n tandarts van die omgewing, dr. Van der Merwe, gestuur, waarin hy vra dat die dokter die volgende dag sou kom om sy vrou se tand te trek.[11]

Vanaf Desember 1900 tot Mei 1902 het Nonnie met haar voortvlugtende gesin dus op 'n groot variasie van plekke gewoon. Omstandighede was soms haglik en die skuilplekke was nie almal ewe gerieflik nie. Hulle was egter genoodsaak om die beste van elke omstandigheid te maak en het gevoel dat hul veel slegter daaraan toe kon gewees het indien hulle in 'n konsentrasiekamp sou beland het.

## 2 ***VOEDSEL***

Toe Nonnie op 1 Desember 1900 uit Lichtencburg gery het, het sy melkkoeie, skape en 'n fuik met hoenders saamgeneem om haar en haar kinders en bediendes van voedsel op hul swerwerstog te voorsien. Ajam Abed, die Indiër handelaar, het verder gesorg dat sy ook 'n goeie voorraad suiker, koffie, rys, meel en ander lewensmiddele gehad het.[12]

Met jong kinders wat konstant honger is, was die melkkoeie vir Nonnie van onskatbare waarde. Wanneer sy niks anders gehad het waarmee sy hul honger kon stil nie, het sy gou eers die koeie gemelk. Melk het die kinders, veral haar jongste kind Jannie (Gabriel Johannes), tevrede gehou. Karringmelk en botter is gemaak deur melk in 'n erdekom op die wa te hou. Deur die geskud van die wa is die melk tot botter gekarring en harde handewerk is so gespaar. Enkele maande voor die vrede van Vereeniging

---

[10] TA: A 313, 5, Telegram, Ian Hamilton – Koos de la Rey, 15.05.1902; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.80-81.
[11] TA: A 313, 8, Brief, De la Rey – Dr. Van der Merwe, 19.01.1901.
[12] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.26; A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p. 213.

op 31 Mei 1902 het die Britte egter haar melkkoeie gekonfiskeer.[13] Sonder melk kon sy nie klaarkom nie en vroeg in Meimaand het sy weer twee melkkoeie bekom.[14]

Net soos wat melk 'n absolute noodsaaklikheid vir die kinders was, het 'n mens selde 'n Afrikaner ontmoet wat sonder sy koffie kon klaarkom. Toe Nonnie in Desember 1900 met 'n voorraad koffie uit Lichtenburg vertrek het, het die meeste burgers suiwer koffie alreeds as 'n luukse bestempel.[15] Eers teen die einde van die oorlog het Nonnie self uit voorraad geraak en moes sy die voorbeeld van die burgers volg om 'n plaasvervanger te soek. Sy het patats in klein blokkies gesny, dit oor die vuur gerooster en dan in 'n verhouding van 'n kwart maat koffie en 'n driekwart maat patats gemeng. Die mengsel is dan fyngemaal om volgens haar 'n goeie plaasvervanger vir suiwer koffie te bied. Tee was nie naastenby so populêr as koffie nie. Slegs een keer noem sy dat hulle tee voor slapenstyd gedrink het.[16]

Suiker was ook al skaars op kommando toe Nonnie se swerwersjare begin het.[17] Nie een keer in haar herinneringskrif kla sy egter oor 'n tekort aan suiker nie. Met die Nuwejaar van 1901 het C.G.C. Rocher, assistent militêre sekretaris van De la Rey, net soos heelwat ander burgers probeer om heuning te koop. Hy het op "Nuwejaarskoek" wat van heuning in plaas van suiker gemaak is, afgekom en ook daarvan vir De la Rey en Nonnie geneem waar hulle op die plaas Zuurfontein in die distrik Rustenburg was.[18] Nonnie was moontlik toe nog gewoond aan die beskikbaarheid van suiker en het waarskynlik nie die soetigheid so baie soos die burgers waardeer nie. Sy noem egter dat haar kinders teen die tweede helfde van 1901 in die berge rondgestap het op soek na wilde heuning.[19]

---

[13] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.65, 71-75 en 89.
[14] *Ibid.*, p.86.
[15] F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.72.
[16] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp. 65 en 90.
[17] F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.72.
[18] TA: A 787,62, p.142: Herinneringe van C.G.C. Rocher.
[19] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.36.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 9 en 10 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Vrugte en groente is maklik bederfbaar en Nonnie kon dus nie staatmaak op wat sy van Lichtenburg saamgeneem het nie. Konstant is daar op plek na plek gesoek vir enige vars groente en vrugte. Dit kom ook voor of hulle dikwels daarsonder moes klaarkom, want as gevolg van die toepassing van die verskroeideaardebeleid is die meeste groentelanderye verwoes. Wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, het sy self gesaai wat sy kon. So het sy omstreeks September 1901 in die Lichtenburgdstrik mielies gesaai. Volgens haar het almal gesaai en geplant net waar hulle moontlik kon. Die enigste probleem was dat hulle nie altyd geweet het hoe lank hulle op 'n sekere plek sou kon vertoef nie en dus kon hulle dit wat hulle gesaai het maklik verloor as hulle moes vlug. Niks het hulle egter gekeer om weer na dieselfde plek terug te gaan om te kyk of enigiets gegroei het en dit dan te oes nie. Gevestigde vrugteboorde was nie so maklik tydens die verskroeideaardebeleid vernietig nie. In die distrik Lichtenburg het Nonnie by geleentheid hul wa vol vrugte gelaai toe hulle by so 'n boord verbygegaan het. Die tevredenheid was volgens haar groot wanneer die kinders vrugte kon geniet.[20] Lekkernye was oor die algemeen andersins baie skaars.

Blykbaar was dit 'n gereelde taak van Nonnie om so deur die vlugtery brood te bak en die ervaring wat sy reeds as kind met die Greeff-gesin se reistogte onder die knie gekry het, het haar hier handig te pas gekom. Dit was telkens 'n probleem om 'n bruikbare oond in die hande te kry. Toe sy teen ongeveer die middel van 1901 in die berge van Zwartruggens gaan skuil het, was oondbou een van die eerste dinge wat sy gedoen het. Aan die begin van 1902 het sy op Putfontein tydelik by generaal J.C.G. Kemp se laer aangesluit. Sy was besorgd oor die burgers wat nie brood gehad het nie en het besluit om dadelik iets aan die saak te doen. Na 'n lang soektog het sy 'n oond gekry en ten spyte daarvan dat dit vir haar gelyk het asof die konstruksie nie sou deug nie, het sy een van haar bediendes

---

[20] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.35,40 en 45-46.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



gevra om 'n vuur te begin. Die brood en beskuit wat sy hierin gebak het, wou net nie gaar word nie, maar rou brood was volgens haar beter as geen brood. Ten minste kon sy die burgers van iets voorsien.[21]

Toe Methuen met die slag van Tweebosch op 7 Maart 1902 gewond is, het Nonnie onder andere beskuit aan hom gestuur. Die meel het egter nie vir altyd gehou nie en toe haar voorraad tydens die laaste paar maande van die oorlog gedaan was, moes sy haar koffiemeule gebruik om nuwe meel te maak. Brood is op kommando tydens die guerrillafase as stapelvoedsel deur mieliepap vervang.[22] Dit rym met die feit dat Nonnie noem hoe hulle ook pap op 'n miershoop gekook het.[23]

Vleis was gedurende die guerrillafase seker die belangrikste vorm van stapelvoedsel. Met die oog daarop om konstant genoeg vleis tot hul beskikking te hê, het Nonnie 'n aantal skape en hoenders uit Lichtenburg saamgeneem. Nie een keer noem sy dat daar 'n tekort aan hoendervleis was nie. In Maart 1902 het sy nog 'n vet hoender gehad wat sy vir Methuen geslag het. Bees-en skaapvleis het later al hoe skaarser geword en veral teen die einde van die oorlog was daar bykans niks meer te slag nie. Sy moes nou staatmaak op die goedgunstigheid van sommige burgers wat die vroue van enkele skape en beeste vir slagdoeleindes voorsien het.[24]

Net soos die Boere op kommando, het Nonnie grootliks daarop staatgemaak om drinkwater in die veld te kry.[25] Dit kom voor asof hulle darem altyd water gehad het, alhoewel sy teen die einde van die oorlog noem dat die water by die plaas Corsica besonder vuil was, omdat 'n groot aantal mense, insluitende die Britse troepe, ook daarvan gebruik

---

[21] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.36 en 42-43.
[22] F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.67.
[23] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.60,64 en 87.
[24] *Ibid.*, pp.60 en 86.
[25] F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.70; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.46.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



het. Die probleem was dat die water hier op die beste troebel was en dat dit nie slegs as drinkwater gebruik is nie, maar aan alle waterbehoeftes moes voorsien.[26]

Omstandighede was nie van die maklikste tydens die oorlog nie en voedseltekorte was 'n faktor wat almal geraak het. Nonnie spog dat haar kinders, selfs haar jongste seuntjie van ongeveer ses jaar, besef het dat hulle maar net geduldig moes wag wanneer hul moeder niks gehad het om hulle te ete aan te bied nie.[27] Ten spyte van die dikwelse onsekerheid oor waar die volgende maaltyd vandaan sou kom, was sy nog altyd mededeelsaam. C.G.R. Rocher skryf van Nonnie: "Zy gaf ook soverre het in haar vermogen was zulks te doen vergetende dat zy zelf alles eens zal nodig hebben zy zeide steeds die Heere zal wel zorgen. Brave hart…"[28]

## 3 ***KLERASIE EN ANDER LEWENSMIDDELE***

Met die rondswerwery was dit bitter moeilik om nuwe klere in die hande te kry en moes Nonnie en die kinders net soos die burgers op kommando, alles in hul vermoë doen om die klere wat hulle gehad het, langer te laat hou. Sy het haar kinders geleer om self met die lapwerk van hul verweerde klere te help. Dit het moontlik tot gevolg gehad dat hulle meer versigtig was en probeer het om alles heel te hou. [29]

Dit kom voor of skaapvel in die meeste gevalle gebruik is om die klere te lap en Nonnie meen dat hul meester looiers geword het. Die burgers het hierdie gelapte kledingstukke "gepantserde" klere genoem. Haar getuienis dat rokke en baadjies dikwels van komberse gemaak is, stem heeltemal ooreen met dié van die Boere op kommando.[30] Teen die einde

---

[26] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.86.
[27] *Ibid.*, p.75.
[28] TA: A 787, 62, p.153: Herinneringe van C.G.C. Rocher.
[29] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.78 en 101-102.
[30] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.90; F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.93.

van die oorlog, toe die kinders bykans niks meer gehad het om te dra nie, het die avontuurlustige generaal Kemp 'n Union Jack en kort daarna die groen kleed van 'n snoekertafel uit die hotel op Wolmaransstad wat as offisiersmenasie gedien het, vervreem. Opgewonde oor die stukke bruikbare materiaal, het Nonnie dadelik aan die werk gespring en kinderklere daarvan gemaak. Hoe komieklik 'n Boerekind in 'n rokkie van die Union Jack gelyk het, is maklik te verbeel. Spitsvondig het een van die burgers opgemerk dat De la Rey se kinders nou "bullet-proof" was.[31]

Gare om naaldwerk mee te doen was ook skaars. Nonnie-hulle het 'n stuk seildoek of selfs skoenveters uitgerafel om die rafels dan as gare te gebruik. Wol het hulle self van hul eie skape gekry waarmee die dogters dan onder andere sokkies en kouse gebrei het.[32]

Die ernstige tekort aan seep, wat die kommando's reeds vroeg in die oorlog ervaar het, is spoedig ook deur Nonnie gevoel. Reeds teen die middel van 1901 was al haar seep gedaan en moes sy vir plaasvervangers soek. Aanvanklik het sy gebrande voëlent gebruik wat as soda in die vervaardiging van seep gedien het. Teen September van dieselfde jaar het sy by iemand gehoor dat die salpeter wat van 'n muur by Schoonspruit afgeskuur is, uitstekende seep maak. Sy het 'n hele sak daarvan bekom en genoeg seep om haar vir 'n lang tyd te hou, gemaak. Dit is nie bekend of sy ook die as van mieliestronke as soda gebruik het soos die Boere op kommando wel gedoen het nie, maar sy noem wel dat sy stysel van groenmielies vervaardig het.[33]

Kerse was 'n ander noodsaaklikheid waarsonder Nonnie-hulle nie maklik in die donker sou kon klaarkom nie. Tydens die tweede helfte van 1901 het

---

[31] D. Claassen, Genl. Koos de la Rey se kinders se klere uit Union Jack gemaak, *Vista*, 2(13), 1966.06.25, p.1.
[32] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.101-102.
[33] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.36,40-41 en 88; F. Pretorius, *Kommandolewe*, pp.76-77.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



sy waar sy op Drinkfontein, distrik Lichtenburg, uitgespan het, kerse gemaak. Sy was in die middel van die proses, die water en die vet was reeds warm, toe sy kanonvuur gehoor het. Sy kon nie net alles so los nie en terwyl die osse ingespan is, het sy gou die kerse klaargemaak. Gelukkig vir haar het hulle in die proses ongedeerd daarvan afgekom.[34]

Porselein het maklik tydens die trekkery gebreek. Nonnie het darem daarin geslaag om een of twee koppies en pierings heel te hou, maar dit was nie genoeg vir die hele gesin nie. Leë konfytblikke is gevolglik in koppies of bekers omskep, 'n gebruik wat ook nie vreemd vir ander vlugtende vroue asook die burgers op kommando was nie.[35] Wat messe, vurke en ander eetgerei betref, kom dit voor of sy genoeg daarvan van Lichtenburg saamgeneem het, want nie een keer word daar blyke van 'n tekort gegee nie.

Wes-Transvaal het heelwat boomlose gebiede waardeur Nonnie moes trek. Die tekort aan brandhout was dus dikwels 'n wesenlike probleem. Orals waar daar wel bome was, is hout versamel, maar wanneer daar nie 'n boom in sig was nie, het sy en haar bediendes uitgekyk vir miershope wat aan die brand gesteek kon word. Dit het soms lank geduur voordat die kos op so 'n miershoop wou gaar word. Wanneer die nood erg gedruk het, het hulle selfs een van die osse se jukke in stukke vuurmaakhout gekap.[36]

---

[34] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.37.
[35] TA: A 1449, 2, p.63: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.37; F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.78.
[36] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.64-65

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 11 en 12 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 4 ***GODSDIENS***

Godsdiens en die beoefening daarvan was in die algemeen 'n baie belangrike faktor in die daaglikse lewe van die Boer. Die oorlog het hierdie godsdienssin in die heelwat gevalle verder na vore gebring[37], so ook in die lewe van Nonnie. Telkens tydens haar omswerwinge het sy haar geloof as emosionele en geestelike anker gebruik en ten tye van swaarmoedigheid het sy geredelike troos in die Bybel gevind.[38]

Of die hele gesin daagliks huisgodsdiens gehou het, is nie absoluut seker nie. Volgens Boeretradisie kan dit egter aanvaar word dat daar een of ander vorm van daaglikse godsdiensbeoefening was. Nonnie was in ieder geval opgevoed om huisgodsdiens te hou. Sy het wel 'n boek met dagstukkies gehad[39] wat sy waarskynlik soggens en/of saans gelees het.

Dit is verder opvallend dat Nonnie in haar gepubliseerde herinneringskrif noem dat sy op 'n rustige Sondag, wat 'n basiese voorvereiste vir 'n eervolle sabbat was, gehoop het.[40] Wanneer sy die burgers op kommando op 'n plek teëgekom het, het sy gewoonlik van die geleentheid gebruik gemaak om saam met hulle aan hul godsdienstige aktiwiteite deel te neem. So het sy op 'n Saterdagaand vroeg in 1901 by Putfontein by Kemp se laer meegedoen aan 'n aanbiddingsdiens. Na 'n kort diens het hulle Kinderharpliedere asook geestelike liedere deur die burgers self gekomponeer, gesing. Die Sondagoggend het hulle ook 'n erediens onder die koeltebome gehou waarby sy, haar kinders en vele burgers teenwoordig was.[41]

Die Sondag nadat Methuen op 7 Maart 1902 by Tweebosch gewond is, het Nonnie en die kinders saam met De la Rey en ander burgers 'n

---

[37] F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.186.
[38] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.29,39,78-79.
[39] *Ibid.*, p.94.
[40] *Ibid.*, pp.39-40 en 44.
[41] *Ibid.*, pp.43-44.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



erediens onder leiding van 'n sendeling, eerwaarde Roux, bygewoon. Dit is die enigste keer waar sy noem dat 'n diens onaangenaam was. Die rede vir haar opmerking was die openlike ontevredenheid van die burgers oor Methuen se vrylating deur generaal De la Rey.[42] 'n Paar weke daarna het sy saam met 'n groot aantal vroue, kinders en burgers 'n diens van ds. J.D. Kestell op Roodewal bygewoon.[43]

## 5 ***KONTAK MET DE LA REY***

Vandat Nonnie vanuit Lichtenburg met haar omswerwinge begin het, het sy in werklikheid meer kontak met haar eggenoot gehad as in die fase voor Desember 1900. Dit kan daaraan toegeskryf word dat dit te gevaarlik vir De la Rey was om haar gereeld in Lichtenburg te besoek. Nonnie en haar gesin wat nou 'n meer beweeglike bestaan gevoer het, kon De la Rey nou op 'n afstand volg sodat hulle altyd binne sy bereik was. Op een of ander wyse het De la Rey altyd geweet waar sy vrou was. Slegs een keer was hulle onwetend in dieselfde omgewing, toe hulle mekaar toevallig in Februarie 1902 in Gestoptefontein, naby Tweebosch, aangetref het.[44]

Wanneer De la Rey voedselvoorrade van die Britte gebuit het, het hy onmiddellik sakke meel en ander voedselsoorte na Nonnie gestuur. Sy was op haar beurt altyd gereed om haar eggenoot en sy staf met 'n maaltyd te trakteer.[45] De la Rey het soms moeg en uitgeput by haar in die veld opgedaag en dan het hy gou geëet en as die tyd dit toegelaat het, 'n bietjie gerus. Wanneer hy siek was, het sy hom versorg.[46] Hulle wedersydse begrip vir mekaar en hul noue band het beteken dat hulle in die moeilikste omstandighede op mekaar kon reken.

---

[42] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.59; J.R. Macdonald, *What I saw in South Africa*, p.19.
[43] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.62.
[44] *Ibid.*, p.54.
[45] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.200.
[46] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.29 en 32.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 13 en 14 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



De la Rey het sover moontlik na sy voortvlugtende gesin se veiligheid omgesien. Wanneer sy gesin in gevaar was, hy Nonnie gewaarsku en selfs ten tye van noue ontkomings het hy opgedaag om haar te help. Toe sy diep in die berge, by Zwartruggens geskuil het, was De la Rey bekommerd dat dit te koud is en gevolglik het Nonnie verder getrek, ten spyte daarvan dat sy dit daar geniet het.[47]

Alhoewel Nonnie se aanduidings van haar man se bewegings in haar herinneringskrif vaag is, was sy heeltemal ingelig en bewus van sy doen en late. Sy het De la Rey se dokumente en briewe veilig bewaar terwyl hy besig was om te veg en dit is grootliks aan haar te danke dat soveel daarvan behoue gebly het.[48] Hulle het mekaar beslis goed verstaan en saam 'n goeie span gemaak.

Kersfees en Nuwejaar was belangrike dae wat verkieslik saam gevier is. Kersfees 1900 en die Nuwejaar van 1901 het De la Rey en sy kommando's saam met Nonnie op die plaas Zuurfontein, naby Rustenburg gevier. 'n Jaar later met die Kersfees van 1901 en Nuwejaar 1902 was hulle saam op die Badenhorst-familie se plaas Doornfontein.[49]

Die 25ste herdenking van die De la Rey-egpaar se huwelik op 24 Oktober 1901 was vir beide Koos en Nonnie 'n belangrike dag. De la Rey het spesiaal dié oggend 'n manelpak aangetrek, maar in plaas van 'n feestelike dag was De la Rey en sy kommando in 'n geveg teen kolonel S.B. von Donop te Kleinfontein waarin die Boere swaar verliese gely het. Die geveg was só skielik dat De la Rey nie kans gekry het om iets anders aan te trek nie en moes toe met wapperende swaelsterte die geveg in. Na die slag het hy besef dat die twee knope op sy rug ewe afgeskiet is.[50]

---

[47] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.34-36.
[48] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.201.
[49] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.27-28 en 42.
[50] L.S. Amery, *The Times history V*, p.384; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.200.

## 6 ***KONTAK MET ANDER BURGERS***

Eensaamheid was iets wat Nonnie tydens haar swerwersjare glad nie geken het nie. Afgesien van haar kinders wat alles met haar meegemaak het, het sy ook kontak met ander mense gehad wat net soos sy op een of ander manier deur die oorlog geraak is. Soos voorheen reeds genoem is, het sy soms op plase gekom waar sy, indien moontlik, vertoef het. Uit haar herinneringskrif blyk dit asof sy die plaaseienaars geken het. So noem sy onder andere die plaas Zuurfontein, naby Rustenburg, wat die eiendom van mnr. Kritzinger was en die plaas Corsica behorende aan mnr. Meyer.[51] Die mans was meestal op kommando, maar die vroue en kinders het so lank moontlik op die plaas aangebly. So het sy byvoorbeeld in Desember 1900 die geselskap van die Kritzinger-gesin op Zuurfontein geniet. Toe die Britte naby die plaas gekom het, het die Kritzingers saam met haar gevlug, waarna hulle weer na die plaas teruggekeer het toe dit veilig gelyk het.[52]

Nonnie was nie die enigste vrou wat met haar kinders in die veld gewoon het nie. Alhoewel sy geensins in haar herinneringskrif na die voortvlugtende gesin van haar man se broer, Jan de la Rey, verwys nie, beweer sy dogter, Hester Finley, dat haar moeder met hulle kinders dikwels saam met Nonnie van plek tot plek gevlug het.[53] Hierdie getuienis word deur C.G.C Rocher bevestig waar hy noem dat die familie van De la Rey se broer ook tydens Kersfees 1900 op Zuurfontein was.[54] Ander vroue en kinders is ook in die veld by kommandolaers teëgekom. Wanneer daar op 'n Sondag 'n erediens gehou is, het al die vroue en kinders in die omgewing gewoonlik daar byeen gekom. Omstandighede was vir geeneen maklik nie en dit kom voor of hulle gedurig hul lot by

---

[51] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.27 en 80-81.
[52] *Ibid*., pp.27-28.
[53] Persoonlike mededeling aan Z. Rowan: H. Finley, Mothwa Haven, Booysenstraat 353, Les Marais, 1992.02.27.
[54] TA: A 787, 62, p.141: Herinneringe van C.G.C. Rocher.

mekaar bekla het en saam oor die uitkoms van die oorlog gespekuleer het.[55]

Kontak met die burgers op kommando was daar gereeld. Dit is vanselfsprekend dat Nonnie heelwat burgers ten tye van De la Rey se besoeke aan haar of haar besoeke aan sy laer ontmoet het. Wanneer De la Rey by Nonnie aangekom het, was hy dikwels deur ander burgers vergesel. Veral Ignatius Ferreira, sy militêre sekretaris en aanstaande skoonseun, het saamgekom.[56] Rocher noem verder dat sy tydens haar besoeke aan De la Rey en die burgers innig met hulle gesimpatiseer het en hulle graag gehelp het met wat sy kon.[57] Sy het ook dikwels oppad van een plek na die ander burgers op kommando teëgekom en naby Boerelaers uitgespan.[58] Dit kom voor of sy veiliger gevoel het wanneer die mans naby was, want dan kon sy natuurlik op hoogte van die Britse troepe se bewegings gehou word. Sy sou dan tenminste betyds gewaarsku word om dan te kan vlug.[59] 'n Paar keer het sy wel noue ontkomings saam met die burgers gehad.[60]

Op 17 Maart 1902 het president M.T. Steyn vergesel deur generaals C.R. de Wet en J.B.M. Hertzog by De la Rey se hoofkwartier op Zendelingsfontein aangekom. Die doel van hierdie besoek was tweeledig: Steyn het las van sy oë gehad en wou De la Rey se geneesheer, dr. Karl von Rennenkampf, daaroor raadpleeg en hy wou die moontlikheid met De la Rey bespreek om Hertzog met die oog op vredesonderhandelings na Europa te stuur.[61] Nonnie het hier die geleentheid gekry om Steyn en sy

---

[55] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.54,62,66 en 69 en 87.
[56] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.589; J. E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.61.
[57] TA: A 787, 62, p.153: Herinneringe van C.G.C. Rocher.
[58] J. E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.43.
[59] *Ibid.*, p.66.
[60] *Ibid.*, pp.32-33 en 38-39.
[61] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.245; L. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, p.310; P. Trew, *The Boer war generals*, p.236.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



geselskap te onthaal.[62] Toe dit begin onveilig raak in De la Rey se laer, het Niklaas (Siener) van Rensburg die Steyn-geselskap sterk aangeraai om 'n veiliger oord te gaan soek. Nadat De la Rey, wat hoë agting vir Siener van Rensburg en sy voorspellings gehad het, die voorstel gemaak het, het die geselskap by Nonnie aangesluit waar sy en haar kinders in die veld geskuil het.[63] Dit is opvallend dat sy nooit na Siener van Rensburg verwys nie, selfs al het hy so 'n groot rol in De la Rey se lewe gespeel - veral teen die einde van sy lewe, soos in die volgende hoofstuk bespreek.

Ander geleenthede vir gesellige verkeer het ook opgeduik. Godsdienstige byeenkomste, soos reeds genoem is, was een daarvan. Die Kersfees- en Nuwejaarsfeesvieringe van albei jare het gepaard gegaan met speletjies, dansery, heerlike maaltye en die samesyn van die bekendes.[64] Toe Nonnie in Desember 1900 uit Lichtenburg vertrek het, het sy baie swaarmoedig afskeid van haar vriende geneem. Min het sy geweet hoeveel bekendes sy in die veld sou kry en hoe hulle mekaar sou opbeur.

## 7 ***ELANDSFONTEIN***

Nadat Nonnie haar woning op hul plaas Elandsfontein verlaat het, het die Britte dit as offisiersmenasie gebruik. 'n Afdeling Britse soldate genaamd "Paget's Horse" was van Februarie tot Mei 1901 daar gestasioneer. Daar was nie veel te doen nie en toe die leeglêery te erg vir die soldate geraak het, is daar begin met die skrywe van 'n weeklikse koerantjie wat *The Cosack Post* genoem is. Tussen 27 Februarie en 5 Junie 1901 het daar elf uitgawes verskyn. Hoe daar afdrukke gemaak is, is nie bekend nie. Toe die

---

[62] J. E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.61; J.F. Naudé, *Vechten en vluchten*, p.342; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.245-246.
[63] F.J. du Toit Spies, *Die Hertzogtoesprake,III: April 1913-April 1918*, P.147; A.W.G. Raath, *Siener van Rensburg en die Rebellie*, pp.54-55.
[64] J. E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.28 en 42; TA: A 787,62, pp.141-142: Herinneringe van C.G.C. Rocher; A. Badenhorst, *Tant Alie of Transvaal*, p.203.

garnisoen teen die helfde van 1901 teruggekeer het na Engeland, is al die uitgawes gesamentlik in boekvorm uitgegee.[65]

*The Cossack Post* bevat geen ernstige dokumentasie van gebeure nie, maar is eerder 'n blad vol grappe en spitsvondige opmerkings. Daar het byvoorbeeld in volume een, nommer vyf, 'n lied aangepas op die wysie van "Mandalay" verskyn. Hier volg 'n kort uittreksel:

DE LA REY

Near the Lichtenburg entrenchments
Where the Fifty-second be,
There's a Commandant a-waiting,
And I know he thinks of thee!
For the Boers are nightly calling,
And their Mausers seem to say,
"Come along you British soldier –
To the Farm of De la Rey"

Chorus:
At the farm of De la Rey
Where the maxim section lay,
You can hear the bugles calling
Them from poker every day.
At the Farm of De la Rey
Where the sergeants love to stray,
And the curses drop like thunder
From the picket 'cross the way".[66]

Heel voorin die gepubliseerde boek is 'n pentekening van Nonnie-hulle se huis. Dit is 'n belangrike bron wat duidelik aantoon hoe hul woning in hierdie tyd gelyk het.

Vroeg in Maart 1901 toe De la Rey beoog het om Lichtenburg aan te val, het hy 'n paar burgers gestuur om te gaan kyk of sy huis nog staan. Hulle het agter bosse weggekruip en toe twee offisiere uit die huis uitstap, het die burgers hulle doodgeskiet. De la Rey was beslis nie ingenome met dié daad nie, maar daar was niks aan te doen nie. Methuen het besluit om

---

[65] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, pp.45-46.
[66] Paget's Horse,*The Cossack Post*, p.64.

die huis af te breek om enige soortgelyke voorvalle in die toekoms te verhoed.[67] Toe Nonnie verneem dat haar huis vernietig is, kon sy nie haar trane bedwing nie. Sy het dikwels aan haar netjiese koel huis gedink en gehoop om eendag daarheen terug te keer.[68] Die feit dat soveel vroue dieselfde lot en soms nog erger oorgekom het, het haar waarskynlik tog laat besef dat daar heelwat was waarvoor sy dankbaar kon wees.

## 8 *KONTAK MET DIE BRITTE*

Sir James Percy Fitzpatrick, maak die opmerking dat Nonnie vas geglo het dat 'n groot persentasie van die Britse magte daarop uit was om haar te vang.[69] Hierdie naïewe opvatting van Nonnie kan egter aan blote menslikheid toegeskryf word. Gewoonlik was sy bewus van die Britse troepe en het hulle probeer ontduik waar sy kon.[70] Die tekens van die verskroeideaardebeleid wat oraloor te bespeur was, het by haar gespook.[71] Dit is egter nodig om op te merk dat die Britse kolonnes na Desember 1901 nie meer Boerevroue en –kinders "gevang" en na konsentrasiekampe gestuur het nie.[72] Sy het dit moontlik nie besef nie, wat die vrees om gevang te word by haar laat voortleef het. Die ander moontlikheid is dat sy dit verswyg het om sodoende meer van die leser se simpatie te wek. Daar bestaan egter genoeg bewyse dat sy bang was vir die Britse troepe en sy om die dood toe nie gevang wou word nie.[73] In die onafwendbaarheid van 'n konfrontasie met die Britte het sy egter haar man gestaan. Dit kom voor of niks haar kon keer as sy eers kwaad geword het nie.

---

[67] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.45; J. E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.57.
[68] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.47-48.
[69] J.P. Fitzpatrick, *South African memories*, p.222.
[70] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.29-31, 37-38 en 70-71.
[71] *Ibid.*, pp.30 en 40.
[72] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp.260-261; F. Pretorius, *Kommandolewe*, p.332.
[73] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.29-31, 37-38 en 70-71.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 15 (sien dokument genaamd "illustrasies")

'n Voorbeeld van so 'n geval was toe kolonel Williams teen Mei 1902 op die plaas Corsica waar Nonnie toe was, aangekom het. Hy wou haar wa afbrand, maar nadat sy hom en die ander soldate goed die leviete voorgelees het, het die opdrag gekom dat geeneen aan enige van haar besittings moes raak nie. Dit het beslis gewerk wanneer sy haar stem dik gemaak het, want nie ver van die wa nie, kon hulle sien hoe 'n woning geplunder word.[74] 'n Week na hierdie voorval was sy steeds op Corsica gestrand toe generaal Ian Hamilton vanaf Vryburg daar aankom. Hy het baie vriendelik verneem hoe dit met haar gaan en het 'n telegram van De la Rey gebring waarin hy wou weet wat van sy vrou geword het.[75] Hamilton het De la Rey op 15 Mei 1902 per telegram ingelig dat Nonnie op Corsica was en dat hy alles in sy vermoë gedoen het om haar so min as moontlik te verontrief deur hul teenwoordigheid.[76] Die kontak wat sy met Methuen gehad het, word onder die volgende opskrif bespreek.

## 9 ***LORD METHUEN GEWOND***

Die slag van Tweebosch wat op 7 Maart 1902 aan die Klein-Hartsrivier plaasgevind het, was die laaste groot slag van die Tweede Anglo-Boereoorlog wat in 'n Boere-oorwinning geëindig het.[77] Methuen was aktief by die geveg betrokke soos in *The Times history* opgemerk word: "… he was a fighter by temperament, preferring to do a colonel's work in the field rather than a lieutenant-general's in the office."[78] Vir sy gevegslus moes hy egter 'n prys betaal, want dié dag is hy gewond en deur die Boere gevange geneem.

Dit was J.F. Naudé wat op die gewonde Methuen afgekom het waar hy in die stof langs sy dooie perd gelê het. Gou het hy De la Rey gaan haal en moes tolk tussen die twee speel. De la Rey het oor Methuen gebuk, sy

---

[74] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.82-84.
[75] *Ibid.*, p.86.
[76] TA: A 313,5, Telegram, I. Hamilton – J.H. de la Rey, 15.05.1902.
[77] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, p.35.
[78] L.S. Amery (ed), *The Times history V*, p.508.

hand na hom uitgestrek en gesê dat dit hom spyt om hom in so 'n toestand aan te tref. Daarop het Methuen geantwoord: "Oh, it's the fortune of war." Hy het verder verneem hoe dit met Nonnie gaan en probeer verduidelik waarom sekere vroue na die konsentrasiekampe geneem is.[79]

Uit Methuen se persoonlike korrespondensie blyk dit dat hy ongemaklik was met die uitvoer van die Britse beleid ten opsigte van die vroue en kinders en dat hy homself moeilik met hul lot versoen het. Die redenasie dat die verwydering van die vroue van hul plase sou help om die oorlog vinniger af te handel, het hy soms aangevoer, maar dit kom voor of hy homself nie altyd daarvan kon oortuig nie.[80] In 'n brief aan sy vriend Shookey Forestier-Walker skryf hy op 1 Julie 1901 vanaf Mafeking: "But of course it is hateful work moving families and leaving farmhouses to their fate; work that may suit a policeman but not a soldier. <u>It must be</u>, or otherwise this war will never end,…"[81]

Die gesprek tussen De la Rey en Methuen is vir nog 'n rukkie verder gevoer waarna Methuen se regterbeen deur De la Rey se arts, dr. Von Rennenkampf, en sy eie Britse geneesheer gespalk is en hy voorlopig in 'n tent geplaas is.[82]

Toe Nonnie teen die aand van 7 Maart van die Boere se suksesvolle geveg op Tweebosch hoor en ook verneem dat Methuen gewond en gevange geneem is, het sy die volgende oggend met haar spider van

---

[79] J.F.Naudé, *Vechten en vluchten*, pp.331-332.
[80] Wiltshire and Swindon Records Office, Trowbridge (hierna WSRO): 1742, 7, pp.19 en 22: Bundle of correspondence between Lord Methuen and Lieutenant General Forestier-Walker, November 1899 – January 1910; WSRO: 1742, 38, pp.5-6: Typescript transcript of letters written by Lord Methuen to W.A. Sanford, 15.08.1900-22.02.1902.
[81] WSRO: 1742, 7,p.22: Bundle of correspondence between Lord Methuen and Lieutenant General Forestier-Walker, November 1899 – January 1910.
[82] J.F.Naudé, *Vechten en vluchten*, pp.331-332.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Waagkraal vertrek om hom te besoek.[83] Daar gekom, het sy eers by haar man seker gemaak of dit die Methuen was wat sy ken. Dit was die man wat haar uit Lichtenburg gestuur het en sy het daarop aangedring om hom te sien.[84] Met haar en haar dogter, Ada, se aankoms by sy tent het die burger Tom Leask hulle meegedeel dat Methuen geen besoekers wil ontvang nie.[85]

Toe Methuen besef dat dit Nonnie was, het hy gevra dat sy in sy tent gelaat word. Dit moes 'n vreemde situasie vir beide Nonnie en Methuen gewees het om mekaar na soveel maande te sien. Nog voordat sy veel kon sê, het hy verskoning gevra dat hy haar in die verlede soveel moeite aangedoen het. Toe hy wou weet of die rondvlugtery baie ontwrigtend was, het sy tergend geantwoord dat dit beter gegaan het as wat sy verwag het en dat sy nie eens nodig gehad het om haar bes te doen om nie in sy hande te val nie. Hy het ook gespot en gesê dat hy sy bes gedoen het om haar te vang. Die gesprek het op hierdie trant voortgegaan. Hy het haar oor die omstandighede in Lichtenburg ingelig en verduidelik waarom hy haar woning moes vernietig. Methuen het haar versoek om so gou moontlik 'n telegram aan sy vrou in Engeland te stuur om haar van die geveg in te lig en ook te sê dat De la Rey hom die volgende dag na Klerksdorp sou stuur.[86] Die telegram is op 9 Maart via kolonel Vyvyan op Vryburg na lady Methuen gestuur.[87] Nonnie het op haar beurt ook 'n telegram aan haar dogter Sannie Brugman met Methuen gelaat met die ooreenkoms dat hy dit vanaf Klerksdorp na Pretoria sou stuur. Volgens haar het hy sy woord gehou en dit wel gedoen

---

[83] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.55. Hierin beweer Nonnie verkeerdelik dat sy op 1 Maart van die geveg te Tweebosch gehoor het. Moontlik is dit 'n drukfout.
[84] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.56.
[85] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.572; S.M. Miller, *Lord Methuen and the British army. Failure and redemption in South Africa*, p.229.
[86] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.56-57.
[87] TA: A 313,2, Telegram, De la Rey – Lady Methuen, 09.03.1902.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



toe hy die geleentheid gekry het. Omdat dit teen dié tyd reeds laat geword het, het sy hom 'n spoedige herstel toegewens en gegroet.[88]

Na aandete het Nonnie 'n goeie nagrus in die laer geniet terwyl Methuen in sy verewa gelaai is en met sy dokter en alles wat hy sou nodig kry na Klerksdorp gestuur is.[89] Die volgende oggend was dit Sondag en by die erediens wat in die laer gehou is, het eerwaarde Roux gesinspeel op die feit dat Saul gestraf is toe hy 'n sekere koning se lewe teen God se opdrag gespaar het. God sou die Boere volgens hom straf as hulle Methuen sou laat gaan.[90] Hierop het De la Rey onmiddellik gereageer en Methuen terug laat kom en die burgers gevra wat hulle nou wou hê. Na lange beraadslaging en heelwat oortuiging van De la Rey se kant het die Boere besluit om die kwessie aan die generaals oor te laat. Die ernstigheid van Methuen se wond het die generaals beïnvloed om hom dadelik na Klerksdorp te stuur.[91]

Nonnie het moontlik sleg gevoel oor die optrede van die burgers. Sy kon dit nie oor haar hart kry om te dink dat dit reg was om so wreed te wees nie en sy het dit haar Christelike plig geag om Methuen so goed moontlik te behandel. Sy het 'n vet hoender geslag en voorberei en dit saam met 'n bietjie beskuit na Methuen gestuur waar hy van vooraf die pad sou aandurf.[92]

---

[88] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.58.
[89] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.573.
[90] J.R. Macdonald, *What I saw in South Africa*, p.19.
[91] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.59; J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.574-576.
[92] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.60.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 16 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Die verstandhouding tussen Nonnie en Methuen is in sekere opsigte onverstaanbaar. Die skeidsmuur wat tussen Boer en Brit bestaan het, is in hierdie geval deur 'n wedersydse konsiderasie oorbrug en 'n unieke vriendskap is tot stand gebring wat vir jare na die oorlog nog sou voortduur.[93]

## 10 *KONTAK MET GEKLEURDES*

Tydens die Anglo-Boereoorlog was daar gekleurdes wat die Boere ondersteun het, maar verreweg nie meeste was pro-Brits.[94] Nonnie se houding teenoor gekleurdes het direk afgehang van welke groep hulle was. Die gekleurdes met wie sy in kontak gekom het, was óf getroue bediendes óf daadwerklike Britse helpers wat as sodanig aggressief opgetree het.

Toe Nonnie en haar gesin op 1 Desember 1900 die vreemde aangedurf het, het sy drie getroue bediendes saam met haar geneem. Sy noem telkens in haar herinneringskrif hoe sy op hulle kon reken wanneer dit moeilik gegaan het. Wanneer 'n storm oppad was, het hulle hard gewerk om die seildoek stewig oor die wa te span sodat dit nie wegwaai nie.[95] Een bediende, by name Simson, word deur haar uitgesonder as die een wat op alle vernuftige maniere vuur gemaak het as hulle gou in die vlug kos wou voorberei.[96] Getrou is daar na die diere omgesien, al het dit 'n slapelose nag vir die bediendes beteken, en die koeie is gereeld gemelk.[97] Daar was soveel take wat daagliks verrig moes word dat dit gegrond sou wees om die bewering te maak dat sy nie in die veld sou kon oorleef as dit nie vir die geredelike hulp van haar getroue bediendes was nie.

---

[93] P.H.S. van Zyl, *Die Helde-album*, p.399.
[94] F. Pretorius, *1899-1902. Die Anglo-Boereoorlog*, p.75.
[95] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, p.76.
[96] *Ibid.*, pp.64 en 75.
[97] *Ibid.*, pp.65 en 71.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Aan die ander kant kom Nonnie erg verbitterd teenoor die gekleurdes aan die Britse kant voor. Volgens haar het hulle behae daarin gevind om die Boerevroue te intimideer en hul besittings onder die vleuel van Britse bevel te plunder. Met die slag van Tweebosch op 7 Maart 1902 het sy van die gekleurdes in die laer in die werk gesteek omdat hulle deur die Boere gevang is. Haar mening was dat hulle nie genoë geneem het dat hulle vir 'n Boerevrou moes werk nie, maar weens omstandighede kon hulle nie anders as om haar te gehoorsaam nie. Hul negatiewe houding was egter opvallend.[98]

In verband met die reeds genoemde konfrontasie tussen Nonnie en 'n aantal Britse soldate op die plaas Corsica wat teen die einde van die oorlog plaasgevind het, het sy die volgende geskryf:

> Ik zeide aan hen dat daar de Kaffers onder de troepen zoo slecht en brutaal met de vrouwen en kinderen handelden, ik niets wenschte te maken te hebben met Kaffers en Kleurlingen. Ik heb slechts te doen met een blanke natie, dus moet men de Kleurlingen van mij weghouden.[99]

Hierdie aanhaling werp helder lig op haar gevoelens teenoor die gekleurdes aan Britse kant. Dit moet egter weereens beklemtoon word dat daar heelwat ander gekleurdes was waarteenoor sy 'n goedgesindheid openbaar het.

## 11 ***DIE EINDE VAN DIE OORLOG***

Toe Nonnie vroeg in Junie 1902 die nuus ontvang dat vrede uiteindelik aangebreek het, was dit die einde van haar swerwersjare.[100] 'n Lewenstyl wat sy vir agtien maande volgehou het, was finaal verby. Die uitkoms van die oorlog het haar met bitterheid gevul. Was al haar beproewinge en

---

[98] J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, pp.83-84.
[99] *Ibid.*, p.82.
[100] *Ibid.*, p.91.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



opofferinge dan verniet? Alhoewel die omstandighede vir haar heel onverstaanbaar was, was sy dankbaar dat die oorlog tot 'n einde gekom het.[101] Daar was baie vroue wat slegter as sy van die oorlog afgekom het. Ten spyte daarvan dat dit vir agtien maande bra moeilik gegaan het met die verkryging van voedsel, klere en ander lewensmiddele, dat Nonnie en haar gesin geen meer permanente woning as haar wa gehad het nie en dat haar huis op Elandsfontein vernietig is, kon sy met eerlikheid sê dat dit met haar en haar gesin goed gegaan het. Word haar omstandighede met dié van ander vroue vergelyk, is dit nie moeilik om tot die gevolgtrekking te kom dat die kans op oorlewing groter in die veld was as wat dit in die konsentrasiekampe was nie. Sy en haar gesin het vele beproewinge deurstaan om aan die einde van die oorlog weer uit te sien na 'n normale lewe.

Tydens Nonnie se omswerwinge gedurende die Anglo-Boereoorlog, het haar onverskrokkenheid en drang na oorlewing sterk op die voorgrond getree. Sy het onder die moeilikste omstandighede daarin geslaag om haar moederlike pligte voort te sit en haar huislike sfeer, alhoewel ontwrig en grootliks tot 'n wa beperk, steeds te laat funksioneer. Sy het nie net na haar eie behoeftes en dié van haar kinders omgesien nie, maar steeds daarin geslaag om haar eggenoot by te staan en te ondersteun, selfs terwyl hy op kommando was. Dit kom voor of sy haar rol as Boerevrou met net soveel erns en oorgawe as voor die oorlog vertolk het. Haar pioniersjeugjare asook haar huweliksjare met 'n noodgedwonge afwesige eggenoot het haar sonder twyfel op hierdie fase in haar lewe voorberei.

---

[101] *Ibid*., pp.93-97.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 17 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



# VI. DIE JARE NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1902-1923

Tydens oorlog van 1899-1902, het generaal Koos de la Rey homself as militêre strateeg en gerespekteerde leier in Wes-Transvaal bewys en hy het nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland roem as een van die bekwaamste generaals van die Anglo-Boereoorlog verwerf. Nonnie sou hom in hierdie belangrike posisie bystaan en ondersteun. Voordat die egpaar na hul plaas Elandsfontein kon terugkeer, moes hulle eers saam met generaals C.R. de Wet en L. Botha 'n amptelike reis na Europa onderneem.

Na die egpaar se terugkeer in Desember 1902, kon veral Nonnie haarself toespits op die herstel van Elandsfontein terwyl De la Rey se politieke betrokkenheid baie van sy tyd sou verg. Gesiene gaste het dikwels op die plaas aangedoen en selfs na De la Rey se afsterwe op 15 September 1914, was Nonnie se lewe nooit afgesonder nie. Sy is deur vele as 'n volksmoeder beskou en haar invloed is te bespeur in haar aktiwiteite en betrokkenheid by volksfeeste en organisasies. Sy was nie net die vrou van 'n vername Boeregeneraal nie, maar het in haar eie reg 'n invloedryke lewe tot en met haar afsterwe in 1923 gelei.

Nonnie se ongepubliseerde herinneringskrif hou in 1902 op waar sy oor hul reis na Europa skryf en die ego-dokumente wat oor aspekte van haar laaste jare handel, is baie beperk. Die afwesigheid van haar persoonlike herinneringe skep 'n duidelike leemte in hierdie hoofstuk en alhoewel daar heelwat ander bruikbare bronne tot die navorser se beskikking was, het die meer persoonlike insigte oor haar ervarings ontbreek. Haar uitbeelding van haarself kan ongelukkig nie deurgetrek word in hierdie fase van haar lewe nie en daar moet grootliks op die vertellings van ander gesteun word.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 1 ***EUROPA***

Nadat die vredesverdrag van Vereeniging op 31 Mei 1902 geteken is, het die meeste Boere na hul verwoeste plase teruggekeer waar hulle sou probeer om dit wat van hul eiendom oorgebly het, te herstel. Vir baie was dit 'n verbitterende ervaring om bykans van vooraf te begin. Nonnie-hulle se woning op Elandsfontein was ook vernietig en harde werk het voorgelê op die plaas. Hulle sou egter eers teen die begin van 1903 hul aandag aan die huis en boerdery kon skenk, want Nonnie sou eers saam met De la Rey na Europa vertrek. Die doel van De la Rey se reis was om saam met genls. Christiaan de Wet en Louis Botha geld in te samel vir die verarmde Boerevolk – veral die weduwees en weeskinders wat alles in die oorlog verloor het.[1]

Nonnie het haar kinders in die sorg van haar oudste dogter, Sannie Brugman, in Pretoria gelaat. Haar tweede dogter, Ada, het haar ouers na Kaapstad vergesel. Daar het sy en Ignatius Ferreira, De la Rey se sekretaris tydens die oorlog, einde Julie 1902, 'n week voor die vertrek na Europa, met groot feestelikheid in die Groote Kerk in die huwelik getree.[2]

Op 30 Julie 1902 het die *Saxon* uit Tafelbaai gevaar.[3] Die geselskap het bestaan uit die drie generaals, Botha, De Wet en De la Rey, die pasgetroude Ferreira's (Ignatius was steeds De la Rey se sekretaris), Dirk van Velden (Botha se sekretaris) met sy eggenote, ds. J.D. Kestell en die twaalfjarige seun en naamgenoot van Louis Botha. Nonnie was die enigste generaalsvrou in die geselskap en het almal onder haar vlerk geneem.[4]

---

[1] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.271; L.S. Amery (ed), *The Times history VI*, pp.72-73.
[2] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.271-274.
[3] L.S. Amery (ed), *The Times history VI*, p.73.
[4] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.274-275.

Die onstuimige waters en die feit dat niemand in die groep ervare seereisigers was nie, het tot gevolg gehad dat bykans almal seesiek geraak het. Nonnie het heelwat tyd in haar kajuit deurgebring terwyl De la Rey die naarheid op die dek probeer wegrook het. De Wet het sowat tien ure per dag aan sy boek *De strijd tussen Boer en Brit* geskryf. Klein Louis Botha, wat gewoond was aan die kommandolewe saam met sy pa, was onhebbelik en sy vader was later radeloos. Selfs Nonnie kon niks met hom uitrig nie en De la Rey moes later op versoek van Botha ingryp en het met 'n briljante idee vorendag gekom om klein Louis van die verveeldheid te red: daar is met die kaptein van die *Saxon* gepraat en Louis sou saam met die matrose woon en werk. Tot groot vermaak van Nonnie en die res van die geselskap, was klein Louis só gelukkig as tydelike matroos dat hy vir die res van die vaart na Europa niks van hom laat hoor het nie.[5]

Op 16 Augstus 1902 het die geselskap in Londen aangekom waar die Boeregeneraals in 'n aantal samesprekings betrokke geraak het.[6] Afgesien van die tyd wat hulle in Brittanje spandeer het, het hulle ook besoeke aan Nederland, België, Frankryk en Duitsland afgelê.[7]

Daar is bittermin verwysings na Nonnie se doen en late in Europa. Sy was daar om haar eggenoot te ondersteun en verder het sy en haar dogter Ada, wat saam met haar man by die geselskap in Europa aangesluit het, tyd saam deurgebring.[8]

Kunstenaars was gretig om van die geleentheid gebruik te maak om die Boeregeneraals in verskeie kunsvorms uit te beeld. De la Rey moes op 'n keer sit vir die beeldhouer Naoum Aronson. Sy assistent moes mates van De la Rey se gesig neem. Omdat sy nog nooit 'n Boer in lewende lywe gesien het nie, was sy uit die aard van die saak baie senuweeagtig. De la Rey, wat hier 'n kans op kattekwaad nie verby kon laat gaan nie, het na

[5] TA: A 313, 16, p.71: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915 ; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.276-277.
[6] L.S. Amery (ed), *The Times history VI*, p.74.
[7] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.279-285.
[8] *Ibid*., p.283.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



haar hand gehap toe sy besig met die mates was. Sy het so groot geskrik dat sy flou op die vloer neergeval het. Stomgeslaan en radeloos het De la Rey uit die ateljee gehardloop om hulp by Nonnie en Ada te soek waar hulle geduldig in 'n ander vertrek op hom gewag het. Gou het hulle gehelp dat sy haar bewussyn herwin. Vir dié skreeusnaakse situasie moes De la Rey 'n prys betaal: Nonnie en Ada kon nie ophou lag nie en het hom vir 'n lang tyd gespot.[9]

Nonnie was ook waarskynlik na 'n aantal sosiale geleenthede uitgenooi. In Londen was sy byvoorbeeld na 'n teeparty waar 'n groep vooraanstaande Britse dames 'n mahoniehoutkissie aan haar geskenk het.[10] Die De la Reys het ook ander geskenke ontvang wat hulle na hul aankoms op Elandsfontein in kiste wegepak het, omdat hulle nie geweet het wat om daarmee te doen nie.[11]

Op 13 Desember 1902 het hulle na Suid-Afrika teruggekeer. Die besoek aan Europa was in breë trekke onsuksesvol omdat die ingesamelde fonds 'n teleurstellende £103 819 beloop het.[12] Nonnie was die heeltyd aan Koos se sy. Sy het hom bygestaan in sy plig teenoor hul volk en nou sou hy haar bystaan in die herstel van hul eiendom en die normalisering van die lewe wat hulle voor die ontwrigtende oorlog geken het.

Nonnie se ongepubliseerde herinneringskrif hou op waar sy begin vertel van die reis na Europa. Ongelukkig kon geen persoonlike vertelling oor haar reis opgespoor word nie en dus is dit onduidelik hoe sy Europa ervaar het. Die kontras moes egter oorweldigend gewees het. Die Anglo-Boereoorlog het van haar moederland 'n puinhoop gemaak, Elandsfontein is vernietig en hiér bevind sy haarself op 'n welvarende kontinent omring deur eeue se rykdom en kultuur. Europa was hoogswaarskynlik 'n verwilderende ervaring.

---

[9] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.281.
[10] S.J. van der Walt, 'n Monument vir haar vader, *Sarie Marais*, 1951.06.13, p.14.
[11] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.286.
[12] *Ibid.*, p.286.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 18 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 2 ***HERSTEL VAN ELANDSFONTEIN***

Omdat hulle woning op Elandsfontein tydens die oorlog tot op die grond afgebreek is, het die De la Rey-gesin voorlopig in die dorp gaan woon. Die gesin was nou weer 'n eenheid nadat die oorlog asook die daaropvolgende besoek aan Europa 'n mate van ontwrigting in die gesinslewe veroorsaak het. Nonnie se eerste kleinkind is ook as lid van die gesin opgeneem nadat haar oudste dogter, Sannie Brugman, op 22 November 1902, kort voor Nonnie se terugkeer van Europa, oorlede is.[13] Sy was die een wat getrou na al die ander kinders omgesien het waar sy in Pretoria woonagtig was, terwyl haar ouers in Europa was. Of hulle reeds in die buiteland van haar afsterwe verneem het of eers toe hulle aan Suid-Afrikaanse bodem geraak het, is onduidelik. Nonnie het haar oudste seun én haar oudste dogter aan die dood afgestaan en Novembermaand was 'n maand van hartseer herinneringe.[14]

Die ou fondasie was al wat van hulle vorige woonhuis op Elandsfontein oorgebly het en jare van konstante harde werk sou voorlê om die woning tot sy eertydse toestand te herstel. Toe Emily Hobhouse in September 1903 in Lichtenburg besoek aflê, het sy die volgende oor Elandsfontein in 'n brief aan lady Hobhouse, haar tante, opgemerk:

> Did I tell you of De la Rey's farm – just a few acres of rubble? We poked aside the rubbish with my parasol and found the outline of the foundations – 75 by 45 feet. They feel it so dreadfully; Mrs. De la Rey cannot speak of it yet, much less look at it without tears, for there is no probability that they can rebuild it again. And the dreary rows of hundreds of stumps of fruit trees that both there and elsewhere I have to help weep over! They are endless. Now the De la Reys live in their Sunday house in the village, just two bedrooms opening off a dining room, all very rough and temporary…[15]

---

[13] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculas de la Rey*, p.623.
[14] Adaan, Nonnie se oudste seun sterf op 28 November 1899, nadat hy noodlottig tydens die slag van Tweeriviere gewond is.
[15] E. Hobhouse, *Boer War letters* (ed. R. van Reenen), p.288.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Alhoewel De la Rey sy vrou graag aktief wou help met die herbou van die huis, moes hy in Desember 1903 na Indië en Ceylon waar hy die agtergeblewene krygsgevangenes moes probeer oortuig om na hul vaderland terug te keer. Op sy pad terug het hy in Bombaai vir Nonnie 'n slaapkamerstel en 'n sitkamerstel asook meubels vir die rookkamer gekoop. Toe hy besef hoe hoog die invoerkoste sou wees, moes hy alles weer terugruil, min wetende dat die Britse regering later die meubels as geskenk na Elandsfontein sou stuur.[16]

Intussen het Nonnie die verantwoordelikheid op haar skouers geneem om Elandsfontein tot sy vorige glorie te herstel en het en so die rol van argitek, boumeester en toesighouer vertolk. Haar kennis van huisbou wat sy reeds vroeg in haar lewe opgedoen het, het sy in alle bekwaamheid toegepas. Nie net was Nonnie verantwoordelik vir die beplanning van die huis nie, maar sy het self gehelp om die stene te maak. Met die bouery het sy streng toesig gehou en gesorg dat alles na haar sin gedoen word.[17] Die vyftig sentimeter dik kalkmure spreek van die feit dat Nonnie 'n voorslag Boerevrou was wat in absolute deeglikheid geglo het. Die huis het uit nege vertrekke bestaan waarvan twee eetkamers was; een vir die volwassenes en een vir die kinders.[18] 'n Groot stoep is ook gebou wat die vernaamste kuierplek vir die gesin en al die gereelde besoekers sou wees.[19]

Dit wil voorkom of De la Rey nie aldag bewus was van hoe die herstel van Elandsfontein verloop het nie. Nonnie was verantwoordelik vir die herbou van die woning tot die stadium waar stoep en deure, vensters en dak nog makeer het. Hierna het De la Rey self ingegryp en gesorg vir die aankoop van die vensters, deure en sink vir die dak.[20] Teen 1905 was die gesin terug

---

[16] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.289.
[17] S.J. van der Walt, 'n Monument vir haar vader, *Sarie Marais*, 1951.06.13, p.7.
[18] Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Elandsfontein, *Museumnuus*, 2(2), Junie 1991, p.3.
[19] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.287.
[20] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.287; S.J. van der Walt, 'n Monument vir haar vader, *Sarie Marais*, 1951.06.13, p.7.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



op die plaas, alhoewel daar tot 1909 nog verbeteringe aangebring is.[21] Heelwat werk het ook in die tuin ingegaan. De la Rey het bome geplant, onder andere 'n okkerneutboom waar die twee Britse offisiere tydens die oorlog geskiet is. Generaal Jan en mev. Isie Smuts, wat albei 'n groot belangstelling in tuinbou gehad het, was ook aktief betrokke in die verfraaiïng van die tuin op Elandsfontein.[22]

Net soos die De la Rey's, het almal in die omgewing hard gewerk om hulle boerderye weer op die been te bring. Reeds so vroeg as 1904 is daar 'n skou in Zeerust gehou. Nonnie was selfs 'n beoordeelaar vir ingelegde vrugte en konfyt. Lord Methuen het 'n beker vir die mooiste groente geskenk, maar daar is besluit om die prys tot die volgende jaar se skou terug te hou, omdat die inskrywings onder omstandighede maar swak was.[23]

## 3 ***UNIEWORDING (1910) EN DE LA REY SE POLITIEKE BETROKKENHEID***

Teen 1908 het die vier Suid-Afrikaanse kolonies teen 'n snelle pas in die rigting van unifikasie beweeg. Die eerste sitting van die Nasionale Konvensie, wat met die oog op unifikasie byeengeroep is, is vir 12 Oktober van dieselfde jaar te Durban belê. De la Rey was een van die Transvaalse afgevaardigdes saam met ander soos generaals Louis Botha, Jan Smuts en Schalk Burger en sir Percy Fitzpatrick. Vele byeenkomste het hierna gevolg waarna die Unie van Suid-Afrika eindelik op 31 Mei 1910 tot stand gekom het. Botha, die leier van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party, is verkies tot premier. Jan Smuts, wat self aanvanklik die verantwoordelikhede van Binnelandse Sake, Verdediging asook Mynwese op sy skouers gehaal het, was die enkele persoon wat Botha die meeste beïnvloed het. De la Rey het die amp van senator aanvaar, wat beteken

---

[21] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.214; S.J. van der Walt, 'n Monument vir haar vader, *Sarie Marais*, 1951.06.13, p.7.
[22] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.287.
[23] WSRO: 1742, p.22: Scrapbook belonging to Field Marshal Lord Paul Sanford Methuen, III, 1902-1910.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



het dat hy nog minder op sy plaas Elandsfontein sou wees.[24] Nonnie het in hierdie tyd steeds voortgegaan met haar aktiwiteite op die plaas waar sy na die kinders omgesien het.

Dit het nie lank geduur voordat 'n verdeeldheid in Afrikanergeledere begin heers het nie, omdat generaal J.B.M. Hertzog, lid van die eerste Unie-kabinet, hom die taak op sy skouers geneem het om as die kampvegter vir die politieke en die kultuurregte van die Afrikanervolk op te tree. In die proses het hy Botha en Smuts se sogenaamde Britse gesindheid hewig gekritiseer. De la Rey was huiwerig tydens die onstuimigheid, want sy simpatie was by Hertzog alhoewel hy ook graag trou wou bly aan Botha.[25] Politeke oortuiging was moontlik nie die enigste faktor wat De la Rey verwar het nie, want verder was die De la Reys ook bevriend met die Botha-gesin. Nonnie is so byvoorbeeld in April 1913 met Botha se motor gehaal om tyd by mevrou Botha deur te bring.[26] Smuts, soos reeds genoem, het net soos ander staatsmanne ook gedurig op Elandsfontein besoek afgelê.[27]

## 4 ***NIKLAAS (SIENER) VAN RENSBURG***

Die verdere verloop van De la Rey se lewe is dramaties beïnvloed deur die optrede van Niklaas (Siener) van Rensburg. In Afrikanergeledere was Siener van Rensburg 'n bekende figuur vanweë sy beweerde vermoëns om sekere gebeure in die toekoms te voorspel en vir die gesigte wat hy veral tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gesien het. Daar word van hom gesê dat hy 'n profeet nie sonder eer in sy eie land was nie en verder: "Hij had, naar men zei en geloofde, bij vele gelegenheden

---

[24] H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, pp.20-28; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar*, p.380.
[25] H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, pp.29-32.
[26] TA; A 313, 15(b), Nota, L.Botha – J.E. de la Rey, Rondebosch, 09.04.1913.
[27] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.320.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



onweersegbaar bewijs gegeven dat hij 'met de helm geboren' was".[28] Aangesien albei van Lichtenburg was, het hulle mekaar geken en dit was gedurende die Anglo-Boereoorlog dat De la Rey Van Rensburg vir sy geesteskrag begin respekteer en bewonder het, veral nadat hy klaarblyklik De la Rey se oorwinning by Tweebosch "gesien" het. Na die oorlog het Van Rensburg die "profeet van die Boerevolk" gebly waar hy op sy plaas Rietkuil naby Wolmaransstad gaan woon het. Steeds het hy kontak met De la Rey, vir wie hy 'n eerbiedige bewondering gehad het, behou alhoewel hy voor 1914 nooit besoek op Elandsfontein afgelê het nie.[29]

Op Saterdag 11 Julie 1914 het 'n swaarmoedige Van Rensburg vir die eerste keer sy opwagting op Elandsfontein gemaak. Na 'n goeie nagrus het De la Rey in die teenwoordigheid van sy dogter Polly, aan hom die geleentheid gebied om dit wat so swaar op sy hart gelê het, met hulle te deel. In groot erns het Van Rensburg 'n onheilspellende visioen, wat direk met De la Rey verband gehou het, aan hulle bekendgemaak:

De la Rey is sonder 'n hoed in die visioen – iets wat Van Rensburg besonder onrustig gestem het, omdat dit volgens hom niks anders as die dood beteken het nie. Verder het hy 'n wit papier en daarop die syfer vyftien in swart gesien. Hierdie papier hang oor Lichtenburg. Van Rensburg het ook blou water gesien waarop groot kurkproppe dryf. Iets baie klein onder die water skiet boontoe en dan sink die groot prop. (De la Rey het dit herken as duikbote en torpedo's). Daarna is al die kurkproppe weg. Aan die anderkant van die water het Van Rensburg 'n groot man gesien wat na Suid-Afrika terugkeer. Die man is mooi aangetrek met goue knope aan sy baadjie en goud aan sy hoed. Hy dra 'n lang swaard aan sy sy. Wanneer die man terugkom, sien Van Rensburg weer die wit papier met die swart

---

[28] U.G. No.10-'15, Rapport over het uitbreken der Rebellie en de handelwijze van de regering met betrekken tot de onderdrukking van deze, P.2.

[29] J. Schutte, Die profeet, leeu en swart vyftien, *Overvaal museanuus* 18(2), Oktober 1992, p.19.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



syfer vyftien daarop. De la Rey is weer sonder hoed. Die man van die vreemde trek toe sy mooi klere uit en haal sy swaard af. Hy sê hy wil dit nie meer dra nie.[30]

Die volgende deel van die gesig was seker die onrusbarendste. Van Rensburg word aangehaal:

> Ek sien van die Noordekant kom 'n lang wit wa wat met stoom werk. Daar is nie juis veel mense in die wa nie; net 'n paar. Ou Tante [Nonnie] is ook daar met die kinders en jy ook, Polly. Daar is pragtige blomme, blomme net waar jy kyk. Daar is baie kos in die wa, maar julle eet nie. Oom was ook daar, maar Oom is sonder hoed en dit is nie goed nie. Die wa staan by baie plekke stil, en dan kom daar baie mense saam. Hulle is baie treurig. Dit het iets met Oom Koos te doen. Oom moet tog versigtig wees. Ek sien die wa kom Lichtenburg toe. Dit word donker en die lanferdoek hang weer oor die dorp. Dwarsdeur die land hang die vlae aan kort stokke. 'n Groot perdekommando kom van die *[sic]* Schweizer-Reneke se kant af. Hulle lê en slaap sommer so op 'n oop plek onder die bome. Dit is nie oorlog nie; dit het iets met Oom te doen. Ek sien vreeslik baie van die stoomwaens kom. Hulle kom almal na Oom toe.[31]

De la Rey en sy dogter het gewonder oor die betekenis van dit wat hulle gehoor het, want daar was nie 'n klare interpretasie van hierdie gesig nie.[32] Alhoewel Nonnie self nie uit Van Rensburg se mond gehoor het wat hy gesien het nie, het sy die verandering in haar eggenoot waargeneem. Sy het waarskynlik, net soos haar man, die erns van die gesig besef. Moontlik het sy Van Rensburg verkwalik vir die keerpunt wat hierna in De la Rey se lewe plaasgevind het. Dit is opvallend dat Nonnie nêrens na Siener van Rensburg verwys nie, ten spyte van die vriendskap wat tussen die twee mans bestaan het en die invloed wat Van Rensburg al reeds tydens die Anglo-Boereoorlog in die Wes-Transvaal gehad het. Dit is asof Nonnie Van Rensburg se rol in haar eggenoot se lewe heeltemal negeer

---

[30] J. Schutte, Die profeet, leeu en swart vyftien, ***Overvaal museanuus*** 18(2), Oktober 1992, p.19; J. Meintjes, ***De la Rey – Lion of the West***, p.321.
[31] J. Schutte, Die profeet, leeu en swart vyftien, ***Overvaal museanuus*** 18(2), Oktober 1992, pp.19-20.
[32] J. Meintjes, ***De la Rey – Lion of the West***, pp.320-321.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



het en haar opvallende swye oor Van Rensburg en sy visioene spreek boekdele. Fitzpatrick is van mening:

> I have been assured that the family was most hostile to the intervention of the maniac prophet van Rensburg, whose delphic pronouncements they regarded as sacrilegious. Besides being angry they were alarmed, because De la Rey clearly felt the influence of the prophet and began to develop a kind of half-superstitious mood quite foreign to his simple, candid nature.[33]

De la Rey, nou 'n verwarde en sombere man, sou nooit weer dieselfde gewees het nie, want Siener se visioen het swaar op sy gemoed gerus. Hy was meer ontvanklik vir geestelike openbaringe en het meer dikwels advies van die Siener ontvang.[34]

## 5 *DIE REBELLIE VAN 1914*

Toe Brittanje op 4 Augustus 1914 'n ultimatum aan Duitsland rig en so dus die Eerste Wêreldoorlog aan die gang gesit het, het Botha besluit dat Suid-Afrika aan die kant van Brittanje die wapen teen Duitsland moet opneem. De la Rey was erg hierteen gekant en het gevoel dat die tyd aangebreek het om die Britse beheer af te werp.[35] Die Lichtenburgse burgers is deur hom versoek om op 15 Augustus 1914 gewapend by Treurfontein bymekaar te kom. Botha, wat hiervan te hore gekom het, het De la Rey tot verantwoordelike optrede gemaan. Die vergadering by Treurfontein het vreedsaam verloop en De la Rey het daarin geslaag om die Boere voorlopig te kalmeer.[36]

Die Regering se plan om Duits Suidwes-Afrika binne te val, was 'n idee waarmee 'n groot aantal Afrikaners, insluitende De la Rey, hulle nie kon

---

[33] J.P. Fitzpatrick, *South African memories*, p.224.
[34] H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, p.83; U.G. No.46-'16, Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekken tot de recente Rebellie in Zuid-Afrika, p.5.
[35] B.J. Liebenberg en S.B. Spies, *South Africa in the 20th century*, pp.99-100.
[36] B.J. Liebenberg en S.B. Spies, *South Africa in the 20th century*, p.99; H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, pp.84-96.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



versoen nie. Sonder die goedkeuring van die parlement kon Botha egter niks vermag nie en gevolglik is daar 'n buitengewone parlementsitting in September 1914 belê. De la Rey sou dus ook na Kaapstad moes vertrek. Op 5 September het Nonnie haar man gegroet. Die stryd wat in sy gemoed geheers het en die onsekerheid oor die toekoms het die afskeid 'n bittere ervaring gemaak. Min wetend dat hy nooit sou terugkeer nie, het De la Rey Nonnie op Elandsfontein agtergelaat.[37]

Tydens die buitengewone parlementsitting het De la Rey sy gewetensbesware teen die aanval op Suidwes-Afrika uitgespreek, maar tog was die meerderheidsteun ten gunste daarvan. De la Rey sou nou per trein na Pretoria reis om die Afrikaners tot protes aan te spoor. Hy het 'n telegram aan Nonnie gestuur dat sy hom nie voor die sestiende op Lichtenburg moes verwag nie.[38]

Daar kan slegs gespekuleer word of De la Rey 'n gewapende rebellie beplan het en dit kom eerder voor of De la Rey onseker was oor wat hom te doen staan. Die Minister van justisie, N.J. de Wet, het De la Rey gemaan tot verantwoordelike optrede en het dit duidelik gemaak dat hy gearresteer sou word indien hy teen die Regering sou optree.[39] Met dit in gedagte, asook De la Rey se weersin in onnodige bloedvergieting, is dit duidelik dat hy nie oorhaastig wou optree nie.

Tydens 'n besoek van generaal. C.R. de Wet op Elandsfontein, wat waarskynlik in Augustus 1914 plaasgevind het, het die twee mans om leiding gebid. Hennie de la Rey vertel in sy herinneringskrif hoe sy vader gebid het: "As my lewe my volk kan red, neem dan my lewe."[40] Nonnie was baie aangedaan toe sy haar man só hoor bid en wou weet wat dan

---

[37] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.356; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar*, p.406.
[38] H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, pp.101-114; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar*, pp.405-407.
[39] Privaatversameling, F.J.N. Stassen, Protea Boekhuis: p.3; Manuskrip, J.E. de la Rey, ca.1915; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.364.
[40] H. de la Rey, *Die ware generaal Koos de la Rey* (samesteller L. Laubscher), p.39.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



van haar sou word, waarop De Wet geantwoord het dat God sou voorsien.[41] Nonnie het na haar man se dood geglo dat God inderdaad hierdie gebed beantwoord het en sy het probeer om daarin berusting te vind.[42]

## 6 ***DIE DOOD VAN KOOS DE LA REY***

Terwyl Beyers en De la Rey op 15 September oppad was na Potchefstroom, was die polisie besig om alles in hulle vermoë te doen om die kriminele Fosterbende vir koelbloedige moord vas te trek. Padblokkades is op verskeie plekke in Johannesburg opgerig. De la Rey en Beyers wat oortuig was dat die polisie op hul spoor was, het hul motorbestuurder beveel om die stoptekens van die polisie te ignoreer. So is daar deur drie padversperrings gejaag. By 'n beheerpunt in Langlaagte, Johannesburg, het die polisie op die voortsnellene motor gevuur. 'n Opslagkoeël het De la Rey in die rug getref. "Dis raak", het hy in 'n kalm toon gesê en in Beyers se arms gesterf.[43]

Die tyding van De la Rey se dood het soos 'n veldbrand versprei. Nonnie was stomgeslaan en het in haar geskokte toestand slegs af en toe geprewel dat sy dit nie kon glo nie. Telegramme van simpatie het na Elandsfontein gestroom en daar word beweer dat daar soveel as tweeduisend telegrafiese boodskappe van medelye ontvang is.[44] Op Sondag 20 September 1914 is die begrafnisdiens vanuit die NG Blouklipkerk op Lichtenburg gehou. In Pretoria is 'n groot skare onder andere op Kerkplein deur ds. J.F. Naudé, ds. J.D. du Toit (Totius) en ds. H. van Broekhuizen toegespreek. 'n Volk het toegesien hoe een van hulle mees gerespekteerde leiers ter aarde bestel word.[45]

---

[41] H. de la Rey, *Die ware generaal Koos de la Rey* (samesteller L. Laubscher), p.39.
[42] Privaatversameling, F.J.N. Stassen, Protea Boekhuis: p.3; Manuskrip, J.E. de la Rey, ca.1915
[43] H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, pp.116-117.
[44] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.382.
[45] J. de Beer, *Weerlig in die weste*, pp.12-13.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Om die omstandighede in die land te blameer vir die verlies van haar eggenoot sou nie moeilik gewees het nie. Nonnie was gekant teen De la Rey se betrokkenheid by 'n rebellie. Sy was van mening dat hy by die bepalings van Vereeniging moes bly omdat hyself ook dit onderteken het.[46] Na die aanvanklike ervaring van skok en droefheid het Nonnie haar bes probeer om haar man se dood berustend te aanvaar en het sy gemeen: "Hy het by 'n kruispad gekom. Hy het nie geweet watter pad om te vat nie en toe was God hom genadig en het hom geroep."[47]

Nonnie het reeds teen 1907 die sterftes van ses van haar twaalf kinders ervaar. Haar vierde kind, Hendrik Adriaan is in 1882, nege dae na sy geboorte, oorlede en haar negende kind, Pieter was nie eers 'n jaar oud toe hy in Maart 1891 gesterf het nie.[48] Adaan het, soos reeds genoem, op 28 November 1899 tydens die Anglo-Boereoorlog gesneuwel en Susanna Maria Magrietha (Brugman) het op 22 November 1902, kort na die Vrede van Vereeniging, gesterf.[49] Adriana Wilhelmina (Ferreira) is op 23 Desember 1903 aan harsingkoors oorlede en minder as vier jaar daarna op 2 April 1907, sterf Jacobus Herculaas aan blindedermontsteking.[50] Die sterwe van haar eggenoot op 15 September 1914 was 'n groot skok waarvan sy nooit werklik ten volle sin sou kon maak nie.

## 7 *VRIENDSKAP MET BOTHA EN SMUTS*

'n Groot aantal Afrikaners het agterdogtig gestaan teenoor die toevallige sameloop van omstandighede wat tot die dood van De la Rey gelei het. Botha en Smuts is deur sommiges as die sondebokke uitgekryt en in sekere kringe is daar beweer dat hulle deel gehad het aan 'n komplot om De la

---

[46] H.C Armstrong, *Grey steel*, p.233.
[47] Aangehaal deur A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.214.
[48] J. Oosthuizen, *Jacobus Herculaas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.623.
[49] *Ibid.*
[50] *Ibid.*; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.304-305.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Rey uit die weg te ruim. Hierdie emosies is egter nie deur Nonnie gedeel nie.[51]

Reeds op 9 November 1914, minder as 'n maand na haar eggenoot se dood, het Nonnie 'n insiggewende brief aan Smuts vanaf Elandsfontein geskryf. Aktiewe politieke steun het Botha en Smuts beslis nie van haar gekry nie – 'n reaksie wat nie onverstaanbaar in die lig van die heersende omstandighede was nie. Sy het soos volg geredeneer:

> *Zoals ik u en Generaal Botha gezeg heef dat ik heeltemal uitgesleud wel weest en dengen dat gaande is u was bijde zoo goed om mij dat te vergund waarvoor ik u bijde harteleik danktbaar blijfd. Nu is het mij alsof ik staad en het medden van dit twee partijden de een is voor mij zoo deirbaar als de ander en ik ziet nog aan geen kand licht,…*[52]

Sy het egter 'n punt daarvan gemaak om in dieselfde brief die voortbestaan van hul vriendskap te bevestig deur na Smuts se vrou en kinders se welstand te verneem en die brief op vriendskaplike wyse af te sluit.[53] Dat dit nie blote formele briewetaal was nie, blyk uit latere korrespondensie met beide die Smuts- en Botha-gesinne, waarin sy duidelik vriendskaplike verbintenisse behou en gekoester het.[54]

## 8 ***FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE***

Na De la Rey se afsterwe het Nonnie steeds saam met haar kinders op die plaas gewoon. Daar het sy voortgegaan met die boerdery soos sy alreeds vir die grootste deel van haar lewe gedoen het. Sy het natuurlik ook hulp van haar kinders en getroue plaaswerkers en bediendes ontvang.

Die boerdery het steeds 'n betroubare bron van inkomste gebied vandat De la Rey nie meer as broodwinner daar was nie. Aanvanklik het Nonnie

---

[51] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p.455.
[52] W.K. Hancock en J. van der Poel, (reds.), Selections from the Smuts papers III, Brief J.E. de la Rey – J.C. Smuts, 09.11.1914, pp.211-212.
[53] *Ibid.*, pp.212.
[54] TA: A 313, 15(b), Brief J.C. Smuts – J.E. de la Rey, Pretoria, 01.12.1921; TA: A 313, 15(b), Brief I. Smuts – J.E. de la Rey, Irene, 22.06.1911; J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.389-390.

geen pensioen van die Regering ontvang nie. Eers 'n jaar nadat daar op 29 Junie 1920 in die Volksraad daaroor gedebatteer is, is daar besluit om 'n pensioen van £150 per jaar (teruggedateer tot 15 September 1914) aan haar uit te betaal.[55]

## 9 ***ANDER AKTIWITEITE***

Afgesien daarvan dat Nonnie met die boerdery op Elandsfontein bedrywig was, het sy haarself ook met vele ander dinge besig gehou. Alhoewel sy in beginsel teen die Rebellie van 1914 gekant was, het sy simpatie met die rebelle wat gevange geneem is, gehad. Op 24 Januarie 1915 het sy 'n bemoedigende brief aan generaal C.R. de Wet geskryf waar hy deur die Regering aangehou is. Onmiddellik, op 27 Januarie van dieselfde jaar, het hy haar brief beantwoord. Hieruit blyk dit duidelik dat De Wet self groot respek vir Nonnie gehad het.[56]

Toe Jopie Fourie die doodsvonnis opgelê is, het duisende vroue op 4 Augustus 1915 deelgeneem aan 'n opmars na die Uniegebou in Pretoria om vir genade teenoor die rebelle te pleit – een van hierdie vroue was Nonnie de la Rey.[57] Mev. Hendrina Joubert, eggenote van generaal Piet Joubert, het die leiding met hierdie geleentheid geneem. Dit is opvallend dat Nonnie op die agtergrond gebly het tydens die verrigtinge en dat sy nêrens gefigureer het nie.[58] Daar kan gespekuleer word dat sy na aanleiding van die agterdogtige omstandighede rakende De la Rey se afsterwe en sommige mense se bespiegelinge dat hy die Rebellie beplan het, eerder op die agtergrond gebly het. Die gevaar het bestaan dat, indien sy 'n leidende rol ingeneem het, dit as beduidende bewys van sy sogenaamde betrokkenheid by die Rebellie gebruik kon word. Nonnie het

---

[55] Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in *The Cape Times*, J.C.G. Kemp, 29.06.1920, p.211; *Ibid.*, Select Committee's report re pensions, grants and gratuities, 06.07.1921, p.298.
[56] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp.392-393.
[57] *Ibid.*, pp.395-396.
[58] J. Streutker, *Hendrina Susanna Johanna Joubert (1830-1916)*, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1991, pp.105-110.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



egter met ander geleenthede sterker op die voorgrond getree en haar simpatie met die rebelle nie weggesteek nie. Toe daar op 10 November 1917 'n boete van £110 000 vir die rebelle opgelê is, is die Helpmekaarbeweging in die lewe geroep om met die insameling van die groot som geld te help. In Lichtenburg was daar ook 'n vrouekomitee waarvan Nonnie erevoorsitster was.[59]

Vanaf die stigting van die Lichtenburgse tak van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie in 1906 was Nonnie 'n aktiewe lid en steunpilaar daarvan.[60] Met die dood van De la Rey het die ander lede dit hul taak gemaak om morele ondersteuning aan Nonnie en haar gesin te bied.[61] Nonnie het as weduwee steeds 'n aktiewe rol in die Federasie vertolk en het volgens opnames in die notuleboek gereeld vergaderings bygewoon. Voorstelle wat sy gemaak het, is blykbaar ter harte geneem en by geleentheid was sy ook die kans gegun om die vergaderig met gebed af te sluit.[62]

Alhoewel Nonnie se lewe na De la Rey se afsterwe maar steeds eenvoudig was en haar dae besaai was met alledaagse take, was sy 'n gesiene dame en gerespekteerde voorbeeld vir die Afrikanervolk. Sy is in vele opsigte bewonder en haar teenwoordigheid by volksfeeste het tot aansporing van vele gedien.

Met die Dingaansdagfees in 1915 het Nonnie 'n skare van 400-500 mense op George toegespreek. 'n Streng godsdienstige atmosfeer het geheers en sy het na die Rebellie verwys en genoem hoe De la Rey teleurgesteld was oor die onenigheid wat daar in Afrikanergeledere oor hierdie aangeleentheid geheers het en hoe haar man bereidwillig was om sy

[59] A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, p.60.
[60] *Ibid.*, p.169.
[61] LM: Notuleboek van die S.A.V.F. (Lichtenburgtak), 1906-1919, 05.10.1914.
[62] *Ibid.*, 03.06.1915.

lewe vir sy volk op te offer. Sy het haar toespraak afgesluit deur die Regering tot barmhartigheid te maan. [63]

Met Dingaansdag in 1920 is 'n monument ter ere van die Boerevroue en –kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die konsentrasiekampe gesterf het, op Klerksdorp deur Nonnie onthul. Die verrigtinge is deur 3 000 mense bygewoon, met generaal J.B.M. Hertzog as hoofspreker. Nonnie het ook 'n toespraak gelewer en dit is duidelik dat sy deur haar volksgenote as 'n volksmoeder gerespekteer is.[64]

## 10 ***DOOD VAN NONNIE DE LA REY***

Dit kom voor of Nonnie veral die laaste drie jaar van haar lewe probleme met haar gesondheid ervaar het.[65] Die kwaal waaraan sy gely het, word egter in geen van die geraadpleegde bronne genoem nie. In Julie 1923 was sy baie ernstig siek en het teen hierdie tyd by haar dogter, Polly Krige, in Lichtenburg gebly. Jan Smuts, nou eerste minister, het op 19 Julie 'n telegram aan Polly gestuur met die boodskap dat hy Nonnie die daaropvolgende week wou kom besoek.[66] Annie Botha, vrou van Louis Botha, het op 24 Julie 'n boodskap van beterskap en medelye gestuur.[67]

Dit was duidelik bogenoemde krankheid wat veroorsaak het dat Nonnie op 12 Augustus 1923 in Polly se woning gesterf het.[68] Van heinde en verre het telegramme van simpatie na Nonnie se kinders gestroom. Die treffendste boodskap van Britse kant was van die destydse goewerneur-generaal, Lord Buxton, wat van Nonnie geskryf het: "I have most pleasant recollections of conversations with her, and found her a most sympathetic

---

[63] *De Burger*, 1915-12-23, pp.1-3; M.J. Swart, *Geloftedag*, p.55.
[64] TA: A 313, 18(d), Brief ds. en mev. K. Krige – mnr en mev. B. Krige, Krugersdorp, 10.09.1923; *Rand Daily Mail*, p.4; M.J. Swart, *Geloftedag*, p.61.
[65] TA: A 313, 15(b), Brief J.C. Smuts - J.E. de la Rey, Pretoria, 01.12.1921; TA: A 313, 15(b), Brief I. Smuts – J.E. de la Rey, Irene, 22.06.1922.
[66] TA: A 313, 18(d), Telegram J.C. Smuts – P. Krige, Pretoria, 19.07.1923.
[67] TA: A 313, 18(d), Telegram A. Botha – P. Krige, Sezela, 24.07.1923.
[68] TA: Boedel 52084, J.E. de la Rey; TA: A 313, 18(d), Brief Alphonse en Sophie (van onbekend) – P. Krige, Johannesburg, s.a.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



friend."[69] Die telegram van mev. Tibbie Steyn, weduwee van president M.T. Steyn werp lig op hoe 'n vrou, wat net soos Nonnie deur die Afrikaners as volksmoeder bekroon is, haar gesien het. Sy skryf: "Diep seer diep *[sic]*gevoel ik die dood van een moeder in israel ontvang my innerste deelneming voor u en familie god *[sic]* trooste u almal in ure van bitter beproeving."[70] Nie net die Afrikanervolk nie, maar almal wat haar geken het, het haar dood betreur en 'n gevoel van onherstelbare verlies ervaar.[71]

---

[69] TA: A 313, 18(d), Telegram Lord Buxton – P. Krige, Cromer, 22.09.1923.
[70] TA: A 313, 18(d), Telegram Mev. T. Steyn – mev. P.Krige, Kaalspruit, 14.08.1923.
[71] TA: A 313, 18(d), Telegramme van simpatie, Augustus 1923.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 19 (sien dokument genaamd "illustrasies")

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



FIGUUR 20 en 21 (sien dokument genaamd “illustrasies”)

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



# VII. SLOTBESKOUING: NONNIE DE LA REY EN DIE IDEAALBEELD VAN DIE AFRIKANERVROU

---

Net soos die biografiese gegewens waarvan Nonnie ons in haar twee herinneringskrifte voorsien, is die meer onderliggende karaktereienskappe wat sy haarself daarin toeskryf ook van belang. Die idee van die ideale Afrikanervrou en Nonnie se vereenselwiging daarmee, asook die feit dat sy na die Tweede Anglo-Boereoorlog as volksmoeder vereer was, kan teruggevoer word na die uitbeelding van haarself in haar herinneringskrifte en die konteks waarbinne dit geskryf is.

## 1 ***DIE IDEALE AFRIKANERVROU***

Die lydingsgeskiedenis van die Boerevrou, veral ten opsigte van die Tweede Anglo-Boereoorlog, was die smeltkroes waarin die konsep van 'n ideale Afrikanervrou gevorm is. Volgens die historikus Elsabé Brink lê die perseptuele wortels hiervan in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing van die laat negentiende eeu en na die Tweede Anglo-Boereoorlog is dit deur skrywers soos Totius, Willem Postma en Eric Stockenström in die vroeë twintigste eeu gepopulariseer.[1]

Hierdie gedagte van die ware of ideale vrou was egter nie uniek aan die Afrikaner nie en kom ook byvoorbeeld in die negentiende-eeuse Amerika voor. Die historikus, Barbara Welter, verwys na aanleiding van hierdie tendens in Amerika, na "the cult of True Womanhood".[2] Rolverwagtings ten opsigte van die Amerikaanse vrou in die jare 1820 tot 1860, kom in baie opsigte ooreen met dié van die Boere- of Afrikanervrou van die negentiende en vroeë twintigste eeu:

---

[1] E. Brink, Man-made women: gender, class and the ideology of the Volksmoeder, *in* C. Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, pp.273-292. Kyk ook M. Barnard-Weiss, *Die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: haar beeld en kerklike rol, 1940-1983,* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1999, p.50.

[2] B. Welter, 'The cult of True Womanhood: 1820-1860', http:/www.pinzler.com/ushistory/cultwo.html, 1966, pp.1-4.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



> The attributes of True Womanhood, by which a woman judged herself and was judged by her husband, her neighbors, and her society could be divided into four cardinal virtues – piety, purity, submissiveness, and domesticity… Without them… all was ashes. With them she was promised happiness and power.[3]

Die ooreenkomste tussen bogenoemde stelling en Postma se "belofte" in 1918 aan die konformerende Afrikanervrou is opvallend:

> Tot hiertoe het die Boervrouw die eer nog altijd geniet, van haar plig het sij haar waardiglik gekwijt. Laat haar maar haar hoog heilige en gewigtige roeping helder bewus worde en blij, en sij sal haar volk wees tot ongekroonde, maar geseende [sic] en hooggevierde koningin, wat heers met die skepter van reinheid en liefde, so oneindig veel magtiger als die skepter van koning of keiser.[4]

Voordat daar ondersoek ingestel word of Nonnie se bekroning as volksmoeder in verband gebring kan word met hierdie "belofte van vroulike mag en eer", is dit belangrik om meer lig op haar ego-dokumente en die uitbeelding van haarself, te werp.

## 2 *EGO-DOKUMENTE VAN NONNIE DE LA REY*

Nonnie se herinneringskrif, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, is waarskynlik vroeg in 1903 deur Höveker & Wormser in Amsterdam uitgegee. Kort daarna, steeds in 1903, is die Engelse weergawe, *A woman's wanderings and trials during the Anglo-Boer War*, 'n vertaling deur Lucy Hotz, deur T. Fisher Unwin in Londen, gepubliseer.

Slegs vier vroue wat tydens die Anglo-Boereoorlog voortvlugtend was, het hulle ervarings in boekvorm uitgegee. Behalwe vir Nonnie se herinneringskrif, sou hierdie publikasies eers dekades na die oorlog die lig sien – almal in Suid-Afrika gepubliseer. T. Meij se verhalende *Diep waters* is

---

[3] B. Welter, 'The cult of True Womanhood: 1820-1860', http:/www.pinzler.com/ushistory/cultwo.html, 1966, p.1.
[4] W. Postma, *Die Boervrouw: moeder van haar volk*, p.180.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



in 1935 in Kaapstad gedruk, waarna D. Stegman se *Nooit gevang nie* in 1940 in Johannesburg verskyn het. Sestien jaar later, in 1956, het A.M.M. Liebenberg se boek *Sarie Marais vertel* in Pretoria die lig gesien.[5]

Nonnie se herinneringskrif is die enigste gepubliseerde outobiografiese bron wat van 'n voortvlugtende eggenote van 'n Boeregeneraal verskyn het.[6] In die jaar nadat die vrede in 1902 gesluit is, is haar boek in Nederland en Brittanje gepubliseer. Dit blyk dus dat haar wedervaringe van die oorlog die belangstelling van 'n groot aantal buitelanders geprikkel het. Hierdie intense belangstelling was vir geen ander Boerevrou, selfs nie 'n ander eggenote van 'n bekende Boeregeneraal, beskore nie.

Ander publikasies wat só kort na die Anglo-Boereoorlog in meer as een taal in die buiteland gepubliseer is, is byvoorbeeld[7]:

DE VILLEBOIS-MAREUIL, G.H.A.M.V.,

- *Carnet de campagne du Colonel de Villebois-Mareuil*. Paris, 1902.
- *War notes: the diary of Colonel de Villebois-Mareuil from November 24, 1899, to April 4, 1900.* London, 1902.

DE WET, C.R.,

- *De strijd tusschen Boer en Brit.* Amsterdam, 1902.
- *Three years war, October 1899-June 1902.* Westminster, 1902.
- *Three years war.* New York, 1902.
- *Boernes kamp med Englainderne.* Kobenhavn, 1903.
- *Kampf zwischen Bur und Britte (Der dreijährige Krieg).* Kattowitz und Leipzig, ca. 1903
- *Trois ans de guerre.* Paris, 1903.
- *Wospominanja Boerskago generala Khr. De Weta.* St Petersburg, 1903.
- *Striden maellan Boers och Engelsman.* Stockholm, s.a.

---

[5] F.J. Stemmet, *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog*, p.433.
[6] *Ibid.*, p.103.
[7] M.C.E. van Schoor (red.), *'n Bibliografie van die Anglo-Boereoorlog-1899-1902,* pp.27-28, 31-33, 41-42, 44-45.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



HINTRAGER, O.,

- *Steijn, De Wet und die Oranjefreistaater: Tagebuchblätter aus dem südafrikanischen Kriege*. Tübingen, 1902.
- *Met Steijn en de Wet op kommando; een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika*. Rotterdam, 1902.

KESTELL, J.D.,

- *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*. Amsterdam, 1902.
- *Mit den Burenkommandos im Felde*. München, 1902.
- *Through shot and flame: the adventures and experiences of J.D. Kestell chaplain to President Steyn and General Christiaan De Wet*. London, 1903.

KRUGER, S.J.P.,

- *Gedenkschriften van Paul Kruger: gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*. Nijhoff, 1902.
- *Lebenserinnerungen: in Kampf um Süd-Afrika*. s.l., 1902.
- *Memoirs of Paul Kruger, four times president of the South African Republic; told by himself*. London, 1902.

SEINER, F.,

- *Ernste und Leitere Erinnerungen eines deutschen Burenkampfers*. München, 1902.
- *Ervaringen en herinneringen van een Boerenstrijder op het slagveld van Zuid-Afrika… uit het Hoogduitsch vertaald oor J.W. van Straaten*. Doesburg, 1902.

VAN WARMELO, D.S.,

- *Mijn commando en guerilla commando-leven*. Amsterdam, 1901.
- *Kriegsbilder aus Sudafrika; Meine Erlebnisse im Felde, insonderheit im Guerillakriege*. Berlin,1902.
- *On commando*. London, 1902.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



VILJOEN, B.J.,

- *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boerenoorlog*. Amsterdam, 1902.
- *My reminiscences of the Anglo-Boer War*. London, 1903.

Daar is ongelukkig bykans geen inligting oor die skrywe of die publikasie van Nonnie se herinneringskrif nie. Nêrens gee sy self blyke daarvan dat sy besig was om hieraan te skryf nie. Die moontlikheid bestaan dat sy tydens die reis na Europa op die *Saxon*, generaal C.R. de Wet se voorbeeld gevolg het[8] en self tyd aan die skrywe van haar eie herinneringskrif spandeer het. Terwyl sy in Europa was, het sy waarskynlik haar manuskrip aan Europese uitgewers vir publikasiedoeleindes voorgelê en só daarin geslaag om haar boek so kort na die oorlog in Nederlands en Engels te publiseer.

Nonnie se ongepubliseerde herinneringskrif, bestaande uit 71 bladsye, in potlood in 'n notaboek aangeteken, word in die Transvaalse Argiefbewaarplek gehuisves. Na raming is hierdie dokument in 1915 geskryf, maar dit kon selfs 'n paar jaar later gewees het. Die boek, van hoek tot kant volgeskryf, is die enigste ander herinneringskrif aan die navorser bekend. Nonnie se vertelling eindig egter in die middel van 'n sin, wat op die moontlikheid dui dat daar wel nog 'n volume kon bestaan het, wat waarskynlik verlore geraak het, of in 'n onbekende privaatversameling is.

Beide Nonnie se gepubliseerde en ongepubliseerde herinneringskrifte is van onskatbare waarde in die rekonstruksie van haar lewe in sover dit insigte oor haar lewe tot en met die einde van 1902 bied. Alhoewel haar vertellings dikwels vaag en eensydig is, skets sy 'n duidelike beeld van hoe sy aspekte van haar lewe beleef het en haar bewustelike uitbeelding van haarself gee verdere insae in hoe sy wou hê die leser haar moet sien.

---

[8] TA: A 313, 16, p.71: Herinneringe van mev. De la Rey, ca.1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## 3 ***VEREENSELWIGING MET DIE IDEAALBEELD VAN DIE AFRIKANERVROU***

Met die skrywe van Nonnie se gepubliseerde herinneringskrif, was nóg Stockenström, nóg Postma se boeke oor die Afrikanervrou gepubliseer. Alhoewel die vereistes vir die ideale vrou teen die einde van die negentiende eeu nog nie in boekvorm geformuleer is nie, was die reëls tog duidelik deurdat dit binne die patriargale gemeenskap onderskryf is.

Word Nonnie se gepubliseerde herinneringskrif aan die hand van Postma en Stockenström gelees, blyk dit duidelik dat sy met die ideaalbeeld van die vrou wat veral op die Afrikaner se negentiende-eeuse geskiedenis geskoei is en later in bogenoemde boeke voorgehou word, vereenselwig het. Sidonie Smith, professor in Engelse letterkunde aan die *State University of New York at Binghamton*, meen:

> … an autobiographer may shift the grounds of self-representation and respond to cultural expectations about appropriate female speech and behavior. Now she weaves the story of woman into her text, simultaneously maintaining allegiance to the maternal origin by reassuring her reader and herself that she is really an ideal woman who embodies the characteristics and enacts the roles assigned her in the fictions of patriarchal culture.[9]

'n Aantal temas wat herhaaldelik in *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog* aangeraak word, is Nonnie se onverskrokkenheid, vryheidsin, selfstandigheid, godsdienssin, offervaardigheid, lyding, besieling, gasvryheid en haar bekwaamheid om onder die moeilikste omstandighede brood te bak, seep te kook en kerse te maak en nie vir enige "mannewerk" terug te staan nie. Nonnie het haarself as prototipe van 'n ware Boerevrou uitgebeeld en haarself met die tipering van die Afrikanervrou geïdentifiseer. Op hulle beurt het beide Stockenström en

---

[9] S. Smith, *A poetics of women's autobiography: marginality and the fictions of self-representation*, p.54.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Postma haar daarvoor erkenning gegee en vereer.[10] Stockenström het trouens verklaar:

> 'n Vername rede waarom sy dit kon volvoer, was omdat sy 'n Boervrou, 'n praktiese Afrikaanse vrou was. Die Afrikaanse dogters het van hul vroegste jeug af geleer om mannewerk te doen, en mevrou de la Rey was een van die praktiese moeders wat alles kon doen.[11]

Met die skrywe van Nonnie se ongepubliseerde herinneringskrif in 1915 of moontlik 'n paar jaar daarna, kom dit voor of sy die nastreefbare vroulike karaktereienskappe waaraan sy minder aandag in haar vorige ego-dokument bestee het, nou bewustelik in hierdie herinneringskrif "ingeskryf" het. Indien haar herinneringskrif, soos vermoed word, eers in 1918 of daarna geskryf is, bestaan die moontlikheid dat sy Stockenström en Postma se boeke gelees het en daardeur sekere leemtes ten opsigte van nastreefbare eienskappe in haar vorige teks bespeur het.

Huislikheid, onderdanigheid, eerbaarheid en moederskap het nou, steeds saam met deurlopende temas soos godsdienssin en lyding, in haar tweede herinneringskrif op die voorgrond getree. Opvallend is ook dat sy haarself as óf iemand se dogter, óf iemand se vrou, óf iemand se moeder uitbeeld, dus altyd in konteks van die verhoudings waarin sy haarself bevind het. Tereg merk Sidonie Smith op:

> Discourses of embodiment also mark woman as an encumbered self, identified almost entirely by the social roles concomitant with her biological destiny. Affiliated physically, socially, psychologically in relationship to others, "her individuality [is] sacrificed to the 'constitutive definitions' of her identity as member of a family, as someone's daughter, someone's wife and someone's mother",[12]

---

[10] E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk,* p.213; W. Postma, *Die Boervrouw: moeder van haar volk*, p.150.
[11] E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p.213.
[12] S. Smith, *Subjectivity, identity and the body: women's autobiographical practices in the twentieth century*, pp.12-13.

In Postma se woorde was dit:

> Die vrouw is moeder van haar kind, lewensgesellin van haar man, suster van haar broer, nooi van haar jonkman – en haar invloed in al hierdie betrekkings is geweldig sterk.[13]

Sou Nonnie se twee herinneringskrifte saamgevoeg word en as 'n geheelbeeld van die uitbeelding van haarself beoordeel word, is haar ego-dokumente meer as die ooglopende verhaal van haar lewe. Dit kan ook as 'n persoonlike manifes van die ideaalbeeld van die Arikanervrou in haar tyd gesien word en dit word duidelik hoe sy haar eie lewensgeskiedenis manipuleer om aan die kulturele voorskrifte en vereistes ten opsigte van die vrou, te konformeer en sodoende deur haar volks- en tydgenote as volksmoeder vereer te word.

Binne hedendaagse konteks kan Nonnie vir haar vereenselwiging met die ideaalbeeld van die vrou gekritiseer word, omdat dit sonder twyfel die vrou in 'n ondergeskikte en selfs magtelose posisie laat, maar om hedendaagse opvattings oor die rol van die vrou in 2003 in die verlede te projekteer sou onhistories wees. Nonnie was 'n kind van haar tyd en behoort nie vir haar standpunt veroordeel te word nie. Christina Landman skryf in haar voorwoord van *The piety of Afrikaans women*: "I am angry, and I am sad, especially when I look around me and I see Afrikaans women who are socially and politically enslaved by their piety. They are also enslaved by history…"[14]. Sy kritiseer die vrou vir die posisie wat sy in die verlede ingeneem het en loop die gevaar om 'n oordeel buite historiese konteks te vel, maar voeg tóg daarby: "I am of course, not angry at the women. I identify very strongly with those women whose diaries I have read."[15] Die eienskappe waarmee Nonnie haarself vereenselwig het en die konsep van volksmoeder, was in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu realiteite waarmee die vrou moes rekening hou en behoort in ag geneem te word.

---

[13] W. Postma, *Die Boervrouw: moeder van haar volk*, p.179.
[14] C. Landman, *The piety of Afrikaans women: diaries of guilt,* p.vii
[15] *Ibid.*

## 4 ***NONNIE DE LA REY AS VOLKSMOEDER***

Uit die ideaalbeeld van die Afrikanervrou het die begrip *volksmoeder* voortgespruit wat volgens Brink deur Afrikanermans geskep is om vroue in 'n onderdanige posisie, afhanklik van hul mans en ondersteunend van 'n Afrikanernasionalisme, te hou.[16] Die vrou waarna daar as volksmoeder verwys is, is met respek bejeën en het sosiale erkenning ontvang.[17] Stockenström en Postma het onder andere die eggenote van generaals De Wet, Joubert en De la Rey volksmoeders genoem.[18]

In 1915 is daar ook in die Kaapse koerant, *De Burger,* na Nonnie as volksmoeder verwys en dit is duidelik dat hierdie status haar die platform gegee het om die publieke sfeer te betree en toesprake by volksfeeste te maak.[19] Die historikus, Elizabeth van Heyningen, het onlangs opgemerk: "It could be argued that Boer women, rather than internalising the 'volksmoeder' concept, actively used it to claim their place as part of the political Afrikaner nation."[20]

Nonnie was soos ander eggenote van bekende volkshelde, byvoorbeeld Tibbie Steyn, Hendrina Joubert en Johanna Brandt, deur haar volksgenote gerespekteer vir wie se lewensmaat sy was. Bogenoemde vroue, Nonnie ingesluit, was egter ook in eie reg vroue wat die respek en bewondering van vele geniet het.

Benewens as eggenote van generaal J.H. de la Rey het Nonnie verdere bekendheid verwerf deur haar eie ervaringe as voortvlugende vrou tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog internasionaal te publiseer en het sy só bygedra tot die bewuswording van die vrou se geskiedenis in Suid-

---

[16] E. Brink, Man-made women: gender, class and the ideology of the Volksmoeder, *in* C. Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, pp.273-292.
[17] *Ibid.*, p.291.
[18] E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk,* p.216; W. Postma, *Die Boervrouw: moeder van haar volk*, pp.111, 150 en 164.
[19] *De Burger,* 1915-12-23, p.3.
[20] E. van Heyningen, The voices of women in the South African War, *South African Historical Journal* 41, November 1999, p.29.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Afrika. Haar vereenselwiging met die ideaalbeeld van die Afrikanervrou, het haar opvattings verteenwoordigend van die tipiese Afrikanervrou van haar tyd gemaak. Haar rol en invloed binne haar gemeenskap dui op die plek wat haar volksgenote aan haar as volksmoeder gegun het.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)


# BRONNE

## I. ARGIVALE BRONNE

(Ongepubliseerd, tensy anders vermeld)

### A. LICHTENBURG MUSEUM (LM)


07/801 K. Greeff, Stories uit die ou dae, November 1973.

07/801/3 Foto: Drie Greeff-susters.

07/1115 Mededeling van ds. J.C. de Vries, s.a.

07/1255 G.H. van Wyk, My verblyf van sewentig jaar in Lichtenburg, 23.03.1963.

07/1789 Gesinsregister: H.A. Greeff, ca.1884.

D131 R. Krige, Huis van genl. Koos de la Rey, Elandsfontein, s.a.

Notuleboek van die S.A.V.F. (Lichtenburgtak), 1906-1919.


### B. NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM, PRETORIA


A 3703 Foto: Potloodskets van Nonnie de la Rey deur Antoon von Welie, Londen, 06.11.1902.


### C. NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERKARGIEF, PRETORIA (NGKA)

**Gepubliseer:**


Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1895.


**Ongepubliseer:**


Zeerust, Huweliksregister, 1876-1889.


### D. NEDERDUITSCH HERVORMDE KERKARGIEF, PRETORIA (NHKA)

**Ongepubliseer:**


G1 3/2/3 Lidmaatregister, Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom.

G11 3/3/1 Huweliksregister, N.H. Kerk, Zeerust, 1876-1904.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)


# E. TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (TA)

## *REGERINGSDOKUMENTE VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK*

### LEYDS-ARGIEF

711(d) Oorlogstelegramme, 29.11.1899.

712 (d) Oorlogstelegramme, 05.12.1899 - 06.12.1899.

762 Telegramkopieboek, genl. J.H. de la Rey, Feb. - Mei 1900

### KOMMANDANT-GENERAAL (KG)

746 Inkomende telegramme 07.12.1899 - 08.12.1899.

## *AANWINSTE*

### A 313, GENL. J.H. DE LA REY-VERSAMELING

2. Oorlogskorrespondensie 10.12.1901 – 23.06.1902.

3. Oorlogskorrespondensie 24.10.1899 – 29.09.1902.

5. Oorlogskorrespondensie, -telegramme en –verklarings 19.09.1901 – 16.02.1904.

6. Oorlogstelegramme 25.10.1899 – 10.10.1900.

8. Briewekopieboek 27.11.1900 – 15.02.1901.

12. Briewekopieboek 26.05.1901 – 16.01.1902.

14. Persoonlike stukke van beide genl. en mev. De la Rey.

15. a. Persoonlike stukke van en in verband met genl. De la Rey.

    b. Persoonlike stukke van en in verband met mev. De la Rey.

16. Herinneringe van mev. De la Rey.

17. Herinneringe van genl. De la Rey.

18. (d) Stukke met betrekking tot die oorlye van mev. De la Rey.

19. (b) Telegramme en briewe in verband met die oorlye van genl. De la Rey.

20. Stukke met betrekking tot die oorlye van genl. De la Rey.

21. Telegramme van simpatie aan mev. De la Rey.

23. (a) Korrespondensie en ander versamelde dokumente van dr. J. Oosthuizen.

A 787, DR. G.S. PRELLER-VERSAMELING

62. Herinneringe van C.G.C. Rocher.

A 1173, A.W. DE WAAL-AANWINS

Dagboek van A.W. de Waal.

A 1449, DR. J. OOSTHUIZEN-AANWINS

2: Afskrif van die herinneringe van genl. De la Rey.

***BOEDELS***

0/3879, S.M. Greeff.

52084, J.E. de la Rey.

## F. TRANSVAALSE PROVINSIALE MUSEUMDIENS, PRETORIA (TPM)

M 482-13 Foto: De la Rey-gesin op hul plaas Elandsfontein.

M 482-19 Foto: De la Rey familiefoto, ca.1901.

M 482-20 Foto: Nonnie de la Rey.

M 548-27 Foto: Woning op Elandsfontein.

M 548-28 Foto: Die Greeff-gesin se woning op die plaas Doornfontein.

M 682-42 Foto: De la Rey's se dorpshuis, Lichtenburg.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)


**G. <u>WILTSHIRE AND SWINDON RECORD OFFICE, TROWBRIDGE, VERENIGDE KONINKRYK (WSRO)</u>**


1742 Scrapbook belonging to Field Marshal Lord Paul Sanford Methuen, III, 1902-1910.

1742/7 Bundle of correspondence between Lord Methuen and Lieutenant-General Forestier-Walker, November 1899 – January 1910.

1742/38 Typescript transcript of letters written by Lord Methuen to W.A. Sanford, 15.08.1900 - 22.02.1902


## II. REGERINGSPUBLIKASIES


Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in *The Cape Times* 20.11.1915 – 25.06.1923, Herdrukke no.3, Pretoria, 1968.

U.G. No.10 – '15, Rapport over het uitbreken der Rebellie en Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze. Pretoria, 1915.

U.G. No.46 – '16, Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de recente Rebellie in Zuid-Afrika. Pretoria, 1916.


## III. PERIODIEKE PUBLIKASIES


*De Burger*, 23.12.1915.

*Rand Daily Mail*, 17.12.1920.


## IV. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS


BOSMAN, A.D., Hendrik Adriaan Greeff I – XII. *Die Noordwester*, 15.04.1977 – 05.08.1977.

CLAASSEN, D., Genl. Koos de la Rey se kinders se klere uit Union Jack gemaak*. Vista* 2(13), 25.06.1966.

PLOEGER, J. Met genl. Cronjé aan die Wesfront. *Africana Aantekeninge en Nuus* 17(3), September 1966.

RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, Nasionale gedenkwaardighede van Wes-Transvaal (3). Elandsfontein (distrik Lichtenburg). *Museum Nuus* 2(2), Junie 1991.

SCHOEMAN, M., Oupa Greeff se jagtog 1868, *Die Noordwester*, 13.07.1973.

SCHUTTE, J., Die profeet, leeu en swart vyftien. *Overvaal museanuus* 18(2), Oktober 1992.

VAN DER WALT, S.J., 'n Monument vir haar vader, *Sarie Marais*, 13.06.1951.

VAN HEYNINGEN, E., The voices of women in the South African war, *South African Historical Journal* 41, November 1999.

## V. LITERATUUR

AMERY, L.S. (ed), *The Times history of the war in South Africa IV - VI.* London, 1906,1907,1909.

ARMSTRONG, H.C., *Grey Steel. J.C. Smuts, a study in arrogance.* London, 1941.

BARNARD-WEISS, M., *Die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: haar beeld en kerklike rol, 1940-1983.* Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif. Universiteit van Pretoria, 1999.

BLOM, I., HAGEMANN, K. and HALL, C. (eds), *Gendered nations: Nationalisms and gender order in the long nineteenth century*. Oxford, 2000.

BOSMAN, A.D., *Lichtenburg 1865-1985*. Lichtenburg, 1986.

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899 -1902 II*. Pretoria.1971.

COETZEE, J.C., *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*. Pretoria, 1941.

CUTHBERTSON,G. GRUNDLINGH, A. and SUTTIE, M. (eds), *Writing a wider war: rethinking gender, race and identity in the South African War, 1899-1902*. Cape Town. 2002

DE BEER, J., *Weerlig in die Weste. 'n Geskiedenis van Lichtenburg*. Johannesburg, 1973.

DELIUS, P., *The land belongs to us: the Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal.* Johannesburg, 1983.

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur VI*. Kaapstad, 1975.

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Mens en land. Die Afrikaner en sy kultuur I*. Kaapstad, 1974.

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Ons volksfeeste. Die Afrikaner en sy kultuur III*. Kaapstad, 1975.

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Spieëlbeeld oorlog 1899-1902. Die Afrikaner en sy kultuur II*. Kaapstad,1974.

LANDMAN, C., *The piety of Afrikaans women: diaries of guilt*. Pretoria, 1994.

LIEBENBERG, B.J. and SPIES, S.B. (eds), *South Africa in the 20th century.* Pretoria, 1993.

MARAIS, P., *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Pretoria, 1999.

MAY, H.J. en HAMILTON, I., *Die dood van generaal De la Rey*. Kaapstad, 1968.

MEINTJES, J., *De la Rey - Lion of the West*. Johannesburg, 1966.

MILLER, S.M., *Lord Methuen and the British army: failure and redemption in South Africa.* London, 1999.

MULLER, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria, 1987.

NICOLSON, N,, *Virginia Woolf.* London, 2000.

OOSTHUIZEN, J., *Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die Uitlanders*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1940.

OOSTHUIZEN, J.H., *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1949.

POSTMA, W., *Die Boervrouw: moeder van haar volk*. Bloemfontein, 1918.

PRETORIUS, F., *Die Anglo-Boereoorlog, 1899 - 1902*. Kaapstad, 1985.

PRETORIUS, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1991.

PRETORIUS, J.C. (red.), *Op trek - die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*. Pretoria, 1988.

RAATH, A.W.G., *Die Boerevrou, 1899-1902. Deel 1: moederleed.* Nylstroom, 2002.

RAATH, A.W.G., *Siener van Rensburg en die Rebellie*. Pretoria, 1994.

SCHOLTZ, L., *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*. Pretoria, 2003.

SMITH, S., *A poetics of women's autobiography: marginality and the fictions of self-representation.* Bloomington, 1987.

SMITH,S., *Subjectivity, identity and the body: women's autobiographical practices in the twentieth century.* Bloomington, 1993.

SPIES, F.J. du T., *Die Hertzogtoesprake, III.* Johannesburg, 1977.

SPIES, S.B., *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics. January 1900 - May 1902*. Kaapstad, 1977.

STEMMET, F.J., *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1973.

STOCKENSTRÖM, E., *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk.* s.l., s.a. [ca.1917].

STREUTKER, J., *Hendrina Susanna Johanna Joubert (1830-1916)*, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1991.

SWART, M.J., *Geloftedag*. Kaapstad, 1961.

TREW, P., *The Boer War generals*. Johannesburg, 1999.

VAN COLLER, H.P., *Generaal P.A. Cronjé. 'n Lewenskets.* Ongepubliseerde Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1945.

VAN JAARSVELD, F.A., VAN RENSBURG, A.P.J. en STALS, W.A. (reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling 1877-1884*. Pretoria, 1980.

VAN SCHOOR, M.C.E. (red.), *'n Bibliografie van die Anglo-Boereoorlog-1899-1902*. Bloemfontein, 1999.

VAN ZYL, P.H.S., *Die helde-album verhaal en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd.* Johannesburg, 1944.

WALKER, C. (ed). *Women and gender in Southern Africa to 1945*. Claremont, 1990.

## VI. LETTERKUNDIGE BRONNE

BADENHORST, A.M., *Tant' Alie of Transvaal. Her diary 1880 - 1902* (verhaal deur E. Hobhouse). London, 1923.

DE LA REY, H., *Die ware generaal Koos de la Rey* (samesteller L. Laubscher). Pretoria, 1998.

DE LA REY, J.E., *Mijne omswervingen en beproevingen gedurende den oorlog. Herinneringe van mevrouw de la Rey.* Amsterdam, s.a. [ca.1903].

DE LA REY, J.E., *A woman's wanderings and trials during the Anglo-Boer War.* London, 1903.

DU PREEZ, G., *Kommandant H.A. Greeff.* Lichtenburg, 1960.

FITZPATRICK, J.P., *South African Memories.* London, 1932.

HANCOCK, W.K. en VAN DER POEL, J. (eds), *Selections from the Smuts Papers. Vol III. June 1910 - November 1918*. Cambridge, 1966.

HOBHOUSE, E., *Boer War letters* (ed. R. van Reenen). Cape Town, 1999.

MACDONALD, J.R., *What I saw in South Africa, September and October, 1902*. London, s.a.

MEYER, J.H., *Kommando-jare. 'n Oudstryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog.* Kaapstad, 1971.

NAUDÉ, J.F., *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bokant" De Wet*. Rotterdam, 1903.

PAGET'S HORSE, *The Cossack Post - Journal of B Squadron, Paget's Horse, De la Rey's farm, Lichtenburg, Transvaal, February to May 1901.* London, 1901.

SMUTS, J.C., *Memoirs of the Boer War* (eds. S.B. Spies and G. Nattrass). Johannesburg, 1994.

WOOLF, V., *A room of one's own; Three guineas* (ed. M. Shiach). Oxford, 1992.

## VII. ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

WELTER, B., 'The cult of True Womanhood: 1820-1860', http:/www.pinzler.com/ushistory/cultwo.html,1966.

## VIII. PERSOONLIKE MEDEDELINGS

MONDELING:

FINLEY, mev. H., Mothwa Haven, Booysenstraat 353, Les Marais, 27.02.1992.

## IX. DIVERSE

ROWAN, Z., Pretoria, Foto's geneem deur J. Schutte, 12.03.1992:

Koos en Nonnie De la Rey se grafte, Lichtenburg.

Nonnie se grafsteen (inskripsie).

Nonnie se spider.

STASSEN, F.J.N., Protea Boekhuis, Pretoria:

Manuskrip, J.E. de la Rey, ca.1915.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



## OPSOMMING

---

Jacoba Elizabeth (Nonnie) de la Rey, née Greeff, (1856-1923) het in haar lewe nie net bekendheid verwerf omdat sy die eggenote van die gesiene generaal Koos de la Rey was nie, maar ook vir haar besondere deursettingsvermoë tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Vanaf Desember 1900 tot die einde van die oorlog in Mei 1902 het sy en haar kinders van plek tot plek geswerf. Na aanleiding van al haar ervaringe is Nonnie se herinneringskrif: ***Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*** in 1903 in Amsterdam gepubliseer. Kort daarna, steeds in 1903, is die Engelse weergawe, ***A woman's wanderings and trials during the Anglo-Boer war***, 'n vertaling deur Lucy Hotz, in Londen, uitgegee.

Alhoewel die agtien maande waartydens Nonnie rondgeswerf het seker die belangrikste fase in haar lewe was, het sy heelwat ander ervarings beleef wat sy in 'n ander ongepubliseerde herinneringskrif aangeteken het. Haar kinderjare en pionierslewe word goed gedokumenteer. Op agtienjarige ouderdom het Nonnie Jacobus Herculaas de la Rey ontmoet en op 24 Oktober 1876 het hulle in die huwelik getree en buite Lichtenburg gevestig.

Die tydperk van 1880 tot 1899 bestaan uit 'n kaleidoskoop van gebeurtenisse in Nonnie se lewe, byvoorbeeld die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880-1881), die verlies van beide Nonnie de la Rey se vader en moeder, asook die verhuising na hul plaas Elandsfontein.

In 1899 breek die Tweede Anglo-Boereoorlog uit. Die oorlogsjare kan in Nonnie se lewe in twee fases verdeel word, naamlik die fase waartydens sy in Lichtenburg woonagtig was (Oktober 1899 tot November 1900) en

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



daarna die fase wat gekenmerk word as haar swerwersjare (Desember 1900 tot Mei 1902).

Nonnie de la Rey se lewensjare van 1902 tot 1923 sluit in hul amptelike reis na Europa, die herstel van Elandsfontein, Uniewording (1910) en Koos de la Rey se politieke betrokkenheid, die Rebellie van 1914 en die dood van Koos de la Rey. Nonnie was tydens haar laaste jare betrokke by verskeie organisasies. Sy was 'n gesiene vrou in haar gemeenskap en is deur haar volksgenote as volksmoeder vereer. Sy sterf in 1923.

***Sleutelterme***

*Nonnie de la Rey, Jacoba Elizabeth de la Rey, Greeff, Koos de la Rey, Lichtenburg, pionier, Anglo-Boereoorlog, vlugtende vroue, Boerevrou, volksmoeder.*

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)




## SUMMARY

---

In her lifetime Jacoba Elizabeth (Nonnie) de la Rey, née Greeff (1856-1923) was widely known not only for being the wife of the eminent General Koos de la Rey, but also for her exceptional tenacity during the Second Anglo-Boer War (1899-1902). From December 1900 to the conclusion of the war in May 1902 she and her children lived a nomadic life. Nonnie's experiences were recorded in her memoirs, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den oorlog*, which were published in Amsterdam in 1903. Shortly thereafter – also in 1903 – the English edition, *A Woman's Wanderings and Trials During the Anglo-Boer War*, as translated by Lucy Hotz, was published in Londen.

The 18 months that Nonnie spent wandering through the country probably constitute the most important phase of her life, but she experienced a great deal more, which she recorded in another memoir. Her childhood and pioneer's life are well documented. At the age of eighteen Nonnie met Jacobus Herculaas de la Rey; they were married on 24 October 1876 and settled in the vicinity of Lichtenburg.

The period from 1880 to 1899 constitute a kaleidoscope of events in Nonnie's life, for example the First Anglo-Boer War (1880-1881), the loss of Nonnie's father and mother, and a move to the farm Elandsfontein.

The South African War broke out in 1899. Nonnie's life during the war years can be divided into two phases, namely the period when she lived in Lichtenburg (October 1899 to November 1900), and the period characterised as her wandering years (December 1900 to May 1902).

Events in Nonnie de la Rey's life from 1902 to 1923 include their official visit to Europe, the restoration of Elandsfontein, Union (1910) and Koos de la

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



Rey's political involvement, the Rebellion of 1914 and the death of Koos de la Rey. In her final years Nonnie was involved with various organisations. She was an eminent presence in her community, being revered as a *"volksmoeder"* by her compatriots. She died in 1923.

***Key terms***

*Nonnie de la Rey, Jacoba Elizabeth de la Rey, Greeff, Koos de la Rey, Lichtenburg, pioneer, South African War, women refugees, Boer woman, "volksmoeder".*

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**BYLAE 1:** Kwartierstaat van J.E. de la Rey.

(Met vergunning van L.J. Eksteen)

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)

**KWARTIERSTAAT VAN**
**JACOBA ELIZABETH GREEFF.**
**(NONNIE DE LA REY)**

GREEFF, Hendrik Adriaan
* 29.1.1828 (Lichtenburg,
dist. Durbanville KP)
+ 3.4.1884 (Volksrust)
(Herbegrawe 29.4.1944 te
Manana, dist. Lichtenburg)
x 16.7.1855

GREEFF, Jacoba Elizabeth
* 28.5.1856 (Tulbagh)
+ 11.8.1923
x 24.10.1876

DE LA REY, Jacobus Herculaas

* 22.10.1847 (Doornspruit, wyk
Witteberg, dist. Winburg)
= 22.3.1848 (Winburg)
+ 15.9.1914

|

DE LA REY, Adrianus Johannes
Gysbertus
* 25.12.1812
+ 6.12.1891
x 20.5.1838
VAN ROOYEN, Adriana Wilhelmina
* 12.4.1818

|

DE LA REY, Pieter
* 1766 (Nederland)
x 10.2.1799
NEL, Hester
= 5.5.1782

REDELINGHUYS, Susanna Maria
* 6.1.1839 (Malmesbury KP)
+ 21.1.1888 (Aan masels
Manana, dist. Lichtenburg)

* GEBORE
= GEDOOP
x GETROUD
+ OORLEDE

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)

GREEFF, Matthys Hendrik
(f6,e1,d4,c1,b2,A)
= 12.5.1799
x 11.3.1827

GREEFF, Hendrik
= 20.7.1766
x 19.4.1789

GREEFF Susanna Maria (d5)
= 25.10.1772

DE VILLIERS, Rachel Aletta
Jacoba (f4,e2,d2,c3,b1,A)
* 12.6.1808

DE VILLIERS, Abraham Izaak
= 3.1.1799

DE VILLIERS, Margaretha
Elisabeth (d3)
= 27.2.1780

REDELINGHUYS, Johannes
Hermanus
= 2.6.1793 (Drakenstein)

REDELINGHUYS, Johannes
Hermanus (d3,c1,b8,A)
* Riebeeckkasteel KP
= 25.1.1818
+ 24.3.1874
(Lichtenburg, dist. Marico)
xx HOFFMAN, Johanna Maria
Margaretha


SMIT, Anna Catharina (d8)
= 9.11.1794

GROBLER, Cornelis
* 1774
= 17.9.1774 (Drakenstein)
+ 23.6.1864 (Tulbagh)
x 3.4.1808 (Stellenbosch)
DE WAAL, Catharina Maria
xx 2.3.1817

GROBLER, Jacoba Elizabeth
(d2,c5,b11,A)
* 3.4.1820
= 6.5.1820 (Swartland)

LAUBSER, Susara (Susanna)
Maria (f1)
* 1793
= 3.5.1801 (Kaapstad)
+ 20.8.1840 (Riebeeckkasteel)

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



GREEFF, Hendrik
= 9.9.1742
+ 23.2.1808
x 22.9.1765
LATEGAAN, Beatrix
= 10.12.1747
+ 20.5.1809 (Paarl)

GREEFF, Matthys
* 3.9.1730
x 27.10.1765
CARSTENS, Anna Elisabeth (c2)
= 23.2.1749

DE VILLIERS, Petrus Johannes
= 15.5.1757
+1791 (Boer, Saxenburg, Stellenbosch)
x 12.1.1775
DE VILLIERS, Rachel (c12)
=28.10.1759 (20.8.1756)
+ 1798

DE VILLIERS, Abraham
= 8.12.1743
+ omstr. 1814 (Boer, Nattevlei)
x 10.10.1772
GREEFF, Susanna Maria
xx 4.12.1774
HUGO, Anna Aletta (d3)
= 7.8.1757 (Tulbagh)

+ na 1825

REDELINGHUYS, Jacobus
= 2.12.1770 (Burger Stellenbosch)
x 25.4.1792
ROODEWALD, Debora Helena
= 19.2.1769

SMIT, Jacobus Hendrik
= 6.4.1760
x 11.4.1784
LOUW, Margaretha Wilhelmina (d4)
= 20.7.1766

GROBLER, Cornelis
= 31.3.1736 (Drakenstein)
x 15.8.1762
VOLSCHENK, Magdalena Elisabeth (b6)
= 2.8.1744
+ 1813

LAUBSER, Jacobus Albertus
= omstr. 1780
(Burger Stellenbosch)
x 18.5.1800
DE VLAMINGH, Jacoba Elisabeth (d1)
= 22.9.1782

GREEFF, Matthys
= 22.11.1711
x 30.9.1736
VAN DEN HEEVER, Susanna (b1)

LATEGAAN, Jan Herman (Johann Hermaun) van Billemerick in Wesfale.
Aank. 1735
x 15.7.1742
OLIVIER, Beatrice (c11)

GREEFF, Hendrik (b8)
x 8.10.1719
VAN DER HOEVEN, Susanna
+ 15.7.1772

CARSTENS, Louis (b5)
= 18.10.1722 (burger, Drakenstein)
x 28.7.1743
KRIEL, Elisabeth (b4)
= 4.8.1726

DE VILLIERS, Jan (c3)
= 25.2.1729
+ 25.7.1761
x 11.11.1753
HUGO, Anna Aletta (c3)
= 20.2.1735
+ 25.7.1761 (Egpaar vermoor op Vredenburg Vlottenburg deur 'n slaaf)

DE VILLIERS, Abraham (b8)
= 2.10.1707
+ 5.6.1763
x 29.5.1735 (JOUBERT, Susanna)
xx 31.11.1737
LOMBARD, Johanna
= 2.2.1721

HUGO, Pieter (c1)
= 15.5.1759
+ 1784
x 27.2.1752 (Tulbagh)
VAN DER MERWE, Aletta (d1)
= 20.7.1732
+ 23.3.1767 (Tulbagh)

REDELINGHUYS, Johannes Hermanus
Aank. 1742. Jagter. Burger 1749, bode v.d. Weeskamer.
x 19.10.1755
DE VRIES, Johanna Hermina
= 24.7.1735

GREEFF, Matthys
= 25.5.1687
x 7.12.1710
COETSEE, Sara
= 28.10.1694 xx J.J. ROOS

VAN DEN HEEVER, Pieter
(Peter Petersen van Husum, Holstein)
+ 1767
x 23.6.1726
BOCKELBERG, Johanna

OLIVIER, Jan
= 7.11.1683
x 18.4.1717
BURGER, Helena (b3)
= 8.7.1701

CARSTENS, Johannes Herman
(van Hussum, Sleeswyk)
* 1674 + 1727
x 2.3.1719
VAN AS, Catharina (c2)

KRIEL, Hermanus (van Hanau)
* 1694 (Aank. 1719, soldaat, later bakker)
= 1739
x 22.3.1722 (STEYN, Maria)
xx 29.4.1725
MALAN, Elisabeth Anna (b2)

DE VILLIERS, Pierre
= 26.12.1695
+ 22.4.1765
x omstr. 1724
ROUX, Hester (b7)
(wed. van MYLIUS, Johann Heinrich)
* omstr. 1700
+ voor 22.7.1754

DE VILLIERS, Jacques (Jacob)
* 1661 + 1735 (Bosch en Dal)
GARDIOL, Marquerite
* 1668 + 1749 (Bakoven)

HUGO, Pierre (Pieter) (b3)
= 15.6.1710
+ 4.3.1752
x 16.5.1728 (Paarl)
RETIEF, Anna
= 30.1.1763

VAN DER MERWE, Pieter (c10)
* 7.6.1709
x 12.8.1731
VAN RENSBURG, Elsie (b2)
= 1712

DE VRIES, Izaak
= 12.3.1711
x 3.8.1732
BOSMAN, Susanna
= 17.1.1712

VAN BILLION, Bernardus
(van Overijs in Brabant)
WALTERS, Maria

ROODEWALD, Johannes Thomas
(van Kopenhagen, burger Drakenstein)
x 12.10.1766

VAN BILLION, Regina Barbara
(Wed. VAN WOLFAARD, Sebastiaan)
= 21.8.1729

SMIT, Alewyn (b4)
= 28.9.1695
x 25.12.1718 (BEKKER, Hester)
xx 10.10.1756

VAN NIEKERK, Engela Helena (c5)
= 26.1.1738

LOUW, Jacobus Gideon (c2)
=14.1.1731
x 5.11.1758
WIESE, Hester (c1)
= 10.12.1741

GROBLER (GROBBELAAR), Johan
* Tangermüde, Duitsland, 10.10.1678
Aank. ca.1708, vryburger 1715
KNOETZEN, Geerttruyd (b3)
= 11.7.1706

VOLSCHENK, Evert Jansen
(van Frerikshald, Noorweë)
x 29.6.1732
VAN GRAAN, Sara (b2)
= 9.6.1709

LAUBSER, Johannes Albertus (d3)
= 29.1.1747 (Burger Stellenbosch)
x 12.4.1778
BASSON, Catharina Wilhelmina (d7)
= 17.4.1740

DE VLAMINGH, Izaak (c2)
= 17.9.1758
x 12.8.1781
DREYER, Susanna Maria (c2)
= 27.6.1756

SMIT, Jan
(van Maastricht in Nederland,
burger Stellenbosch)

TOL, Adriana
(van Delft in Nederland)

VAN NIEKERK, Johannes (b3)
= 15.9.1697
x 21.12.1727
PLOOY, Engela

LOUW, Jacobus (b5)
= 21.1.1680
x 4.10.1727
VAN ZYL, Wilhelmina
(van Haarlem, wed. van DURAND, Jan)

WIESE, Pieter
= 6.3.1718
x 23.10.1740
SWART, Margaretha (c2)
* 10.12.1723

KNOETZEN, Cornelis (van Fuhnen)
HELMES, Dirkje

VAN GRAAN, Otto Ernst
* ca.1651
\+ na 1752 (het oor 100 jaar oud geword)
x 31.8.1704
REBEKKA

LAUBSER, Nicolaas (c1)
= 9.12.1715
x 9.11.1742
LOMBARD, Elisabeth (c4)
=5.12.1725

BASSON, Matthys Michiel
= 18.4.1700 (burger Drakenstein)
x 2.1.1729
MYBURGH, Martha (c1)

DE VLAMINGH, Tobias Jan (b1)
= 10.8.1732 (Assistant HOIK)
x 18.7.1756
VAN ES, Elisabeth
= 6.9.1733

DREYER, Johannes Augustus
x 10.2.1754
GREEFF, Jacoba (c8)
= 24.7.1735

GREEFF, Matthias (van Maagdeburg)
(Smid aan die Kaap gewees)
+ 1712
x 12.11.1684
CLAASEN, Susanna

COETSEE, Dirk
* 1655 (van Kampen)
Aank. 1679, 1687 Heemraad en 1707 Kaptein
van die Stellenbosche infanterie.
x VAN DER SCHULP, Sara (van Amsterdam)

BOCKELBERG, Johann

OLIVIER, Hendrik Corneliszoon
(van Ouwerkerk in Ned.)
+ 1701
x 30.5.1677
VERWEY, Beatrix Gysberta (van Woerden, Ned.)

BURGER, Barend (BURCHERDT, Berndt)
(van Lübeck) burger 1691
+ 1705 x ca. 1690
VAN DER MERWE, Maria/ Marietjie
= 29.12.1675

VAN AS, Johannes (van Harlingen in Friesland) Aank. 1671

MALAN, Jaques. Aank. 1668 + ca. 1742
x 1699
LE LONG, Elisabeth

DE VILLIERS, Pierre * 1657
+ Picardi - La Brie, Paarl 22.1.1720
TAILLEFER, Maria Elisabeth
* Picardi - La Brie, 1674 + 1735
ROUX, Paul (van Oranje Frankryk)
Aank. 1688 + 7.2.1733 Drakenstein
x ca. 1688
SEUGNET, Claudine (van Saintogne)

HUGO, Daniel * ca. 1665 + 1725
Champagne, Frankryk x ca. 1705
RETIEF, Anne

RETIEF, Francois (van Mer by Blois)
* 2.2.1663, Aank. 1688, + 24.9.1721
x 2.5.1700
MOUY, Maria * 15.5.1685 + 21.9.1758

VAN DER MERWE, Schalk (b2) = 13.8.1673
x Junie 1680
PROVO (PREVOT), Anna

JANSE VAN RENSBURG, Nicolaas (van Rynsburg by
Leiden) x 14.8.1708
VAN DER MERWE, Aletta (Wed. van M. van Staden)

DE VRIES, Hendrik Abraham (van Amsterdam)
ZAAIMAN, Maria

BOSMAN, Hermanus, * 19.4.1682 Amsterdam
DE VILLIERS, Elisabeth

VAN NIEUKERK, Cornelis Gerritsz, x 1.4.1691
VAN DER WESTHUYZEN, Maria

LOUW, Jan Pitersz, * 1628 (van Caspeltermaere)
x 23.8.1661
WEYMAN, Beatrice (van Utrecht) * ca.1639

WIESE, Benjamin (van Amsterdam) x 18.2.1714
MOSTERT, Hester (b8) (wed. van Izaak KAF)
= 8.10.1690

SWART, Pieter (b3) * Nederland, + voor 22.8.1756
x 15.6.1721
DU BUIS, Sara = Simondium Kerk 1701

MOSES van Makassar

LAUBSER, Jan Albert
= 29.9.1686 , x 18.11.1714
PASMAN, Sibella

LOMBARD, Antonie (b3) * 1693, x 7.2.1717
SNYMAN, Johanna

BASSON, Willem (b1) = 31.8.1670
+ 30.1.1713
x 18.3.1691
CLEMENTS, Helena


MYBURGH, Albert
VAN DER MERWE, Elsie (b11)

DE VLAMINGH, Dignus (van Delft) Opperstuurman
x 21.10.1731
VERBEEK, Martha

VAN ES, Isaac (van Utrecht) x 10.8.1721
MYBURGH, Barbara (b6)

DREYER, Johannes Augustus * 1.1.1668 (van
Gruben Holstein) Aank.1713 + 6.4.1759
x 31.1.1716
VAN WYK, Sara (b4) = 29.11.1699

GREEFF, Hendrik (b8) x 8.10.1719
VAN DER HOEVEN, Susanna





**FIGUUR 1:** Die gesinsregister van H.A. Greeff.
Lichtenburg Museum (hierna LM), 07/1789.



**FIGUUR 2:** Familiefoto van die Greeff-gesin, ca. 1875. Nonnie sit langs haar moeder Suzanna Maria.

Uit: A.D. Bosman, *Lichtenburg1865-1985* (Lichtenburg, 1986), p.3.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**FIGUUR 3:** Die Greeff-gesin se woning op die plaas Doornfontein, datum onbekend.

Transvaalse Provinsiale Museumdiens, Pretoria (hierna TPM), M 548-28.




**FIGUUR 4:** Nonnie (voor regs) saam met haar twee susters, Hannie (voor links) en Lenie (staande), ca. 1875.

LM, 07/801/3.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**FIGUUR 5:** Die De la Rey-gesin se huis op hul plaas Elandsfontein, voor die Anglo-Boereoorlog, datum onbekend.
TPM, M 482-13.



**FIGUUR 6:** Dieselfde woning op Elandsfontein, etlike jare na die Anglo-Boereoorlog, datum onbekend.
TPM, M 548-27.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**FIGUUR 7:** Nonnie de la Rey, ca. 1890.

TPA, M 482-20.


University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)




**FIGUUR 8:** Die De la Rey's se dorpshuis in Lichtenburg (gebou in 1888), s.a.

TPM, M 682-42.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**FIGUUR 9:** Die spider waarmee Nonnie vanaf Desember 1900 rondgeswerf het. Nou deel van die versameling van die Lichtenburg Museum.

Foto: J. Schutte, 12.03.1992.



**FIGUUR 10:** Die tent waarin Nonnie en haar kinders tydens hul swerwersbestaan geslaap het.

Uit: J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen* (Amsterdam, 1902), teenoor p.46.



**FIGUUR 11:** Nonnie voor haar wa, ca. 1901.

Uit: J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen* (Amsterdam, 1902), teenoor p.28.



**FIGUUR 12:** Nonnie se drie jongste kinders van links na regs: Magdalena Maria Magrieta, Gabriel Johannes en Hester Gertina, ca. 1901.

Uit: J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen* (Amsterdam, 1902), teenoor p.102.




**FIGUUR 13:** Generaal De la Rey op besoek aan sy rondswerwende gesin in die guerrillafase van die Anglo-Boereoorlog, ca. 1901.
Uit: J.E. Naudé, *Vechten en Vluchten* (Rotterdam, 1902), p.295.



**FIGUUR 14:** Generaal De la Rey met sy rondswerwende gesin voor hul wa, ca. 1902.
Uit: J.E. Naudé, *Vechten en Vluchten* (Rotterdam, 1902), p.319.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



THE COSSACK POST



JOURNAL

OF

B Squadron, Paget's Horse,

DE LA REY'S FARM,

LICHTENBERG, TRANSVAAL,

*February to May*, 1901.

JUNIOR ARMY AND NAVY STORES, LIMITED,

York House, Regent Street, London, S.W.

1901.

**FIGUUR 15:** Faksimilee van die titelblad van *The Cossack Post*, met 'n duidelike pentekening van die woning en buitegeboue op Elandsfontein. Uit: Paget's Horse, *The Cossack Post* (London, 1901), titelblad.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)




**FIGUUR 16:** Lord Methuen se skimmel wat langs hom doodgeskiet is tydens die slag van Tweebosch, 07.03.1902.

Uit: J.E. Naudé, *Vechten en Vluchten* (Rotterdam, 1902), p.331.

University of Pretoria etd – Rowan, Z (2003)



**FIGUUR 17:** Koos en Nonnie de la Rey met nege van hulle kinders, hul skoonseun, J. Brugman en kleinkind, Jacobus, ca. 1902.
TPM, M 482-19.




**FIGUUR 18:** Potloodskets van Nonnie deur Antoon von Welie, Londen, 6.11.1902.

Nasionale Kultuurhistoriese Museum, A 3703.



**FIGUUR 19:** Nonnie as erevoorsitster van die Vroue-Helpmekaar, Lichtenburg, ca. 1918.

Uit: *Helpmekaar Gedenkboek* (Kaapstad, 1918), p.130.



**FIGUUR 20:** Die grafte van Koos en Nonnie de la Rey in die Lichtenburgse begrafplaas.

Foto: J. Schutte, 12.03.1992.




**FIGUUR 21:** Inskripsie op Nonnie se grafsteen. (Let wel: Haar geboortejaar word foutiewelik as 1855 i.p.v. 1856 aangegee).

Foto: J. Schutte, 12.03.1992.